# DIE STRUKTUUR EN FUNKSIONERING VAN VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRADE IN SEKONDÊRE SKOLE

**JURGENS JOHANNES KOK**

**H.O.D., B.A., B.Ed.**

Verhandeling voorgelê

vir die graad

Magister Educationis in Onderwysbestuur

**in die**

**Fakulteit Opvoedkunde**

**van die**

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT**

**vir Christelike Hoër Onderwys**

Studieleier: Prof. P.C. van der Westhuizen

Potchefstroom

Mei 1997

# DANKBETUIGINGS

Hierdie werk was die resultaat van idees, voorstelle en aanbevelinge van verskeie individue en instellings, aan wie ek baie dank verskuldig is. Graag betuig ek my opregte dank en waardering aan die volgende persone.

- Prof. P.C. van der Westhuizen my studieleier, wat my op 'n bekwame en empatiese wyse gelei en geïnspireer het, om hierdie doelwit te kan bereik. U inspirerende onderskraging was die dryfveer om sukses te behaal.
- Prof. M.C.A. Seyffert vir die bekwame wyse waarop hy die taalkundige versorging van hierdie verhandeling behartig het.
- Mev. Clarina Williams van die Ferdinand Postma-biblioteek vir haar hulp ten opsigte van die literatuursoektogte en boekbesprekings.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die finansiële hulp wat aan my verleen is.
- My ouers, Jurie en Joey Kok vir hulle bemoediging en belangstelling tydens my studies.
- My skoonouers, Dirk en Bettie Kapp vir hulle hulp en onderskraging om te alle tye na die hoogste te streef.
- Mej. Evelyn van der Vyver vir haar onophoudelike bemoediging en voorbidding.
- My swaer, Johan Kapp, vir sy onbaatsugtige hulp.
- My eggenote en kameraad, Ina, vir haar aansporing wanneer ek wou moed opgee, haar geloof in my wil en haar geduld wanneer ek ongeduldig met haar en die kinders was.

- My kinders, Jacques en Marike, wat vele moes verduur wanneer pappa ongeduldig was.
- My dank aan my Hemelse Vader: Here ek het U gevra vir wysheid en insig om hierdie doelwit te kan behaal. Ek het U gevra vir deursettingsvermoë, en U het my gebede beantwoord. Nou roem ek in U Here, want U het my in staat gestel om hiedie doelwit te bereik.

# OPSOMMING

Verteenwoordigende leerlingrade, leerlingdeelname, deelnemende bestuur, leerlingbemagtiging, demokratiese deelname, leerlinginspraak en leerlingleierskap.

Die demokratiese verkiesing van 1994 was die begin van 'n nuwe onderwysbedeling in die RSA. Hierdie gebeure het onder andere aanleiding gegee tot die publisasie van die Suid-Afrikaanse Onderwyswet op 15 November 1996, wat daarop gerig is om die regte van leerders te handhaaf en hul verantwoordelikheid ten opsigte van die organisasie, beheer en finansiering van skole te bevorder. Om dit te bereik, is bepaal dat 'n verteenwoordigende raad van leerders in sekondêre skole daargestel moet word.

Die doel van hierdie navorsing was om die aard van leerlingverteenwoordiging in die skool te bepaal en om 'n oorsig van praktyke van leerlingverteenwoordiging in enkele ander lande te gee. Na aanleiding hiervan is daar daadwerklik gepoog om riglyne vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade (VLR) in sekondêre skole te stel.

Die funksie van die VLR as verteenwoordiger van die belange en behoeftes van leerlinge in die skoolgebeure is bespreek by wyse van 'n literatuurstudie deur aspekte soos demokratiese deelname, demokratiese beginsels vir deelname deur leerlinge, minimum standaarde vir leerlingdeelname, die voor- en nadele van leerlingdeelname en praktyke van leerlingverteenwoordiging in die RSA, Europa, New Zealand en die VSA te beklemtoon.

Die gevestigde stelsel van leerlingrade in sekondêre skole is in oënskou geneem en daar is bevind dat die leerlingraadstelsel 'n transformasie moet ondergaan, omrede dit nie voldoen het aan die riglyne wat daar gestel was vir die verteenwoordigende leerlingraad nie.

Sekere leemtes met betrekking tot die verteenwoordigende leerlingraad, wat uit die literatuurstudie na vore getree het, is aangespreek deur onderhoude met verskeie individue te voer.

Na aanleiding van die voorafgaande kriteria is riglyne gestel en bevindinge gemaak vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade.

# SUMMARY

Student representative council, student participation, participative management, student empowerment, democratic participation and student leadership.

The democratic election in 1994 was the beginning of a new education dispensation in South Africa. These events led to the publishing of the South African Education Act on the 15th of November 1996, that is inter alia directed on vindicating the rights of learners and to promote their acceptance of responsibility for the organisation, governance and financing of their schools. To achieve this, it is stipulated that a Representative Council of learners was to be established in secondary schools.

The aim of the reseach was to assess the nature of student participation in schools, and to give a review of the practices of student participation in a few countries. In reference of the preceding aims, an effort was made to establish guidelines for the structure and functioning of Student Representative Councils (SRC's) in secondary schools.

The function of the SRC as representative of the interests and needs of students in the ordinary school events, was described by focusing on subjects such as democratic participation, democratic principals for student participation, advantages and disadvantages of student participation, minimum standards for student participation and practices of student participation in South Africa, Europe, New Zealand and the USA, by way of a literary study.

The well established prefect system in secondary schools was reviewed and it was found, that the prefect system needed to transform because it did not comply, to the guidelines laid down by SRC's.

Certain lacuna's regarding Student Representative Councils that became evident from the literary study, was adressed by means of interviews that were conducted with a few individuals.

In reference to the preceding, guidelines were established and findings were made for the structure and functioning of Student Representative Councils.

# INHOUDSOPGAWE

**DANKBETUIGINGS** .......... ii

**OPSOMMING** .......... iv

**SUMMARY** .......... vi

**LYS VAN FIGURE EN TABELLE** .......... xvi

**HOOFSTUK 1** .......... 1

ORIËNTERING .......... 1

1.1 Inleiding .......... 1

1.2 Probleemstelling .......... 1

1.3 Probleemvrae .......... 4

1.4 Navorsingsdoel .......... 5

1.5 Navorsingsmetode .......... 5

1.5.1 Literatuurstudie .......... 5

1.5.2 Onderhoude .......... 6

1.5.2.1 Onderhoudskedule .......... 6

1.5.2.2 Persone/instansies .......... 6

1.6 Hoofstukindeling .......... 7

1.7 Begripsomskrywing .......... 7

1.7.1 Student Representative Council (SRC) .......... 7

1.7.2 Verteenwoordigende leerlingraad (VLR) .......... 7

1.7.3 Leerlingraad....8
1.8 Samevatting en vooruitskouing....8

**HOOFSTUK 2** ....9

DIE AARD VAN LEERLINGVERTEENWOORDIGING IN DIE SKOOL ....9

2.1 Inleiding....9
2.2 Leerlingdeelname as demokratiese beginsel....10
2.2.1 Waarom die behoefte bestaan vir deelname en deelnemende strukture10
2.2.2 Demokratiese deelname ....12
2.2.3 Demokrasie en die bemagtigingsfaktor....19
2.2.4 Inspraak, vryheid en vennootskap as beginsels van demokratiese deelname ....23
2.3 'n Struktuur vir leerlingdeelname in die skool ....26
2.4 Beplanningsaktiwiteite vir leerlingdeelname by die skool....33
2.4.1 Fase 1: Bou van 'n verhouding ....34
2.4.2 Fase 2: Diagnosering van die probleem....35
2.4.3 Fase 3: Verkryging van relevante informasie....35
2.4.4 Fase 4: Keuse van 'n oplossing....36
2.4.5 Fase 5: Aanvaarding....36
2.4.6 Fase 6: Stabilisering van verandering....36
2.5 Beplanningsinisiatiewe en -doelstellings vir leerling-deelname....38
2.6 Bestuurstake van die verteenwoordigende leerlingraad....41
2.7 Minimum standaarde vir leerlingdeelname ....42
2.8 Regsposisie van die leerling as deelnemende bestuurslid....46
2.9 Voordele van deelnemende bestuur deur leerlinge....47

2.10 Nadele van deelnemende bestuur deur leerlinge ....................................51

2.11 Samevatting ....................................54

**HOOFSTUK 3 ....................................55**

'N OORSIG OOR PRAKTYKE VAN LEERLINGVERTEENWOORDIGING IN ENKELE ONDERWYSSTELSELS ....................................55

3.1 Inleiding ....................................55

3.2 Probleme met die ondersoek ....................................56

3.3 Praktyke van leerlingverteenwoordiging in die RSA ....................................58

3.3.1 Struktuur van die onderwysstelsel van die RSA ....................................59

3.3.2 Struktuur en funksionering van die leerlingraadstelsel ....................................60

3.3.2.1. Doelstellings van die skool met leerlingrade ....................................61

3.3.2.2 Doel en funksie van leerlingrade ....................................61

3.3.2.3 Funksionering van die leerlingraad ....................................62

3.3.2.4 Verkiesingsprosedures van die leerlingraad ....................................63

3.3.2.5 Grondwet van die leerlingraad ....................................64

3.3.2.6 Organisasiestruktuur van die leerlingraad ....................................65

3.3.3 Die ontstaan van verteenwoordigende leerlingrade in die RSA ....................................67

3.3.4 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingrade in 'n pre-demokratiese Suid-Afrika ....................................68

3.3.5 Funksies van verteenwoordigende leerlingrade in 'n pre- demokratiese Suid-Afrika ....................................69

3.3.6 Beginsels vir die funksionering van 'n VLR ....................................72

3.3.7 Samestellingstruktuur van verteenwoordigende leerlingrade in 'n predemokratiese Suid-Afrika ....................................74

3.3.8 Statutêre voorskrifte vir die opstel van 'n konstitusie van die VLR ... 77

3.3.9 Statutêre voorskrifte vir verteenwoordigende leerlingrade in die RSA86

3.3.10 Gedragskode vir die leerlinge en die VLR ... 88

3.3.11 'n Vergelyking tussen die leerlingraad en die VLR ... 93

3.4 Praktyke van leerlingverteenwoordiging in Europa ... 97

3.4.1 België ... 97

3.4.1.1 Struktuur van die onderwystelsel van België ... 97

3.4.1.2 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging ... 98

3.4.1.3 Verteenwoordiging van leerlinge op deelnemende rade ... 98

3.4.1.4 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging ... 99

3.4.2 Duitsland ... 99

3.4.2.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Duitsland ... 99

3.4.2.2 Verteenwoordiging van leerlinge op deelnemende rade ... 100

3.4.2.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging ... 101

3.4.3 Engeland ... 102

3.4.3.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Engeland ... 102

3.4.3.2 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingrade in Engeland .. 103

3.4.3.3 Verteenwoordiging van leerlinge op verteenwoordigende leerlingrade ... 104

3.4.4 Italië ... 106

3.4.4.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Italië ... 106

3.4.4.2 Verteenwoordiging van leerlinge op saamgestelde, interklas, skool- en deelnemende rade ... 107

3.4.4.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging ... 108

3.5 Praktyke van leerlingverteenwoordiging in Nieu-Seeland ... 109

3.5.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Nieu-Seeland ... 109

3.5.2 Verteenwoordiging van leerlinge op die beheerliggaam .......... 109
3.5.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging .......... 110
3.6 Praktyke van leerlingverteenwoordiging in die VSA .......... 111
3.6.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Amerika .......... 111
3.6.2 Leerlingverteenwoordiging in enkele state van Amerika .......... 111
3.6.3 Connecticut .......... 111
3.6.3.1 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging .......... 111
3.6.3.2 Verteenwoordiging van leerlinge op beheerrade .......... 111
3.6.4 Florida .......... 112
3.6.4.1 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging .......... 112
3.6.4.2 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingleierstrukture .......... 113
3.6.4.3 Verteenwoordiging van leerlinge op leierskapsrade .......... 113
3.6.5 Illinois .......... 113
3.6.5.1 Funksionering van verteenwoordigende leerlingleierstrukture .......... 113
3.6.6 Kalifornië .......... 114
3.6.6.1 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingleierstrukture .......... 114
3.6.6.2 Verteenwoordiging van leerlinge op skoolrade .......... 115
3.6.6.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging .......... 115
3.6.7 Suid-Dakota .......... 116
3.6.7.1 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging .......... 116
3.6.7.2 Verteenwoordiging van leerlinge op verteenwoordigende leerlingrade .......... 117
3.7 Vergelyking van praktyke van leerlingverteen-woordiging in die RSA, België, Duitsland, Engeland, Italië, Nieu-Seeland en die VSA .......... 118
3.7.1 Stuktuur van verteenwoordigende leerlingrade .......... 118
3.7.1.1 Ontstaan van leerlingverteenwoordiging in die bestuur van skole 118

3.7.1.2 Samestellingstruktuur van verteenwoordigende leerlingrade ........120

3.8 Samevatting ........123

**HOOFSTUK 4 ........124**

ONDERHOUDE ........124

4.1 Inleiding ........124

4.2 Onderhoude ........124

4.2.1 Gauteng Onderwysdepartement ........125

4.2.2 Onderhoud met Provinsiale Sekretaris van PASO in Gauteng Provinsie 133

4.2.3 Onderhoud met Voorsitter van COSAS in Gauteng Provinsie ........142

4.2.4 Federasie van Suid-Afrikaanse Skole ........142

4.3 Perspektief ........143

4.4 Samevatting ........146

**HOOFSTUK 5 ........147**

RIGLYNE VIR DIE STRUKTUUR EN FUNKSIONERING VAN VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRADE ........147

5.1 Inleiding ........147

5.2 Riglyne vir die struktuur van 'n VLR ........148

5.2.1 Riglyn 1: Skep van 'n organisasiestruktuur ........149

5.2.2 Riglyn 2: Eweredige verteenwoordiging van alle groepe in die leerlingpopulasie ........150

5.2.3 Riglyn 3: Toewysing van bestuursposisisies (rolle) tot die beherende struktuur van die VLR ........150

5.2.4 Riglyn 4: Die VLR is georiënteerd tot doelstellings ........................ 152

5.2.5 Riglyn 5: Onafhanklike leerlingorganisasie .................................... 153

5.3 Riglyne vir die funksionering van 'n VLR ............................................ 154

5.3.1 Riglyn 1: Die VLR is 'n demokratiese leerlingorganisasie ............. 154

5.3.2 Riglyn 2: Die doelstellings van die VLR rig die funksies ............... 155

5.3.3 Riglyn 3: Demokratiese verkiesing van verteenwoordigers op die VLR ................................................................................ 157

5.3.4 Riglyn 4: Die VLR funksioneer volgens 'n grondwet (konstitusie) 158

5.3.5 Riglyn 5: Die VLR funksioneer interafhanklik met sy bestuurstake 159

5.3.6 Riglyn 6: Die VLR moet 'n gedragskode besit ............................... 159

5.4 Samevatting ........................................................................................ 159

**HOOFSTUK 6 ........................................................................................ 160**

SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS .............................................. 160

6.1 Inleiding ............................................................................................... 160

6.2 Samevatting ......................................................................................... 160

6.3 Bevindings ........................................................................................... 162

6.3.1 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 1 ............................ 162

6.3.2 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 2 ............................ 163

6.3.3 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 3 ............................ 165

6.3.4 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 4 ............................ 166

6.4 Aanbevelings ....................................................................................... 167

6.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die ondersoek .................................. 167

6.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing ................................................ 171

6.5 Ten slotte ............................................................................................. 172

**BRONNELYS** .......... **173**

**BYLAAG A** .......... **193**

ONDERHOUDE .......... 193

Vraag 1 .......... 193

Vraag 2 .......... 193

Vraag 3 .......... 193

Vraag 4 .......... 194

**BYLAAG B** .......... **195**

**BYLAAG C** .......... **196**

# LYS VAN FIGURE EN TABELLE

## Lys van Figure

**FIGUUR 2.1**

Tradisionele beheerstruktuur van 'n sekondêre skool ................................ 29

**FIGUUR 2.2**

Samestelling van die Beherende raad .................................................... 30

**FIGUUR 2.3**

Operasionalisering van die Beherende raad in die sekondêre skool ......... 31

**FIGUUR 2.4**

Beplanningsaktiwiteite vir leerlingdeelname ............................................ 34

**FIGUUR 2.5**

Invloed van die Beherende raad (VLR) op die skoolbestuur....................... 37

**FIGUUR 3.1**

'n Moontlike organisasiestruktuur van 'n leerlingraad ................................ 66

**FIGUUR 3.2**

Samestellingsstruktuur van die VLR ........................................................ 76

# LYS VAN TABELLE

**TABEL 2.1**

Tipes bemagtiging .................................................................................... 21

**TABEL 3.1**

Response ................................................................................................ 58

**TABEL 3.2**

Take en verantwoordelikhede van VLR-ampsdraers ................................ 75

**TABEL 3.3**

'n Vergelyking tussen leerlingrade en verteenwoordigende leerlingrade ..... 94

**TABEL 3.4**

Verteenwoordiging van leerlinge op verskeie strukture ............................... 122

**TABEL 5.1**

Uiteensetting van die riglyne ten opsigte van die struktuur en funksionering van 'n VLR ................................................................................................ 147

**TABEL 5.2**

Riglyne vir die struktuur van 'n VLR ...................................................... 148

**TABEL 5.3**

Riglyne vir die funksionering van 'n VLR .................................................. 154

**TABEL 6.1**

Bevindinge ten opsigte van die struktuur en funksionering van 'n VLR....... 166

# HOOFSTUK 1

# Oriëntering

## 1.1 INLEIDING

Die leerlingraadstelsel in sekondêre skole was een van die strukture waarop leerlinge hul leierskapsvaardighede kon beoefen en hul aktief kon meewerk om leerlingaktiwiteite te koördineer. Leerlinge wil nie meer net meegangers in die onderwysproses wees nie, maar wil 'n wesentlike invloed uitoefen rakende die beheer van die skool.

Ten einde die geleentheid gegun te word om aan die gebeure in die skool deel te neem, moet leerlinge bemagtig word om as verteenwoordigers op verteenwoordigende rade te dien. Verteenwoordigende leerlingrade is strukture waarop leerlingverteenwoordigers inspraak kan kry in die sake wat vir die leerlinge wat hulle verteenwoordig van belang is. Daar moet egter nog riglyne bepaal word vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade.

In hierdie hoofstuk word die aktualiteit, probleemstelling, doel, metode en die hoofstukindeling van die navorsing bespreek.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is daar reeds 'n goed gevestigde stelsel leerlingrade in sekondêre skole. Navorsing is reeds gedoen oor die identifisering van leerlingrade (Van der Merwe,1976; Smith,1982; Coetzee,1987 &

Blaauw,1990), riglyne vir die verkiesing van leerlingrade (De Beer,1992) en die opleiding van leerlingraadslede (Strydom,1970; Firmani,1982 & Theunissen,1985).

In die nuwe onderwysbedeling in Suid-Afrika, blyk dit dat daar aan leerlingrade in sekondêre skole 'n gewysigde en verdere taak en funksie toegedeel is. Die eerste Witskrif oor Onderwys en Opleiding (Artikel 29(e)) stel beheer in die onderwys soos volg: " In sekondêre skole bestaan die vernaamste belanghebbendes vir beheerdoeleindes uit ouers, onderwysers en leerlinge. " (SA,1995:74.)

Uit voorafgaande kan dus afgelei word dat leerlinge deelneem aan en as vennote erken word in die beheer (i.c. bestuur) van sekondêre skole, en dat hulle verskillende rolle kan speel, met betrekking tot verskillende elemente van skoolbeheer, soos formulering van skoolreëls.

In die tweede Witskrif oor Onderwys en Opleiding (Artikel 3(10,11)), word die volgende voorgestel: " A student representative council (SRC) in each school, should be mandatory and are important for successful democratic practice and school management. " (SA,1996a:16.) Uit die twee gepubliseerde Witskrifte is dit dus duidelik dat verteenwoordigende leerlingrade (VLR) verpligtend moet wees en deel moet vorm van die beheerliggaam (i.c. bestuur) van sekondêre skole. Deelname aan die beplannings- en besluitnemingsgebeure in skole sal vir die leerlinge sin maak, sodat hulle nie slegs as versierings in volwassenes se aktiwiteite beskou sal word nie (Olssen,1992:216).

Na 'n oorsig rakende die funksionering van leerlingrade in verskeie lande, onder andere België, Duitsland, Switserland, Nederland en Portugal, is tot die gevolgtrekking gekom dat leerlingrade as verteenwoordigende rade funksioneer.

Leerlinge het in hierdie skole die demokratiese reg op inspraak in die tipe onderwys wat hulle ontvang, in beplannings- en besluitnemingsaspekte sowél as in enige saak wat 'n impak kan hê op die skoollewe. Leerlinge word nie toegelaat tot deelname aan, of inspraak in aspekte soos indiensnemingskontrakte en bevordering van opvoeders nie (Brock & Tulasiewich,1994:21-277).

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die verteenwoordigende leerlingraad 'n tweeledige funksie moet vervul. Die VLR het 'n taak het om te vervul met betrekking tot die leerlinge wat in die daaglikse skoolgebeure verteenwoordig word en die verteenwoordiging van die leerlinge op die bestuursliggaam (i.c. skoolbestuur) van die skool. Vir die doel van hierdie studie sal daar slegs gefokus word op die eersgenoemde taak van die verteenwoordigende leerlingraad.

Dwarsdeur die verloop van die geskiedenis van skole in Suid-Afrika, is die bestaan van verteenwoordigende leerlingrade nooit amptelik deur die vorige Departement van Onderwys erken nie. In die nuwe onderwysdispensasie waarin Suid-Afrika hom tans bevind, word die bestaan van verteenwoordigende leerlingrade in openbare sekondêre skole amptelik onderskryf deur die Suid-Afrikaanse Onderwyswet van 1996. Dit het plaasgevind na aanleiding van relevante wetgewing (SA Onderwyswet (1996c), artikel 11(1)) wat stipuleer dat " ...'n verteenwoordigende raad van leerders by elke openbare skool wat leerders in die agtste graad of hoër inskryf, ingestel moet word" (SA,1996c:11).

'n Berig in die Beeld van 3 Februarie 1997 (bladsy 4), stel dit duidelik dat skole wag op die onderwysowerhede vir die daarstel van riglyne rakende die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade, kragtens die wet van provinsiale onderwysowerhede (Pretorius & Joubert,1997:4).

Verteenwoordigende leerlingrade is 'n nuwe konsep in Suid-Afrika en kan daartoe aanleiding gee dat 'n hersamestelling, herstrukturering en herfunksionering van bestaande leerlingrade moet plaasvind, alhoewél die Suid-Afrikaanse Onderwyswet (1996c) nie riglyne hieromtrent verskaf nie.

Gesien in die lig van die voorafgaande is Dlutu (1996) reeds besig met 'n ondersoek na die rol van verteenwoordigende leerlingrade in die bestuur van sekondêre skole. Daar is nog geen ondersoek gedoen na die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade nie.

## 1.3 PROBLEEMVRAE

Uit die voorafgaande blyk die probleme van hierdie navorsing rondom die volgende vrae te wentel:

- Wat is die aard van leerlingverteenwoordiging in die skool?
- Hoe funksioneer leerlingverteenwoordiging in ander lande? Is daar in diesulke lande verteenwoordigende leerlingrade? Hoe sien hul struktuur daaruit en hoe funksioneer hierdie rade?
- Bestaan daar enige statutêre riglyne vir die strukturering en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade?
- Aan die hand van watter riglyne sal verteenwoordigende leerlingrade gestruktureer word en funksioneer?

## 1.4 NAVORSINGSDOEL

Na aanleiding van die voorafgaande probleemvrae is die volgende doelwitte betreffende die navorsing gestel:

- **Navorsingsdoetwit 1:** Om die aard van leerlingverteenwoordiging in die skool te bepaal.
- **Navorsingsdoelwit 2:** Om 'n oorsig van leerlingverteenwoordiging in enkele ander lande te gee.
- **Navorsingsdoelwit 3:** Om deur middel van onderhoude te bepaal wat die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade behels.
- **Navorsingsdoelwit 4:** Om riglyne te stel, wat gebruik kan word vir die struktuur en funksie van verteenwoordigende leerlingrade in sekondêre skole.

## 1.5 NAVORSINGSMETODE

### 1.5.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is onderneem met die doel om gegewens wat versamel is te oorweeg en te evalueer, om te bepaal wat die aard van leerling-verteenwoordiging in die skool is en om vas te stel of daar enige strukture vir leerlingverteenwoordiging in ander lande bestaan.

Die literatuur is onder andere opgespoor met behulp van 'n DIALOG-rekenaarsoektog en die volgende trefwoorde is gebruik: student council, student government, student participation, student decision-making, student power, student empowerment, pupil leadership, participative management, student enablement, shared decision-making, sharing responsibility en student voice.

### 1.5.2 Onderhoude

#### 1.5.2.1 Onderhoudskedule

Onderhoude is gestruktureerd en ongestruktureerd gevoer. Die doel met die onderhoude was om vas te stel wat mense se menings is ten opsigte van die effektiewe struktuur en funksie van verteenwoordigende leerlingrade, en watter wenke hulle daaromtrent sou gee.

Uit sowel die onderhoude as die literatuurstudie is daar dan gepoog om riglyne te formuleer wat gebruik kan word vir die effektiewe struktuur en funksie van verteenwoordigende leerlingrade.

#### 1.5.2.2 Persone/instansies

Onderhoude is gevoer volgens 'n historiese gewig met die volgende persone wat verskeie instansies verteenwoordig:

**Onderwysowerhede**

- Gauteng Onderwysdepartement: Mnr. Lawrence Tsipane (Waarnemende Assistentkoördineerder: Skoolbeheerprogramme HOPB-afdeling), omdat hulle ten tye van die onderhoudvoering die enigste onderwysinstansie was wat 'n beskouing omtrent die struktuur en funksie van verteenwoordigende leerlingrade gehad het.

**Nie-onderwys deelnemende organisasies**

- COSAS: Mnr. Frank Moliya (Voorsitter van COSAS- Gauteng provinsie) en mnr. Tshidiso Mothladi (COSAS- verteenwoordiger Noordwesprovinsie)

- PASO: Mnr. Goodfriday Mhlongo (Provinsiale sekretaris- Gauteng provinsie)

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

**Hoofstuk 1:** Oriëntering

**Hoofstuk 2:** Aard van leerlingverteenwoordiging in die skool

**Hoofstuk 3:** 'n Oorsig van praktyke van leerlingverteenwoordiging in enkele onderwysstelsels

**Hoofstuk 4:** Onderhoude

**Hoofstuk 5:** Riglyne vir die struktuur en funksie van verteenwoordigende leerlingrade

**Hoofstuk 6:** Samevatting, bevindings en aanbevelings

## 1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

### 1.7.1 Student Representative Council (SRC)

Die verset van swart leerlinge in Soweto teen die wettiging van Afrikaans as onderrigtaal in 1976 het gelei tot die ontstaan van die SRC in swart skole (Gerber & Newman,1980:141; Christie,1988:238; Du Plessis,1994:5). Die term SRC was in swart skole gebruik vir wat in blanke skole as 'n leerlingraadstelsel bekend gestaan het (Du Plessis,1994:5).

### 1.7.2 Verteenwoordigende leerlingraad (VLR)

Die term VLR word gebruik as verwysing na die verteenwoordigende raad van leerders wat in openbare skole ingestel moet word (SA Onderwyswet (1996c)-artikel 11(1)) en is ook 'n wisselterm van die begrip SRC. Die

verteenwoordigende leerlingraad is 'n demokraties verkose groep leerlinge wat al die leerlinge in die skool verteenwoordig. Lede word op 'n demokratiese wyse deur die leerlinge verkies aan die begin van die akademiese skooljaar, of aan die einde vir die volgende skooljaar (Madigoe,1993:6; Du Plessis,1994:5).

### 1.7.3 Leerlingraad

Die term leerlingrade word in blanke sekondêre skole gebruik (Du Plessis,1994:6). Dit is 'n raad of komitee van leidende leerlinge (De Villiers, Smuts, Eksteen & Gouws,1987:289) en is by implikasie 'n bestuurstruktuur waarin leerlinge as leiers aangewys word en van hulle word verwag, om leiding aan hulle medeleerlinge te gee (Du Toit,1991:4). Die leerlingraad dra verder by tot die ontwikkeling van leierskap en die verwerwing van 'n sin vir verantwoordelikheid by leerlinge (Nel,1983:324). Leerlingrade word in die meeste blanke sekondêre skole deur leerlinge en onderwysers van die skool gekies (Du Plessis,1994:6).

## 1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie hoofstuk is die aktualiteit, probleemstelling, metode en terreinafbakening van die navorsing belig. In hoofstuk 2 volg nou die literatuurstudie wat sal handel oor die aard van leerlingverteenwoordiging in die skool.

# HOOFSTUK 2

# Die aard van leerlingverteenwoordiging in die skool

## 2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die aard van leerlingverteenwoordiging in die skool te bepaal. Die aangeleentheid is kompleks, aangesien daar eerstens die behoefte in Suid-Afrika aan groter duidelikheid rakende leerlingdeelname bestaan. Tweedens is daar die behoefte aan 'n leerlingleierstruktuur (VLR) in die skool, waarop die leerlinge van die skool verteenwoordig kan word en waardeur leerlingverteenwoordigers op hierdie struktuur inspraak sal hê in die skoolgebeure.

Die Witskrif oor Onderwys en Opleiding (SA,1996a:16) en die Suid-Afrikaanse Onderwyswet (SA,1996c:11) stel verteenwoordigende leerlingrade vir sekondêre skole voor. Dit blyk dus dat die struktuur en funksie van 'n VLR sal verskil van dié van 'n leerlingraad en word daar dus gefokus op die struktuur en funksie van verteenwoordigende leerlingrade. 'n Antwoord moet dus gevind word op die vraag: Hoe moet die leerlinge dit organiseer om 'n outonome selfstandige liggaam daar te stel?

Om hierdie doel te bereik word die aard van leerlingverteenwoordiging bespreek deur op deelname as demokratiese beginsel te fokus, waaruit fasette soos bemagtiging, inspraak, vryheid en venootskap na vore tree.

Daar word ook verwys na die struktuur van die bestaande leerlingraadstelsel wat moet plek maak vir 'n meer doelmatige struktuur vir leerlingdeelname in skoolgebeure. Die beplanningshandeling word as onmisbare komponent van die bemagtigingsproses in oënskou geneem, deur op beplanningsaktiwiteite en -inisiatiewe vir leerlingdeelname te fokus. Laastens word klem gelê op die voordele en nadele van deelnemende bestuur deur leerlinge.

## 2.2 LEERLINGDEELNAME AS DEMOKRATIESE BEGINSEL

### 2.2.1 Waarom die behoefte bestaan vir deelname en deelnemende strukture

Namate die samelewing 'n postindustrieële tydperk binnegaan, word die skoolbestuur gekonfronteer om met die beginsels van demokrasie te konformeer. 'n Verdere eis om meer te bereik met minder hulpbronne word aan onderwysinstellings gestel met die gevolglike implikasie, dat koördinering van elke party in die onderwysproses noodsaaklik is (Johnson,1991:5).

Die bemagtiging van persone en totstandkoming van vennootskapsverhoudinge in die onderwys en skool ontvang onvoldoende aandag van onderwysbestuurders, terwyl die konsep bemagtiging van leerlinge deur outokrasie en burokrasie oorskadu word. Dit vind verál plaas sodra die onderwysspan hul grense wil verbreed, om leerlinge in die besluitnemingsproses van die skool in te sluit (Johnson,1991:5; Achilles,1994:12).

Die uitdaging om leerlinge inspraak in die onderwysproses te gee, moet dus as dringend beskou word, omdat die prestasie van leerlinge verband hou met hul deelname aan die skoolgebeure, asook hul inspraak as vennote in die bestuursproses. Die misgunning van hierdie geleentheid aan leerlinge

versinnebeeld die boodskap dat hul bydrae tot die onderwysproses onnodig, ongevraagd of waardeloos is (Johnson,1991:5).

Internasionale wetgewing in die onderwys was oor die algemeen nie besorgd oor die ontwikkeling van die kind se outonome regte nie, maar was eerder besorgd om die regte van ouers te beskerm (Gutmann,1987:33-34; Sarason,1990:53). Hierdie tradisionele beskouing dat kinders slegs stille opgaarders van kennis is, terwyl hulle die begunstigdes van die onderwysproses behoort te wees, is deur die internasionale gemeenskap onder die vergrootglas geplaas (Sarason,1990:53). Die internasionale gemeenskap erken dat die kind nie slegs die reg het tot onderwys nie, maar ook om deel te neem aan besluitneming (Gutmann,1987:33-34; Sarason,1990:53; Van Bueren,1992:214).

Tradisioneel word leerlinge gereken as kliënte eerder as 'n integrale deel van die onderwyssisteem terwyl geen respek en waardigheid aan hulle toegeken word nie (Herrick,1985:54). Hulle reg tot die status van deelname aan die bestuursproses is ontken vanweë die miskenning van die volgende regte:

- Die reg tot besluite oor hul eie aksies;
- die reg tot vryheid van uitdrukking, en
- die reg tot inspraak in institusionele besluite (Bottery,1990:238; Davie,1993:253).

Die reg van die kind om vrylik deel te neem aan die skoolgebeure is verder van waarde omrede die kind dan as volle mens met integriteit en 'n eie persoonlikheid geag word, met die vermoë om vrylik aan die samelewing deel te neem (Freeman,1996:37).

**Perspektief**

In die lig van die voorafgaande blyk dit asof 'n patroon van deelnemende leierskap gegrond op suiwer voorneme en aanvaarde visie van alle skooldeelnemers nodig is vir die daarstel van 'n gemeenkaplike visie vir leerlingdeelname. Dit is noodsaaklik om rigting te gee aan die suiwer voornemens van skooldeelnemers en gevolglik die bereiking van goeie resultate. Hieruit blyk dit dus dat 'n gemeenskaplike visie, deelname aan besluitneming, demokrasie en 'n oriëntasie om resultate met deelname te bereik die basis moet vorm van leerlinginspraak in die daaglikse skoolgebeure.

Die integrasie van leerlingdeelname in skoolbestuur noodsaak egter verandering en herstrukturering van die skoolbeheerstruktuur sodat meganismes daargestel kan word waardeur die medeseggenskapsgebeure kan plaasvind.

**2.2.2 Demokratiese deelname**

Een van die primêre doelstellings van die sekondêre skool moet wees om te verseker dat die interaksie wat tussen skooldeelnemers plaasvind, produktief sal wees en dat dit moet fokus op die doel van die skool se bestaan (Schlechty,1991:63-64). Menslike hulpbronne moet dus so geposisioneer word dat optimale resultate, doelverwesentliking en selfontwikkeling plaasvind (Schlechty,1991:64).

Mededeelname is dus die proses waardeur leerlinge 'n invloed uitoefen op besluite in verskeie vlakke van die organisasiehiërargie (Jain,1980:4). Om hierdie doel te bereik, vereis die ontwikkeling van demokratiese prosedures wat geïnisieer word deur 'n kultuur van demokrasie, sodat interaksie tussen al die

skooldeelnemers vrylik kan plaasvind en effektief gekoördineer kan word (Rubin,1983:6).

In hierdie konteks impliseer demokratiese deelname dat alle skooldeelnemers (onderwysers, leerlinge, lede van die topstruktuur) toegang sal hê tot mag, inligting en kennis, sodat hulle op grond van hul belange kan deelneem aan besluitneming. Tweedens impliseer demokratiese deelname dat deelnemende bestuur sal plaasvind, met ander woorde dat alle skooldeelnemers met spesifieke verwysing na leerlinge, aan die bestuur van die skool sal deelneem (Shor,1992:21; Makhubu,1993:43).

Daar vind dus 'n oriëntering in die beplanniningsinisiatiewe plaas rakende die behoeftes, persepsies en belangstellings van skooldeelnemers sodat 'n openheid ten opsigte van demokratiese deelname van leerlinge in skoolbestuur by almal geskep kan word (Shor,1992:21).

Ten einde enige beplanningsinisiatiewe vir demokratiese deelname te laat slaag, moet die volgende doelwitte die basis vorm van die organisasie se besluitneming (Universele deklerasie van menseregte,1948; Verslag van die aanbevelingskomitee oor werknemerdeelname- Jamaica:14,17; International labour office,1983:11-17; Baron,1981:10-11):

- **Etiese doelwitte**

In 'n etiese konteks is deelname aan besluitneming gerig op individuele ontwikkeling of selfverwesentliking en is in ooreenstemming met die vereistes gestel in die Universele deklerasie van menseregte van 1948 (Van Asbeck,1949). Hiervolgens is alle mense eerstens vry en gelyk in waardigheid

en regte, begiftig met rede en 'n gewete om in die gees van broederliefde teenoor mekaar op te tree (Universele deklerasie van menseregte, 1948, artikel 1). Tweedens is elke lid van die samelewing volgens artikel 2 geregtig op die bevrediging van sy/haar ekonomiese, sosiale en kulturele regte, wat onontbeerlik is vir sy/haar waardigheid en wye ontwikkeling van sy persoonlikheid (Van Asbeck,1949).

Werknemerdeelname (worker participation - i.c. leerlingdeelname) moet dus beskou word as verlengstuk van 'n individu se mensereg in die werksplek en moet prosedures, institusies, reëls en bestuurstyle die werker erken as mens, eerder as 'n blote statistiese eenheid in die produksieproses (Verslag van die aanbevelings-komitee oor werknemerdeelname, Jamaica:14,17).

- **Sosio-politiese doelwitte**

Die term "sosiopolities" word dikwels semanties gelykgestel met industriële demokrasie wat 'n demokratiese sisteem voorstaan. Binne 'n demokratiese bestel besit alle werkers dieselfde regte, met ander woorde, 'n werker wat volwasse geag word om deel te neem aan demokrasie, kan nie gelyktydig die reg ontneem word om deel te hê aan 'n ekonomiese lewe nie (International labour office,1983:11).

Om 'n instelling meer demokraties te maak, sal dus beteken dat aan werkers (i.c. leerlinge) en hul verteenwoordigers die reg toegesê word om hul werksvoorwaardes te onderhandel, protes aan te teken teen die gevolge van bestuursbesluitneming, te verenig met medewerkers in 'n adviserende hoedanigheid rakende besprekings van gemeenskaplike belang vir die instelling

óf om reëls óf dele daaruit wat verband hou met die funksionering van die instelling te verander (International labour office,1983:11-12).

Werkerdeelname (i.c. leerlingdeelname) is gebaseer op die fundamentele konsep van geregtigheid en omdat die werker 'n groot deel van sy lewe aan die instelling wy, kan hy dus 'n regverdige aanspraak maak op deelname aan verskeie aspekte van die organisasie (International labour office,1983:14-16). Werkerdeelname word dus gesien as distribusie of herdistribusie van mag in die instelling (International labour office,1983:14; Baron,1981:10-11).

- **Ekonomiese doelwitte**

Ekonomiese doelwitte hou direk of indirek verband met die verhoging van die effektiwiteit van die instelling. Wanneer werkers (i.c. leerlinge) hul kan assosieer met besluite wat geneem word, sal die kwaliteit en kwantiteit van uitsette verbeter word en sal konflik tussen bestuur en werkers verminder word (International labour office,1983:17).

Ware demokrasie bestaan dus nie solank leerlinge nog nie die geleentheid gekry het om deel te neem aan die beplanning en uitvoering van daardie aktiwiteite, wat direk in hul eie en die skool se belang is nie (Bolmeyer,1995:106).

'n Effektiewe demokratiese instelling word gekarakteriseer deur ondersteunende verhoudinge, onderlinge respek, vertroue en selfvertroue gerugsteun deur 'n sisteem van interaksie. Die volgende aannames onderskryf verskeie demokratiese beginsels wat nodig is vir 'n sisteem van interaksie tussen skooldeelnemers (Treslan,1983:127; Louis & King,1993:242-243):

- **Respek:** 'n Ideale sekondêre skoolbeheerstruktuur aanvaar en erken almal in die skool as waardevolle individue.
- **Vryheid:** 'n Ideale sekondêre skoolbeheerstruktuur onderwerp hom aan die demokratiese beginsels onderliggend aan 'n demokratiese wyse van lewe, wat die vryheid om te kommunikeer met almal ongeag rang of mag impliseer.
- **Rasionaliteit:** 'n Ideale sekondêre skoolbeheerstruktuur onderskryf die rasionele benadering van administrasie, wat die teenwoordigheid van reëls en regulasies impliseer.
- **Fleksiteit:** 'n Ideale sekondêre skoolbeheerstruktuur erken die waardes van die altyd teenwoordige informele organisasie en informele verhoudinge.
- **Gelykheid:** 'n Ideale sekondêre skoolbeheerstruktuur verdeel mag, gesag en daarmee gepaard verantwoordelikheid gelykmatig tussen sy lede.
- **Betrokkenheid:** 'n Ideale sekondêre skoolbeheerstruktuur onderskryf die konsep van deelnemende besluitneming op 'n direkte of indirekte wyse, ter wille van maksimalisering van motivering onder sy lede.

Demokratiese deelname sluit die volgende beginsels in (International labour office,1983:143-144):

- Die reg om volledig ingelig te word oor sake wat 'n wesentlike uitwerking op werknemerbelange sal hê.
- Die reg om aan besluite deel te neem sodra konsensus bereik is.
- Die reg op verpligte oorlegpleging voordat enige besluite rakende die organisasie geneem word.

- Die reg om geken te word voordat enige besluite rakende evaluasie en prestasie geneem word.

Verskeie demokratiese meganismes met betrekking tot werkerdeelname bestaan. Elkeen van hierdie meganismes het dieselfde doel voor oë naamlik om die werkers en hul verteenwoordigers by besluitneming te betrek (International labour office,1983:197; Jain,1980:6; Van Wyk,1992:142). Die volgende meganismes vir deelnemende bestuur bestaan:

- Selfbestuur.
- Gehaltesirkels.
- Werkerraadverteenwoordigers.
- Kollektiewe bedinging.
- Gesamentlike konsultasie.
- Werknemerorganisasies.

Ten einde 'n struktuur vir leerlingdeelname daar te stel, moet verskeie beplanningsinisiatiewe rakende leerlingdeelname in die skoolgebeure (i.c. skoolbeheerstruktuur) na vore tree (Treslan,1983:126):

- Demokratiese deelname

⇒ Desentralisering van outoritêre besluitneming om die hele skoolgemeenskap in te sluit.

⇒ Direkte betrokkenheid van leerlinge in besluitneming deur middel van 'n struktuur van verteenwoordiging.

- Groepsdeelname

⇒ Die bestuursproses in die sekondêre skool as sosiale sisteem, beheer die interaksie wat plaasvind tussen leerlinge, onderwysers en lede van die topstruktuur van die skool.

⇒ Die daarstel van 'n strategiese werksgroep wat bogenoemde interaksie koördineer deur middel van koöperatiewe besluitneming.

- Gelykstelling van mag

⇒ Invloed geskied deur die medium van gesamentlike deelname deur belangegroepe.

⇒ Gunstige oorwegings aan alle inisiatiewe en alternatiewe.

⇒ Die daarstel van 'n atmosfeer van ondersteuning, warmte en vriendelikheid.

- Beheer

⇒ Die beheerproses moet onderhewig wees aan die insette van alle skooldeelnemers via die medium van deelnemende besluitneming.

- Individualiteit

⇒ Leerlinge word beskou as unieke individue met 'n bepaalde doel voor oë.

⇒ Die benadering tot leerlingdeelname moet die geleentheid bied vir uitbreiding en verwesentliking van 'n goeie selfbeeld.

**Perspektief**

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat demokratiese deelname gesien word as voorvereiste vir deelname. Dit blyk ook dat leerlingdeelname in skoolbestuur alleen moontlik is indien daar 'n demokraties verteenwoordigende skoolbeheerstruktuur bestaan, wat daarop gerig is om demokratiese deelname te

implementeer en te ontwikkel, asook om almal in die skool vir 'n demokratiese proses voor te berei. Die daarstel van 'n demokraties verteenwoordigende leerlingtruktuur blyk die enigste moontlike weg te wees, waarop leerlinge hulself kan verteenwoordig en waarop hulle inspraak in die skoolgebeure kan verkry.

### 2.2.3 Demokrasie en die bemagtigingsfaktor

Demokrasie impliseer dat persone bemagtig word om aan besluitneming deel te neem (Lightfoot,1986:9-28). Daar vind dus 'n verbreding van die besluitnemingsbasis in die organisasie plaas sodat individue wat normaalweg nie betrek is by besluitneming nie, nou betrek word (Van Wyk,1992:138; Gandz & Bird,1996:383).

Bemagtiging word gedefinieer as die fundamentele oordrag van gesag deur individue toe te laat om besluite aangaande toegewysde take te neem, die betrokkenheid van individue in die skepping van 'n produktiewe en gelukkige werksomgewing te aanvaar en dat hulle betrokke is in daaglikse probleemoplossing en besluitneming (Steyn,1995:97).

Deur die proses van bemagtiging word addisionele en nietradisionele besluitnemingsmag aan persone of groepe gegee wat voorheen nie die gesag gehad het om besluite te neem nie (Steyn,1995:99). Persone word ook deur bemagtiging in staat gestel om die nodige vaardighede te ontwikkel om sodoende hul bemagtiging effektief te kan bestuur (Barner,1994:33).

Die simboliek van bemagtiging impliseer demokrasie in aksie omdat diegene wat deur besluitneming geraak word, ongeag die uitkoms daarvan seggenskap in

besluitneming verkry (Steyn,1995:101). Bemagtiging bring dus bestuur as bemiddelaars van deelnemende bestuur nader aan diegene wat daardeur geraak word (Steyn,1995:104).

Bemagtiging veronderstel verder 'n onverdraagsaamheid teenoor burokratiese gedrag wat deur 'n organisasie uitgeoefen word. Dit beteken in wese dat 'n afplatting van die organisasiestruktuur plaasvind en dat 'n vervanging van die hiërargie met minder gestratifiseerde stelsels plaasvind (Steyn,1995:104).

Ten einde die bemagtigingsproses te laat slaag, moet sekere voorwaardes vir bemagtiging nagestreef word. Hierdie aksies bevredig belangrike demokratiese regte wat insluit, die reg om te weet, die reg om te groei (ontwikkel) en die reg tot inspraak (Gandz & Bird,1996:385-386):

- Werkers moet op hoogte wees van van die nodige informasie om hulle eie potensiaal en bydrae te maksimaliseer.
- Werkers moet opleiding en ontwikkelingservaring ontvang om 'n nodige bydrae te lewer.
- Werkers moet die geleentheid kry om die basiese proses waarin hulle funksioneer te beïnvloed.

Bemagtiging kan verskeie kenmerkende vorme aanneem. Vir groter duidelikheid word die volgende tipes bemagtigingsaksies onderskei en tabelmatig toegelig (Gandz & Bird,1996:384-385):

| ROLBEMAGTIGING |
| --- |
| Werkers besit meer diskresie rakende die neem van besluite m.b.t die rol wat hulle vertolk . |
| Werkers voel in beheer van hulle eie werk binne die riglyne deur die organisasie gestel. |
| Beloningsbemagtiging |
| Werkers verkry groter diskresie om 'n waardering van hul eie prestasie te maak en om besluite te beïnvloed oor wie watter soort beloning moet ontvang. |
| PROSESBEMAGTIGING |
| Werkers verkry die geleentheid om 'n invloed uit te oefen rakende die daaglikse funksionering van die basiese organisatoriese proses. |
| Bestuursbemagtiging |
| Verskaf aan werkers groter deelname en invloed oor die algemene rigting wat die organisasie inslaan. |

Tabel 2.1 Tipes bemagtiging (Gandz & Bird,1996:385)

In die skool bring die bemagtiging van leerlinge hulle in 'n vennootskapsverhouding met die res van die skooldeelnemers, wat dus die geleentheid bied vir almal om aan onderwysinisiatiewe deel te neem (Jenkins,1988:149).

Bemagtiging kan verder ook beskou word as 'n krities demokratiese pedagogie vir selfontwikkeling en sosiale verandering (Shor,1992:15). In hierdie konteks is die pedagogie met betrekking tot bemagtiging leerlinggesentreerd en het ten doel om persoonlike groei of ontwikkeling in verband met die openbare lewe te bring. Dit vind plaas deur middel van die ontwikkeling van goeie vaardighede, akademiese kennis, leierskap en 'n kritiese belangstelling in die samelewing (Fullan,1982:158; Shor,1992:15).

Die bemagtiging van leerlinge moet dus nie as individualisties en self-gesentreerd beskou word nie, maar as proses waartydens die leerlinge leer om kennis buite hulle ervaringsveld krities vas te lê. Die doel van bogenoemde

bemagtigingsproses is dat 'n verbreding van hul selfbeskouing en van die wêreld om hulle plaasvind (Shor,1992:16).

Bemagtiging impliseer nie dat die mag van die beheerinstelling en -personeel weggeneem word nie, maar kom slegs neer op 'n bemagtigingsaksie ("empowering activity") waartydens leerlinge ontwikkel word om as outonome persone, 'n rol in die skool en uiteindelik die samelewing te speel (Jacobson,1990:60). Die konsep kan hier verwys na die invloed wat plaasvind na aanleiding van een of ander voorgenome aksie asook na die soeke na verantwoordelikheid. Mag is dus teenwoordig as faset van die verhouding tussen die skooldeelnemers wat een of ander aksie loods (Nyberg,1982:52).

**Perspektief**

Leerlingdeelname aan besluitneming kan dus beskou word as 'n bemagtigingsaksie wat impliseer dat 'n herstrukturering van sowél die skool se beheer- en organisasiestruktuur moet plaasvind, om volle leerlingdeelname aan die skool- en skoolbestuursgebeure in te sluit. Dit blyk ook dat bemagtiging van leerlinge gerig is op die verbreding van die besluitnemingsbasis sodat alle skooldeelnemers (onderwysers, leerlinge en lede van die topstruktuur van die skool) gemeenskaplik kan deelneem aan die skool- en skoolbestuursgebeure. Bemagtiging as demokratiese beginsel het dus ten doel om skooleffektiwiteit te verbeter en om leerlinge as vaardige en bekwame deelnemers aan demokrasie te ontwikkel.

Daar moet dus 'n transformasie van die bestaande leerlingraadstelsel plaasvind en nie slegs 'n verandering nie (vgl. 3.3.11).

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar sekere sake is waaroor meer duidelikheid verkry moet word:

- In watter spesifieke areas van besluitneming sal 'n verbreding plaasvind om leerlinginspraak in te sluit?
- Hoeveel outonomie word aan leerlingeverteenwoordigers toegeken?
- Watter riglyne bestaan vir leerlingdeelname in skoolbestuur?
- Hoe word die besluitnemingsproses gestruktureer om leerlinge in te sluit?
- Wat is die rol van elke deelnemer in die beluitnemingsproses?

### 2.2.4 Inspraak, vryheid en vennootskap as beginsels van demokratiese deelname

Uit 'n oorsig van die literatuur (Baron,1981:8-19; Rubin,1983:1-17; Treslan,1983:124; Marklund & Otter,1985:1-11; Fraser,1988:46-48; Chapman & Dunstan,1990:1; Nussbaum *et al.*,1990:8,21; Shaeffer,1991:8; Makhubu,1993:27-45; Craigie *et al.*,1993:3-16) blyk dit dat die strewe van die internasionale gemeenskap om leerlinginspraak in skoolbestuur te integreer, fokus op die ontwikkeling van menslike verhoudinge. Leerlinginspraak word verder ook gesien as funksie van die skooldeelnemers, wat op 'n gekoördineerde wyse moet saamwerk om 'n meetbare onderwysdoel te bereik.

Inspraak in en dialoog tussen die skooldeelnemers in die skoolgebeure, nooi die leerlingleier verder uit tot kreatiewe selfdoen en bied aan hulle aktiewe ervaring waardeur kennis en vaardighede opgedoen en aspirasies uitgebou kan word (Smith,1980:142; Shor,1992:21).

Dit is dus die taak van die skool om aan hierdie vraag na leerlinginspraak in skoolbestuur te voldoen deur meganismes en strukture daar te stel, wat leerlinge

kan aanmoedig om kreatief te dink en om leerlinge vir hul bydrae te beloon (Phelan *et al.*,1993:52-88).

Die idee van 'n "bottom up" -benadering, met ander woorde inspraak van die laagste vlak af boontoe, word dus deur die internasionale gemeenskap voorgestaan omdat mense eerder verbonde sal voel tot idees en besluite wat uit hul eie geledere na vore kom (Neal,1988:1-13; Johnson,1991:3-11; Craigie *et al.*,1993:5; Heath & Vik,1994:31).

Demokratiese deelname impliseer ook vryheid van beperkings, wat as 'n hindernis deur 'n persoon of outoriteit veroorsaak kan word, wanneer keuses gemaak en besluite geneem moet word met betrekking tot persoonlike doelwitte, optredes en gedrag (Chambers,1993:1). Hierdie vryheid impliseer nie dat leerlinge kan doen wat hulle wil nie, maar dui slegs op 'n vryheid waar leerlinge keuses kan maak en besluite kan neem, asook die vryheid om daarop te reageer (Chambers,1993:9).

Die vryheid van leerlinge om deel te neem aan besluitneming word beskou as 'n voorvereiste vir die ontwikkeling van outonomie by leerlinge. Vryheid met gepaardgaande verantwoordelikheid vereis intellektuele toerusting en insig, ervaring en kennis sodat die medeseggenskapsgebeure tot volle verwerkliking kan kom (Nussbaum *et al.*,1990:12; Chambers,1993:137).

Demokratiese deelname impliseer dus 'n bemagtigingsaksie (vergelyk 2.2.3) waardeur leerlinge 'n sekere hoeveelheid vryheid ontvang om deelnemend en konsulterend met alle skooldeelnemers inspraak in skoolgebeure te hê. Hierdeur

sal leerlingleiers die geleentheid kry om hul intellektuele vaardighede te beoefen.

'n Belangrike aspek wat uit die voorafgaande na vore tree is die feit dat die besit van sekere vaardighede of magte, nie noodwendig dui op vryheid nie en dat vryheid nie die verkryging van outonomie impliseer nie (Chambers,1993:121).

Leerlinge wil nie meer net meegangers in die onderwysproses wees nie, maar wil as waardevolle deelnemers en vennote aan die skool- en bestuursgebeure deelneem. Hierdie bemagtigingsaksie is intrinsiek regverdig en hou aan leerlinge 'n model voor wat deelnemende demokrasie in die praktyk behels (Prinsloo & Van Rooyen,1986:322; Steyn,1995:101). Eenrigtingdialoog is nie meer vir leerlinge aanvaarbaar nie en lei onteenseglik tot die vraag na die geleentheid tot verantwoordbare, gesageerbiedigende inspraak en samespraak in die skool, verál ten opsigte van sake wat hulle raak (Smith,1982:153).

Die term vennootskap in die onderwys het nuwe betekenis gekry as gevolg van die inisiatiewe wat voortgevloei het uit internasionale wetgewing oor die regte van die kind (Rudduck,1996:4). Hiervolgens word duidelik gestel dat die kind die reg het om inspraak te hê ("to have a say") oor aspekte in die onderwys wat hul lewens raak (Freeman,1996:36). Dit kom dus daarop neer dat die kind wat 'n eie mening kan vorm, in staat gestel moet word om vrylik uiting daaraan te gee. Die kind se mening moet dus volle gewig ontvang in ooreenstemming met sy ouderdom en volwassenheidsvlak (Bottery,1990:235-241; Du Toit,1991:8; Freeman,1996:36).

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat beginsels soos inspraak, vryheid en vennootskap ten eerste demokrasie in die praktyk impliseer, en tweedens dat dit leerlinggesentreerd is met die doel om leerlinge te ontwikkel en tot selfverwesentliking te lei..

Hieruit blyk dit dat 'n burokratiese skoolbeheerstruktuur leerlinge ontneem van die vryheid tot inspraak en deelname aan skoolbestuur en ook daartoe sal bydra dat hulle nie verbonde sal voel tot besluite wat geneem word nie.

Dit wil dus blyk dat die bemagtiging van leerlinge om deel te neem aan die skoolbestuursgebeure hulle in staat stel om saam met ander skooldeelnemers (onderwysers, leerlinge en die topstruktuur van die skool) deel te neem aan besluitneming en dat dit leerlinge in staat stel om in 'n bepaalde vennootskapsverhouding tot alle skooldeelnemers te staan. Bemagtiging van leerlinge is dus 'n belangrike deel en doel van die opvoedingsgebeure in die skool.

## 2.3 'N STRUKTUUR VIR LEERLINGDEELNAME IN DIE SKOOL

Enige organisasie (i.c. die skool) moet beskik oor 'n formele raamwerk aan die hand waarvan bedrywighede gegroepeer word, sodat elke lid van die organisasie duidelik omskrewe en afgebakende pligte en verantwoordelikhede ontvang. Dit moet plaasvind omrede 'n organisasie nie bestaan uit 'n willekeurige samespel van mense nie (Rädel & Reynders,1980:243).

Dit is belangrik dat daar binne 'n organisasie (i.c. die skool) 'n formele raamwerk poste gegroepeer word waar mense sekere handelinge verrig.

Sodanige posgroepering staan bekend as die organisasiestruktuur. Die ordelike rangskikking van mense in poste het ten doel om mense daarna te laat strewe om gemeenskaplike doelstellings te bereik (Marx,1981:243).

Die skool as organisasie toon in vele opsigte dieselfde kenmerke as ander organisasies in die sake-en nywerheidswêreld (Van Wyk,1992:138). Skole beskik oor 'n piramidale gesagstruktuur en klem word geplaas op die gesagsposisies van persone in bepaalde poste (Bush,1986:42). Van nader beskou is dit duidelik dat gesag gekonsentreer is in die boonste spits van die piramidestruktuur en het die implikasie dat besluitnemingsmag gesetel is in die hande van die skool se topstruktuur (Van Wyk,1992:139).

Indien die skool se bestuurstake as soortgelyk aan ander organisasies gesien word, word geïmpliseer dat skole haas ondeurdringbare organisatoriese grense het. Dit impliseer dat invloede vanuit die eksterneomgewing minimaal is en beperk word tot die skakeling met departementele amptenare en ouers, by wyse van bestuursliggame en ouerkomitees. Die konsep demokratiese deelname aan besluitneming word dus beperk tot die monitering van ouers se menings (Van Wyk,1992:139).


Aan die een kant kan aanvaar word dat skole se interaksie met die eksterne-omgewing sal toeneem om 'n meer oop sisteem daar te stel, omrede die finansiële bydraes van ouers en die ekonomiese aanwending daarvan baie belangriker geag word as wat voorheen die geval was. Aan die ander kant het meer individue en groepe (respektiewelik drukgroepe) direk belang in besluite wat by die skool geneem word (Van Wyk,1992:140-141).

Die deelname van leerlinge aan besluitneming in skool- en skoolbestuursgebeure by die skool, het 'n belangrike implikasie vir die organisasiestruktuur van die skool. Die rede hiervoor is omdat 'n transformasie van die bestaande leerlingraadstelsel, midde-in 'n burokratiese sekondêre skoolstelsel tot stand gebring moet word (Treslan,1983:125). Dit impliseer dat die bestaande leerlingraadstelsel (vgl. 3.3.2, 3.3.10) vervang moet word met 'n verteenwoordigende leerlingraad (VLR).

Slegs die bron van Treslan kon opgespoor word waarin 'n moontlike struktuur vir leerlingverteenwoordiging (VLR) voorgestel word.

Vervolgens word gefokus op die wyse waarop die leerlingraadstelsel in 'n tradisioneel burokratiese sekondêre skool gefunksioneer het, met die doel om die leemtes in beide die sekondêre skoolbeheer- en leerlingraadstruktuur uit te wys.


In figuur 2.1 word 'n sekondêre skool organisasiestruktuur met 'n netwerk invloed, mag en gesag uitgebeeld (Treslan,1983:125):




Figuur 2.1: Tradisionele beheerstruktuur van 'n sekondêre skool (Treslan,1983)

In bogenoemde organisasiestruktuur is besluitneming rakende skoolgebeure en skoolbestuursaspekte gesetel in die hande van die topstruktuur (lynpersoneel). Leerlinge beskik slegs oor die vermoë om die leerlingraad te beïnvloed. Die leerlingraad kan op sy beurt weer slegs die skoolhoof beïnvloed. Mag en gesag word oorgedra vanaf die boonste spits van die organisasiepiramide na onder. Leerlinge is dus ver verwyderd van die besluitnemingsproses en het min of geen inspraak in die skoolbeheerstruktuur nie (Treslan,1983:125).

Die samestelling van 'n struktuur waarop leerlinge inspraak het, is bekend as 'n beherende struktuur (control assembly) en word in figuur 2.2 uitgebeeld en verder toegelig as moontlike struktuur vir 'n VLR (Treslan,1983:127):




Figuur 2.2: Samestelling van die beherende raad
(Treslan,1983)


Die samestelling van die beherende raad vind demokraties plaas en sluit verteenwoordigers van die leerling, onderwysers en topstruktuur in. Leerlinge in die verteenwoordigende raad verteenwoordig al die standerdgroepe en sluit ook die hoofleiers in. Onderwysers verteenwoordig alle departemente in die skool terwyl verteenwoordigers van die topstruktuur bestaan uit die skoolhoof, adjunkhoof en departementshoofde. Die verkiesing van die raad vind op dieselfde wyse plaas as tydens die leerlingraadverkiesings, terwyl die aantal verteenwoordigers afhang van die grootte van die skool (De Beer,1992).

Personeel en leerlinge word eweredig verteenwoordig op die raad en word soos volg verdeel: vier onderwysers, vier lede van die topstruktuur (drie departementshoofde en een adjunkhoof), terwyl die skoolhoof outomaties verkies word as die voorsitter van die raad met volledige vetoreg. Die aantal

onderwyserverteenwoordigers word bepaal deur die grootte van die skool (Treslan,1983:127).

Saam met die bestuurspan en die leerlingraad van die skool sal die beherende raad (hierna bekend as die verteenwoordigende leerlingraad -VLR) dien as 'n addisionele kanaal van invloed by die skoolhoof (figuur 2.3).

In die model voorgestel deur Treslan (figuur 2.3) funksioneer die beherende raad (VLR) in samehang met die leerlingraadstelsel en nie in die plek daarvan nie.




Figuur 2.4: Operasionalisering van die Beherende raad in die sekondêre Skool (Treslan,1983)

Die skoolhoof wat dien as voorsitter moet dus goeie kommunikasiekanale daarstel tussen die verteenwoordigende leerlingraad (VLR) en die res van die skool. Insette van die verteenwoordigende leerlingraad sal via die topstruktuur van die skool, leerlingraad en die skoolhoof plaasvind, terwyl kanale bestaan waarlangs enige ander persoon in die skool enige aspek vir bespreking op die agenda kan plaas.

**Perspektief**

In bogenoemde bespreking oor 'n struktuur vir leerlingdeelname blyk dit dat 'n verandering in die huidige skoolbeheerstruktuur, om leerlingdeelname in skoolgebeure in te sluit, onafwendbaar is (vgl. 3.3.2). Die rede hiervoor kan toegeskryf word aan die invloed (drukfaktore) vanuit die skool se eksterne omgewing om te demokratiseer. Leerlingdeelname blyk slegs moontlik te wees indien 'n verbreding van die besluitnemingsbasis in die skool plaasvind, wat impliseer dat besluitneming vanaf die laagste tot die hoogste vlak van die hiërargiese piramide sal plaasvind.

Dit is alleen moontlik indien die verteenwoordigende leerlingraad oor 'n organisasiestruktuur beskik wat doeltreffend funksioneer en waarin take en verantwoordelikhede van die lede van die raad duidelik omskryf en afgebaken is.

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar sekere sake is waaroor meer duidelikheid verkry moet word:

- Watter vereistes bestaan vir die identifisering van VLR-lede?
- Is die VLR 'n oop of geslote organisasie?

- Watter prosedure word gevolg tydens besluitneming?
- Watter prosedure en voorskrifte word gevolg tydens konsultasie?
- Watter terugvoermeganismes bestaan daar vir leerlinge?
- Hoeveel outonomie word aan die raad toegeken?
- Wanneer vind vergaderings plaas?
- Watter ampsposisies bestaan in die raad?
- Besit leerling-, onderwyser- en topstruktuurverteenwoordigers vetoreg?
- Waaruit moet die grondwet van die VLR bestaan?
- Bestaan daar 'n opleidingsprogram vir leerlingverteenwoordigers?
- Moet die VLR oor 'n dagbestuur beskik en hoe word dit saamgestel?

## 2.4 BEPLANNINGSAKTIWITEITE VIR LEERLINGDEELNAME BY DIE SKOOL


Leerlingdeelname soos reeds genoem (vgl. 2.2.2), word as die demokratiese en menslike reg van elke kind beskou. Dit is eerstens belangrik dat onderwysbeheerstrukture sodanig gestruktureer word, dat leerlingdeelname in sekondêre skole binne die konteks van 'n demokratiese kultuur plaasvind (SA,1995:71-73).

Tweedens berus die grootste struikelblok in die weg van leerlingdeelname in skoolgebeure, nie in die meriete van die saak nie maar om beplanningsinisiatiewe te loots vir die daarstel van meganismes en strukture (vgl. 2.4) vir leerlingdeelname by die skool (Treslan,1983:124).

Die volgende beplanningsaktiwiteite ondersteun die beplanningsproses rakende leerlingdeelname aan die skoolgebeure en het ten doel om die bestaande

skoolbeheerstruktuur te herstruktureer, sodat leerlinge hulself kan organiseer om aan die skoolgebeure te kan deelneem (Treslan,1983:124-131).

Vervolgens word elke fase van die beplanningsaktiwiteite soos uiteengesit in (figuur 2.4) van nader beskou:




Figuur 2.1: Beplanningsaktiwiteite vir leerlingdeelname
(Treslan, 1983)

### 2.4.1 Fase 1: Bou van 'n verhouding

Binne die skool bestaan daar drie unieke rolle, naamlik onderwysers wat onderrig gee, die topstruktuur wat bestuur en leerlinge wat leer. Navorsing fokus op die gelyktydige bestaan van hierdie drie rolle, met spesifieke verwysing na die wisselwerkende invloed daarvan op mekaar (Treslan,1983:125).

Deelname impliseer dus die betrokkenheid van bogenoemde rolspelers by skool- en skoolbestuursgebeure wat tradisioneel beskou word as die territorium van die topstruktuur van die skool. Leerlinge as rolspelers word dus die geleentheid gegun om 'n analise van hul skoolervarings te maak en kommentaar daarop te lewer op só 'n wyse dat dit deelnemend en gesamentlik met ander leerlinge en rolspelers plaasvind (Sirianni,1987; Unterhalter *et al.*,1991:163; Shor,1992:21).

### 2.4.2 Fase 2: Diagnosering van die probleem

Nadat die noodsaak (vgl. 2.2.1) van leerlingdeelname in die skoolgebeure bepaal is, word gefokus op 'n burokratiese skoolbeheerstruktuur waarbinne die nodige verandering moet plaasvind om 'n onafhanklike verteenwoordigende leerlingraadstelsel daar te stel.

Navorsing met betrekking tot die plek wat leerlinge in die hiërargiese piramide van die sekondêre skool inneem, plaas leerlinge onderaan die periferie van die piramide met min of geen invloed nie. Daar is dus 'n afwesigheid van enige kanaal waardeur leerlinge hulself kan verteenwoordig en organiseer om aan die skoolgebeure deel te neem (Treslan,1983:125).

### 2.4.3 Fase 3: Verkryging van relevante informasie

Die gaping tussen teorie en praktyk rakende leerlingdeelname kan oorbrug word deur 'n weg te vind waardeur leerlinginspraak in skoolgebeure kan realiseer. Antwoorde op vrae wat algemeen deur leerlinge gevra word, moet beantwoord word, om sodoende 'n nodige databasis van belangrike inligting te skep. Nadat die vrae beantwoord is, kan voortgegaan word met die beplanningsproses (Treslan,1983:126).

### 2.4.4 Fase 4: Keuse van 'n oplossing

Nadat die ideale komponente geïdentifiseer is om skooldoeltreffendheid deur leerlingdeelname (i.c. skoolgebeure) te verbeter, word gefokus op die daarstel van 'n moontlike werkbare oplossing vir die daarstel van 'n struktuur vir leerlingverteenwoordiging (Treslan,1983:126).

Hierdie meganisme moet aan die behoeftes van al die skooldeelnemers voorsien, moet inpas in die tradisionele grense van sekondêre skoolbeheer en rekening hou met die stabiliteit verbonde aan bestaande sekondêre skoolbeheerstrukture (Treslan,1983:126).

### 2.4.5 Fase 5: Aanvaarding

Tydens hierdie fase van die beplanningsproses is dit van kardinale belang dat die verteenwoordigende leerlingraad as addisionele magsentrum en invloedkanaal in die skool moet dien (Treslan,1983:127). Hieruit blyk dit dat die VLR 'n onafhanklike liggaam moet wees met 'n eie magsbasis vir besluitneming rakende die verteenwoordiging van leerlingaangeleenthede in skoolgebeure.


### 2.4.6 Fase 6: Stabilisering van verandering

Na besinning oor die teoretiese regverdiging vir leerlingdeelname aan die skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) en die ontwikkeling van 'n moontlike struktuur vir 'n VLR, moet bepaal word of die verteenwoordigende leerlingraad oor die vermoë beskik om te voldoen aan die hoop en aspirasies van die skooldeelneemers en of die VLR sal bydra tot die deelnemende bestuurstyl van die skool (Schlechty,1991:83).

Die daarstel van 'n fleksiwiese werkstruktuur is dus nodig om die herstrukturering van die bestaande skoolbeheerstruktuur aan te moedig. Dit is egter belangrik dat daar stabiliteit in die herstruktureringsproses moet bestaan (Treslan,1983:127; Schlechty,1991:83).

Leerlingdeelname toon dus volgens hierdie model die eienskappe van 'n vervlegtingshandeling, omdat skoolbestuur intravervlegd en kontemporeel voorkom; andersyds omdat skoolbestuur intervervlegd is met die VLR (beherende raad) wat saamgestel is uit onderwysers, leerlinge en lede van die topstruktuur van die skool (Van der Westhuizen,1995:54).

In figuur 2.5 word die invloed van die VLR (beherende raad) in die skoolgebeure (i.c. skoolbestuur) uitgebeeld (Treslan,1983:131):




Figuur 2.7: Invloed van die beherende raad (VLR) op skoolbestuur (Treslan,1983:131)

**Perspektief**

Uit bogenoemde model van 'n verteenwoordigende leerlingraad blyk dit duidelik dat die rol wat elke skooldeelnemer in die bestuursproses van die skool vertolk, interaktief moet plaasvind. Dit blyk ook duidelik dat die VLR 'n wye invloed uitoefen op spesifieke bestuursareas (vgl. figuur 2.5). Daar moet dus doelbewus beplan word om leerlingdeelname (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) by die skool te laat slaag.

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar sekere sake is waaroor meer duidelikheid verlang word:

- Watter waarneembare ooreenkomste en verskille bestaan daar tussen die bestaande en die verkose skoolbeheerstruktuur?
- Beskik die VLR oor die outoriteit om invloed uit te oefen op die totale bestuursproses soos uiteengesit in figuur 2.5?

## 2.5 BEPLANNINGSINISIATIEWE EN -DOELSTELLINGS VIR LEERLINGDEELNAME

Verskeie beplanningsinisiatiewe het by onderwysowerhede ontstaan na aanleiding van die behoefte om 'n langtermynvisie daar te stel, oor hoe leerlingdeelname (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) in die skool moet funksioneer en dit sluit die volgende in (Nussbaum *et al.*,1990:9):

- Die vaslegging van 'n uitgebreide verbondenheid by onderwysowerhede vir die daarstel van betekenisvolle onderwysgeleenthede en -ervaringe vir leerlinge.

- Om te help bou aan 'n beheersisteem wat die behoeftes van alle belangegroepe in die sekondêre skool die beste sal aanspreek.
- Die skep van geleenthede om leerlinge inspraak in beleidsaspekte te gee wat hul belange en behoeftes raak.
- Die daarstel van onderwysgeleenthede aan leerlinge om hul leerervaringe uit te brei in terme van beleidsvraagstukke, kollegialiwiteit en deelnemende besluitneming.

Deur rigting te gee aan leerlingleiers tot inspraak in sake wat hulle en die leerlinge wat hulle verteenwoordig raak, dien belangrike opvoedkundige, professionele en institusionele doelstellings. Dit is daarom belangrik dat opvoedkundige instellings koersvas hou by hul roeping om leierskap, rigting en opvoedende onderwys te verskaf (Nussbaum *et al.*,1990:11).

Die volgende beplanningsdoelstellings van die onderwysowerheid verskaf 'n raamwerk vir beplanningsinisiatiewe met betrekking tot leerlingdeelname (Nussbaum *et al.*,1990:11-15):

- **Verhoging van toegang tot beheermeganismes**

⇒ Om leerlingleiers te verseker van hul erkende en kontinue rol in die onderwysgebeure.

⇒ Om leerlingleiers te verseker dat hul deelname op 'n wye basis sal plaasvind sodat hulle kan identifiseer met die nuwe beheersisteem.

- **Verbetering van leerlingleiers se toerekenbaarheid**

⇒ Medeaanspreeklikheid is ingebou in die konsep deelnemende bestuur en dra daarmee saam die ooreenstemmende toerekeningsvatbaarheid vir die

volledige en noukeurige verteenwoordiging van die belange van hul mede-leerlinge in die skool.

⇒ Leerlingverteenwoordigers word verantwoordelik gehou vir die instandhouding van 'n amptelik verkose leerlingleierstrukture.

⇒ Leerlingverteenwoordigers tree op binne voorafbepaalde parameters van die skoolbeheerproses.

- **Verbetering van die kwaliteit en effektiwiteit van verteenwoordiging**

⇒ Leerlingverteenwoordigers moet deeglik bewus en goed ingelig wees, met betrekking tot die aspekte van verteenwoordiging sodat hulle gesonde oordele kan vel en hul medeleerlinge effektief kan verteenwoordig.

⇒ Die daarstel van alle toepaslike dokumentasie en materiaal met betrekking tot beheerapekte.

⇒ Die daarstel van metodes vir die uitbreiding van kennis en begrip rakende verteenwoordiging oor beleidsaspekte deur middel van 'n oriënteringsprogram aan die begin van die skooljaar en advies- en ondersteuningsdienste deur die loop van die jaar.

- **Verbetering van kommunikasie en koördinasie**

⇒ Gekoördineerde ontwikkeling van inligtings-, kommunikasie-, en koördineringsfunksies deur middel van gereelde ondersteuning en professionele betrokkenheid van personeel op 'n daaglikse basis.

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat al die skooldeelnemers gemeenskaplik moet beraadslaag vir die daarstel van duidelike en omvattende doelstellings vir

leerling om aan die onderwysproses deel te neem. Verteenwoordigende leerlingrade moet dan ook vooraf inisiatiewe aanwend om hul taak as verteenwoordiger van die leerlingpopulasie (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) te volvoer.

Die volgende saak uit die voorafgaande omskrywing verdien meer aandag:

- Op welke wyse sal die lede van die VLR en die VLR self medeaanspreeklik en toerekenbaar vir hul aksies gehou word?

Die voorafgaande beplanniningsaktiwiteite om leerlingdeelname in die skoolgebeure in te sluit, is egter nie ál bestuurstaak wat verteenwoordigende leerlingrade verlang om sy tweeledige taak (as verteenwoordiger van leerlingbelange in skoolgebeure en as verteenwoordiger van leerlinge op die bestuursliggaam van die skool) te vervul nie.

## 2.6 BESTUURSTAKE VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD

Wanneer daar oor die tweeledige taak (vgl. 1.2 ) van die verteenwoordigende leerlingraad in die skool besin word, blyk dit duidelik dat die verteenwoordigende leerlingraad se taak baie meer omvattend is as dié van die leerlingraad (vgl. 3.3.2, 3.3.9). Dit blyk verder dat die verteenwoordigende leerlingraad wat as outonome liggaam funksioneer sy bestuurstake (Beplanning, Organisering, Leidinggewing & Beheeruitoefening) só moet definieer, dat dit duidelik en omvattend is sodat leerlingdeelname in skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) en skoolbestuursgebeure (i.c. bestuursliggaam) doeltreffend sal plaasvind.

Daar kan egter nie in die literatuur duidelikheid verkry word oor die bestuurstake van die verteenwoordigende leerlingraad nie en daarom sal daar gepoog word om deur middel van onderhoudvoering duidelikheid hieroor te verkry (vgl. 4.2).

## 2.7 MINIMUM STANDAARDE VIR LEERLINGDEELNAME

Navorsing met betrekking tot bestaande strukture en meganismes vir leerlingdeelname in skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) en skoolbestuur, is dit eens dat die nakoming van sekere voorwaardes deur leerlingleiers 'n voorvereiste is vir effektiewe deelname (Nussbaum *et al.*,1990:3-4). Hierdie vereistes is die volgende:

- Gemeenskaplike belang van alle skoolbelangegroepe by die skool- en skoolbestuursgebeure. Voordat leerlinge hul verbind tot hierdie ideaal moet hulle eers betekenis daarin vind, met ander woorde, betekenis is 'n voorwaarde om verbonde tot enige aksie te voel (Maxcy,1994:46).
- Kontinuïteit in verhoudinge moet bestaan deur middel van die daarstel van lewensvatbare strukture en voldoende opleiding en beraadslaging met leerlingleiers.
- 'n Kollektiewe eenheid moet bestaan tussen leerlingleierstrukture om goeie rigting aan beheeruitoefening te gee.
- Doeltreffende leierskap en administratiewe ondersteuning moet aan leerlingleiers verbonde aan hierdie strukture verskaf word.

'n Demokratiese sekondêre skoolbeheerstruktuuur en beplanningsinisiatiewe om leerlingdeelname in die skool aan te moedig, sal daartoe lei dat leerlinge

bemagtig word om hulle aangeleerde bestuursvaardighede vrylik te beoefen. Dit vereis 'n verbondenheid van alle skooldeelnemers en onderwysowerhede tot die skep van 'n kultuur van demokrasie in die skole. (Nussbaum *et al.*,1990:10).
Ten einde 'n visionêre en goed gestruktureerde skoolbeheerstruktuur daar te stel wat sal omsien na die behoeftes van alle skooldeelnemers, moet onderwysowerhede getaak word met die verantwoordelikheid om minimum standaarde vir leerlingverteenwoordiging in skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) en skoolbestuur daar te stel.

Uit die literatuur kon slegs een bron opgespoor word waarin minimum standaarde vir leerlingdeelname in skoolbestuur vervat is. Alhoewél hierdie studie fokus op die taak van die VLR ten opsigte van die leerlinge in die skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange), word die minimum standaarde vir leerlingdeelname in skoolbestuur bespreek, omdat daar belangrike sake rakende bogenoemde taak van die VLR daaruit na vore kom.

Die volgende aspekte moet deel uitmaak van die minimum standaarde vir leerlingverteenwoordiging (Nussbaum *et al.*,1990:10,20-21):

- Beleid en prosedures wat leerlinge die geleentheid bied tot inspraak in skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange) en skoolbestuur.
- Voorwaardes en omvang van sodanige deelname deur leerlingleiers.
- Meganismes vir verteenwoordiging (VLR) en verkiesingsprosedures.

**Minimum standaarde vir leerlingdeelname**

- Die beheerliggaam van sekondêre skole moet beleid en prosedures daarstel wat aan leerlinge die geleentheid bied om deel te neem aan skoolbestuur. Beleid en prosedures moet die volgende insluit (Nussbaum *et al.*,1990:10,20-21):

⇒ Leerlinge moet die geleentheid gebied word om deel te hê aan die formulering en ontwikkeling van skoolbeleid en -prosedures. Hierdie reg sluit in die geleentheid om deel te neem aan prosesse waartydens aanbevelinge rakende die bestuursproses en formulering van beleid gesamentlik moet plaasvind en aan die bestuursliggaam verskaf moet word.

⇒ Behalwe in die geval van onvoorsienbare of noodsituasies mag die bestuursliggaam geen aksie neem oor enige saak wat 'n wesentlike invloed sal hê op leerlinge en hulle belange nie, totdat die geleentheid geskep word waartydens hulle gesamentlik aanbevelinge ten opsigte van die aksie kan maak.

⇒ Die bestuursliggaam moet elke leerlingorganisasie erken as verteenwoordigers van die belange en behoeftes van hul medeleerlinge. Die verkiesing van leerlingverteenwoordigers sal plaasvind na konsultering met die tersaaklike partye.

- Skoolbeleid en -prosedures wat 'n wesentlike invloed op leerlinge sal hê, sluit die volgende in:

- Graderingbeleid.

- Kode vir leerlinggedrag.
- Akademiese dissiplinêre beleid.
- Kurrikulumontwikkeling.
- Kursusse en programme.
- Werkswyse vir beplanning en begrotingsontwikkeling.
- Standaarde en beleid rakende leerlingdeelname.
- Leerlingdiensbaarheidsbeplanning (pupil services planning) en ontwikkeling.
- Enige ander beleid-, beplanning- of tersaaklike aspekte wat 'n invloed mag. hê op die leerlinge.

- Die bestuursliggaam moet redelike oorweging skenk aan die aanbevelinge van leerlinge soos die aanstel en evaluering van personeel.

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat die skoolbeheerstruktuur en die bestuursliggaam die verteenwoordigende leerlingraad as leerlingorganisasie en sy taak as verteenwoordiger van leerlinge en hul belange belange moet erken, verál met betrekking tot die formulering van beleid en -prosedures oor sake wat die leerlinge en die VLR raak in die skoolgebeure.

Dit blyk verder uit die voorafgaande dat daar sekere sake is waaroor daar onduidelikheid bestaan:

Watter minimum standaarde bestaan daar ten opsigte van die struktuur en funksie van 'n VLR? Die volgende aspekte moet in die struktuur en funksie van 'n VLR ingesluit wees:

- Verkiesingsprosedures.
- Besluitnemingsbevoegdheid.
- Toerekeningsvatbaarheid en regsaanspreeklikheid.
- Handelingsbevoegdheid van die lede van die VLR.
- Status van die VLR.
- Regsbevoegdheid van die VLR en sy lede.
- Regsverpligtinge van die VLR en sy lede.
- Affiliasie met soortgelyke liggame en verteenwoordiging op nasionale liggame.
- Dissiplinêre prosedure en kode met betrekking tot wangedrag van VLR-lede.
- Grieweprosedure wat leerlinge moet volg om sake onder die aandag van die VLR te bring.
- Onregmatige optrede van lede van die VLR en personeel van die skool.
- Regsposisie van die leerling as deelnemende bestuurslid.

## 2.8 REGSPOSISIE VAN DIE LEERLING AS DEELNEMENDE BESTUURSLID

Na aanleiding van prof. F. Venter en prof. J. Beckmann (telefoniese gesprek wat onderskeidelik plaasgevind het op 30 Januarie 1997 en 5 Maart 1997) blyk dit dat daar doelbewuste en duidelike inisiatiewe van die Nasionale en Provinsiale Onderwysdepartemente rakende die regsposisie van die leerling as deelnemende bestuurslid bestaan. Daar is op hierdie stadium nie duidelikheid oor die regsposisie van die leerling as deelnemende bestuurslid nie en daarom word die saak nie verder bespreek nie.

## 2.9 VOORDELE VAN DEELNEMENDE BESTUUR DEUR LEERLINGE

Uit die literatuurstudie kon die volgende voordele van demokratiese deelname deur die leerlinge in die skool verkry word. Alhoewél daar in hierdie studie gefokus word op leerlingdeelname in terme van die skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange en behoeftes) blyk dit dat leerlingdeelname voordelig kan wees ten opsigte van skoolbestuur.

Beide bogenoemde aspekte is inbegrepe in die tweeledige funksie van die VLR (vgl. 1.2). Uit die literatuurstudie blyk dit dat daar met betrekking tot leerlingdeelname nie duidelike onderskeid getref word tussen die twee funksies van die verteenwoordigende leerlingraad nie. Derhalwe kom daar daar ten spyte van hierdie leemte, steeds waardevolle inligting uit die volgende voordele van leerlingdeelname na vore:

- Leerlingdeelname kweek 'n gevoel van eienaarskap en verbondenheid jeens die waardes, doelstellings, standpunte en oortuigings van die skool (Rubin,1983:2; Weintraub,1984:31; Johnson,1991:3,11; Craigie *et al.*,1993:5; Makhubu,1993:33; Short & Greer,1993:165-186; Du Plessis,1994:70; Heath & Vik,1994:31).
- Leerlinge identifiseer met die beleid wat geformuleer word en kan dit ondersteun omdat hulle 'n aandeel daarin gehad het (Rubin,1983:6; Nussbaum *et al.*,1990:9; Makhubu,1993:36; Levin,1994:89).
- Leerlingdeelname in die beplannings- en besluitnemingsproses lei tot die verbreding en verbetering van leerlinge se kennis, vaardighede, talente, interpersoonlike verhoudinge, effektiwiteit, moraal, selfvertoue, selfbeeld en prestasie (Fullan,1982:158; Rubin,1983:6-7; Spindler & George, 1984:19;

Johnson,1991:3; Furtwengler,1991:10; Snyder *et al.*,1992:77; Makhubu, 1993:41).

- Leerlingleiers wat deel het aan die besluitnemingsproses verkry die persepsie dat hulle 'n belangrike rol in die skool vervul, wat op sy beurt bydra tot verhoogde produktiwiteit, vermindering in absenteïsme, tevredenheid, spontaneïteit, betekenisvolheid, innoverende gedrag, uitbouing van hul aspirasies en intellektuele gereedskap (Rubin,1983:7; Marklund & Otter,1985:4; Shor,1992:12,21; Craigie *et al.*,1993:5; Achilles,1994:13; Wachholz, 1994:81).
- Leerlingdeelname in die skool lei tot die afname in konflik en weerstandsimptome wat leerlinge koester ten opsigte van die skoolbeheerstruktuur (Crocki,1983:113; Rubin,1983:7).
- Leerlingdeelname verskaf aan leerlingleiers meer regte en voordele en lei tot die erkenning van leerlinge as deelnemers, kollegas en vennote van die onderwysinstelling (Nussbaum *et al.*,1990:9).
- Leerlingdeelname lei tot die ontstaan van verskeie tipes interaksies en gee aanleiding tot 'n natuurlike geleentheid vir die voortdurende akkumulasie van ervaring en die oordraging daarvan vanaf volwassenes (Karklina,1989:15; Levin,1994:89-90).
- Leerlingdeelname dra by tot die ontwikkeling van 'n positiewe skoolklimaat, eksperimentele leer van demokratiese prosedures en sosiale verantwoordelikheid vir die handelinge en foute wat hul begaan het, asook die rol wat hulle in die gemeenskap sal vervul (Crocki,1983:114; Furtwengler,1991:11; Craigie *et al.*,1993:5; Remley & Ruby, 1993:17,19).

- Leerlingdeelname leer leerlinge om 'n invloed op die wêreld rondom hulle uit te oefen en om dit te beheers deur middel van toepaslike kanale (Furtwengler,1991:10).
- Leerlingdeelname lei tot beter dissipline omdat leerlinge leer om hul huidige en voorgenome aksies in 'n wyer konteks te plaas en dit in verband met die langtermynvisie en doelstellings van die skool te bring (Furtwengler,1991:10).
- Leerlingdeelname met die gepaardgaande verantwoordelikheid rakende die oplossing van die skoolproblematiek dra daartoe by dat leelinge fokus op ander skooldeelnemers en op die welvaart van die skool (Furtwengler,1991:11).
- Navorsing (RSI: Reaching success through involvement) toon dat beheer 'n daadwerklike uitwerking op verskeie veranderlikes het, wat invloed op individuele en groepsprestasie uitoefen. Persone wat 'n hoë mate van beheer en eienaarskap ervaar, glo dat hulle iets kan vermag en laat gebeur en presteer beter as persone daarsonder (Langer,1989:20).
- Die aandeel wat leerlinge lewer deur hul deelname aan die skoolbestuursgebeure het 'n wesentlike uitwerking op die verbetering van skooleffektiwiteit (Furtwengler,1988; 1990a; 1990b).
- Dissipline in skole verbeter as gevolg van leerlingdeelname in skoolbestuur (Furtwengler,1988; 1990a; 1990b).
- Leerlingdeelname aan die skoolbestuursgebeure verhoog leerlinge se gevoel van behoort, hulle persepsie van die beheer oor aktiwiteite, gevoel van persoonlike verantwoordelikheid en die gevoel van gemeensaamheid (Furtwengler,1988; 1990a; 1990b).

- Leerlinge is van mening dat hulle kommunikasievaardighede verbeter het en dat hulle geleer het hoe om te kommunikeer met onderwysers en bestuurspersoneel rakende skoolaangeleenthede (Furtwengler,1991:5).
- Leerlinge is van mening dat hulle die nodige vaardighede aangeleer het om relevante en dikwels moeilike aspekte in die skoolsituasie te konfronteer (Furtwengler,1991:5).
- Leerlinge is van mening dat hulle geleer het om dinge in die skool gedoen te kry (Furtwengler,1991:5).
- Leerlinge het geleer om die rol van volwasse persone te vertolk en om skoolbestuursgebeure vanuit die personeel se perspektief te bekyk (Furtwengler,1991:5).
- Leerlinge is van mening dat hulle geleer het om as 'n span saam met volwassenes te werk (Moles,1990:77).
- 'n Bydrae word gelewer tot die progressiewe komponent van sekondêre skoolbeheer (Treslan,1983:131).
- Alle skooldeelnemers verál leerlinge word voorsien van die geleentheid om deel te neem aan langtermynbeplanning en beleidsformulering wat relevant is vir die skoolbeheerstruktuur (Treslan,1983:131).
- Leerlingleiers onvang deur hul inspraak in skoolbestuursgebeure 'n vollediger begrip van sekondêre skoolbeheer (Treslan,1983:131).
- Die geleentheid ontstaan vir alle skooldeelnemers om op 'n direkte of indirekte wyse deelname aan skoolbeheer te kry (Treslan,1983:131).
- Leerlinge, onderwysers en bestuurspersoneel verkry die geleentheid om as vennote in die besluitnemingsproses te funksioneer, rakende langtermyn beplanningsinisiatiewe (Treslan,1983:131).

- 'n Vernouing van die grense wat deur sosiale vervreemding tussen professionele personeel en leerlinge van die sekondêre skool veroorsaak is, vind plaas (Treslan,1983:131).
- Die ontwikkeling van 'n goeie interaktiewe invloedsisteem binne die sekondêre skool vind plaas (Treslan,1983:131).
- Verandering in die interne omgewing van die sekondêre skool vind plaas as gevolg van die implementering van beplanningsinisiatiewe rakende leerlingdeelname in skoolbestuur en die operasionalisering daarvan (Treslan,1983:131).
- Verbetering van gunstige houdings teenoor leerlingdeelname aan die skoolbestuur sodat dit lei tot die ontwikkeling van wedersydse vertroue en geloof (Treslan,1983:131).

## 2.10 NADELE VAN DEELNEMENDE BESTUUR DEUR LEERLINGE

Die fenomeen leerlingdeelname gaan gepaard met weerstand en verskeie teen-argumente waarom leerlingdeelname nie moet plaasvind in skoolbestuur nie.

Uit die literatuur word die volgende redes aangevoer waarom leerlingdeelname in skoolbestuur nie sal slaag nie en dit blyk ook in hierdie teenargumente, dat klem gelê word op slegs een van die funksies van die VLR, naamlik deelname aan skoolbestuur (vgl. 2.9):

- Onwilligheid van regeringsweë om mag na laer vlakke in die onderwysbeheerstruktuur af te skuif (Hanson,1989:46).
- Partypotitiek wat lei tot die polarisering van die onderwysbeheersisteem (Rubin,1983:22; Madigoe,1993:9).

- Gebrek aan vermoëns, ervaring, opgeleide en kundige leerlinge wat kan deelneem aan skoolbestuur (Rubin,1983:23; Callin,1988; Bottery,1990:238; Levin,1994:88-97; Grace,1995:202).
- Algemene gebrek aan begrip met betrekking tot beginsels, doelwitte en meganismes rakende leerlingdeelname asook sekere vooroordele en die gaping wat bestaan tussen aanvaarde denkrigtings en die huidige praktyk (Treslan, 1983:124; Johnson,1991:11).
- Onderwysbestuurspersoneel voel bedreig deur die deelname van leerlinge aan die bestuursproses (Johnson,1991:2).
- Onderwysowerhede is van mening dat leerlingdeelname aan die skoolbesluitnemingsproses hul magsbasis sal versteur (Rubin,1983:17; Johnson,1991:2; Lauglo,1995:8).
- Gebrek aan kontinuïteit veral omdat hierdie leerlingleierstrukture ontbind of verander sodra nuwe persone beheer oorneem (Rubin,1983:22; Makhubu,1993:57).
- Die werkslas in terme van die onderrig- en beplanningaktiwiteite is te groot om sodanige vernuwings te implementeer (Rubin,1983:22).
- Onvermoë om sekere inligting konfidensieel te hou wanneer leerlinge inspraak in skoolbestuur het (Rubin,1983:22).
- Die tradisionele eenrigtingvloei van kommunikasie van die topstruktuur van die skool na onder kan versteur word (Johnson,1991:2).
- Wantroue in leerlinge se vermoëns, vaardighede en gesamentlike oordeel (Johnson,1991:2).
- Gebrekkige beklemtoning van die behoefte aan leerlingdeelname by skole (Treslan,1983:124; Leatt,1988:10; Schmuck & Schmuck,1991:86).

- Tradisionele beskouing dat leiers lei en volgelinge moet volg word aangevoer (Johnson,1991:4).
- Die magsverhouding waarin die bestuurspersoneel tot die leerlinge staan word onderskryf deur die "in loco parentis" verhouding. Dit gee aanleiding tot 'n onwilligheid by hierdie persone om na leerlinge te luister en te erken dat hulle 'n waardevolle bydrae kan lewer tot die onderwysproses (Rudduck,1996:3).
- In skole waar 'n VLR of soortgelyke leierstrukture bestaan is die algemene persepsie by die leerlinge dat hierdie liggame nie daarin slaag om leerlinge aan te spoor tot betekenisvolle deelname aan skoolbesluitneming nie (Craigie *et al.*,1993:4).
- Die VLR word deur die leerlingraad beskou as 'n "elite"- groep leerlinge wat nie wil aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van hul medeleerlinge nie. Dit lei tot 'n apatiese houding teenoor die VLR en gevolglik 'n vrywillige verkiesbaarheidstelling tot die SRC (Pearl,1988:41; Craigie *et al.*,1993:13).
- Fundamentele waardes wat bestaan tussen opvoeders en leerlinge is só vêr van mekaar verwyder as gevolg van die generasiegaping, dat enige aksie met betrekking tot die inisiëring van leerlinginspraak in skoolbestuur sal misluk (Treslan,1983:11; Johnson,1991:7).
- Oorbeklemtoning van die konsep deelnemende bestuur deur bestuurspersoneel lei tot verwarring in demokratiese beginsels (Johnson,1991:24).
- Deelnemende besluitneming word verwar met demokrasie as gevolg van die oorbeklemtoning van demokratiese beginsels sodat geen finale besluitnemingsoutoriteit in die skoolbeheerstruktuur bestaan nie (Johnson,1991:24).

- Leerlinge is steeds in 'n proses van volwassewording en identiteitsvorming en steun sterk op die positiewe leiding van volwassenes. Te veel druk en vryheid kan egter ontaard in 'n negatiewe agenda by leerlinge (Madigoe,1993:14-15).
- Leerlinge beskik nie oor die intellektuele vermoëns, kennis en vaardighede met betrekking tot die maak van keuses en neem van besluite nie (Levin,1994:33-34; Grace,1995:202).

## 2.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is eerstens gekyk na leerlingdeelname as demokratiese beginsel deur onder andere op die vraag te fokus waarom deelname deur leerlinge en die behoefte aan strukture vir sodanige deelname nodig is?

Demokratiese deelname, bemagtiging, inspraak, vryheid en vennootskap as demokratiese beginsels met betrekking tot leerlingdeelname is ook bespreek.

Vervolgens is daar gefokus op die struktuur en funksionering van die leerlingraadstelsel om sodoende meer duidelikheid te verkry vir die daarstel van 'n verteenwoordigende leerlingleierstruktuur (VLR).

Om bogenoemde te bereik, is verskeie beplanningsdoelstellings en beplanningsinisiatiewe vir leerlingdeelname bespreek en is ses beplanningsaktiwiteite vir suksesvolle funksionering van 'n verteenwoordigende leerlingraad toegelig. Laastens is daar gefokus op die daarstel van minimum standaarde vir leerlingdeelname en is die voor-en nadele van leerlingdeelname bespreek.

# HOOFSTUK 3

# 'n Oorsig oor praktyke van leerlingverteenwoordiging in enkele onderwysstelsels

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die praktyke van leerlingverteenwoordiging en sal verál ondersoek gedoen word na die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in enkele onderwysstelsels.

Vervolgens word aandag gegee aan die volgende lande onder andere die RSA, België, Engeland, Italië, Nieu-Seeland en die VSA. Die rede hiervoor is eerstens omdat dit blyk dat daar in verskeie van hierdie lande leerlingleierstrukture bestaan waarin leerlinge verteenwoordig is en omdat leerlingverteenwoordiging in enkele van hierdie lande die vorm van 'n verteenwoordigende leerlingraad aanneem.

Tweedens is dit belangrik om ondersoek te doen na die ervaring van die internasionale gemeenskap, sodat riglyne daaruit afgelei kan word vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in die RSA.

Om hierdie doel te bereik, sal elke onderskeie onderwysstelsel op die volgende wyse toegelig word:

- Struktuur van die onderwysstelsel.

- Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging.
- Doelstellings van verteenwoordigende leerlingleierstrukture.
- Funksionering van verteenwoordigende leerlingleierstrukture.
- Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging.

Ten einde die navorsingsdoelwit te bereik, is verskeie probleme ondervind en word hierdie probleme vervolgens toegelig.

## 3.2 PROBLEME MET DIE ONDERSOEK

Die navorsing met betrekking tot navorsingsdoelwit twee is bemoeilik as gevolg van die gebrek aan bronne. Daar kon baie bronne opgespoor word oor die struktuur en funksionering van leerlingrade maar omdat verteenwoordigende leerlingrade 'n nuwe konsep in die RSA is, is daar baie min bronne daaroor beskikbaar. Die DIALOG-soektog het sowat vyf en vyftig bronne opgelewer, maar slegs vyf en dertig bronne, waarvan heelwat tydskrifte was, kon gebruik word.

Benewens inligting wat in die RSA verkry kon word, is verskeie ambassades geskakel om die adresse, faks -en telefoonnommers van persone te verkry wat bystand sou kon verleen, met betrekking tot die verkryging van tersaaklike inligting vir die ondersoek. Die joernaal van die statebondraad vir onderwysadministrasie ('Mac' Macpherson,1994:64-65) is ook geraadpleeg om name en adresse van Statebond geaffilieerde organisasies te verkry.

Die president van die statebondraad vir onderwysadministrasie (CCEAM) is ook genader om die name en adresse van geaffilieerde organisasies van die statebond in Afrika te verkry soos Ghana, Kenia, Namibië, Nigerië, Swaziland,

Zambië en Zimbabwe met die doel om ondersoek te doen na die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in die Derdewêreldlande.

In die navorsing wat oor die praktyke van leerlingverteenwoordiging in die buiteland gedoen is, is baie inligting gevind oor leerlingverteenwoordiging op die bestuursliggaam (i.c. skoolbestuur) van skole. Min inligting is beskikbaar oor verteenwoordigende leerlingrade se funksie as verteenwoordigende liggaam van die leerlinge in die skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange en behoeftes) en hoe dit deur die leerlinge verkies is. Oor hierdie bepaalde probleem word verder inligting verkry.

Die navorsing is verder bemoelik deur die swak respons op briewe en fakse wat na bogenoemde organisasies en persone versend is. Heelwat telefoonoproepe is gemaak, maar is óf onbeantwoord gelaat óf geen reaksie is ontvang op inligting wat aangevra is nie. Gevolglik kon geen data gerapporteer word van enige Dêrdewêreldlande nie en word volstaan met die inligting wat van genomineerde lande ontvang is.

Tabel 3.1 gee 'n uiteensetting van die verskeie lande van wie inligting aangevra is en die lande wat daarop gerespondeer het:

| LAND | UITGESTUUR | TERUG ONTVANG | |
|---|---|---|---|
| Australië | 1 | Nee | |
| Kanada | 1 | Nee | |
| Engeland | 1 | Nee | |
| Ghana | 1 | Nee | |
| Kenia | 1 | Nee | |
| Namibië | 1 | Nee | |
| Nieu Seeland | 1 | | Ja |
| Nigerië | 1 | Nee | |
| Swaziland | 1 | Nee | |
| Zambië | 1 | Nee | |
| Zimbabwe | 1 | Nee | |
| totaal: | 11 | 10 | 1 |

Tabel 3.1: Response

Vervolgens word die praktyke van leerlingverteenwoordiging in die RSA bespreek deur onder andere te fokus op die leerlingraadstelsel en verteenwoordigende leerlingrade. Die doel daarmee is om die leemtes in die leerlingraadstelsel te identifiseer en om te besin waarom die leerlingraadstelsel 'n transformasieproses moet ondergaan.

## 3.3 PRAKTYKE VAN LEERLINGVERTEENWOORDIGING IN DIE RSA

Demokratisering van die onderwysstelsel in die RSA het meer momentum gekry deur die publikasie van twee Witskrifte oor Onderwys en Opleiding, onderskeidelik in 1995 en 1996 asook die Suid-Afrikaanse Onderwyswet in 1996. Hiervolgens word groter demokratiese deelname deur ouers, leerlinge en onderwysers in die skool voorgestaan wat op sy beurt weer daartoe bygedra het dat die leerlingleier die ideale geleentheid gebied word om medebetrokke by skoolgebeure te wees en om medeseggenskap te verkry sodat doeltreffender skoolbestuur kan plaasvind.

Vervolgens sal verslag gedoen word oor die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade (bekend as SRC's) in 'n predemokratiese Suid-Afrika. Die rede hiervoor is om eerstens meer lig te werp op die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in swart skole voor die demokratiese verkiesing van Suid-Afrika in 1994; tweedens om tersaaklike inligting doelmatig in hierdie ondersoek aan te wend.

Vir hierdie doel sal aandag gegee word aan die volgende aspekte:

- Struktuur van die onderwysstelsel.
- Ontstaan van verteenwoordigende leerlingrade in die RSA.
- Doelstellings van verteenwoordigende leerlingrade.
- Funksies van verteenwoordigende leerlingrade.
- Beginsels vir die funksionering van verteenwoordigende leerlingrade.
- Samestellingstruktuur van verteenwoordigende leerlingrade.
- Statutêre voorskrifte vir 'n konstitusie van 'n VLR.
- Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging.

### 3.3.1 Struktuur van die onderwysstelsel van die RSA

Die RSA verkeer midde-in wesentlike onderwyshervorminge as gevolg van die demokratiese verkiesing van 1994. Die verkiesing het daartoe bygedra dat die beheer oor onderwys onder een nasionale onderwysdepartement geplaas is en dat die verdere koördinering van onderwys in nege provinsies, elk met 'n eie onderwysdepartement, wat as eenheidstrukture funksioneer, gestruktureer is (Du Plessis,1994:1; Maxcy,1994:47).

Gevolglik bring onderwyshervorminge die onderwys by die mense uit vir wie dit bestem is en groter demokratiese deelname word voorgestel wat impliseer dat leerlinge in die bestuur van sekondêre skole betrek word (Du Plessis,1994:1; Maxcy,1994:47; SA,1995:71-75; SA,1996a:15-17).

Die beheer van openbare skole vind plaas onder die direkte beheer van die hoofde van die provinsiale onderwysdepartemente in elke provinsie. Die beheer van openbare skole is gesetel in die beheerliggaam van elke openbare skool, terwyl die professionele bestuur van die openbare skool deur die skoolhoof onder die gesag van die departementshoof onderneem word (SA, 1996c:15).

### 3.3.2 Struktuur en funksionering van die leerlingraadstelsel

Om 'n duidelike onderskeid te maak tussen die leerlingraadstelsel en verteenwoordigende leerlingrade is dit nodig, dat die struktuur en funksionering van die leerlingraadstelsel van nader beskou word. Die Transvaalse Onderwysdepartement word as voorbeeld gebruik omdat leerlingrade in bykans al die blanke sekondêre skole bestaan het (TOD,1990).

'n Leerlingraadstelsel is een van die wyd eenlopende maniere waarop leerlingleiers betrek kan word om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van leierskap en die verwerwing van 'n sin vir verantwoordelikheid by leerlinge.

Alhoewel die Transvaalse Onderwysdepartement nie voorskriftelik was met betrekking tot die aanwys of verkiesing van leerlingrade nie (TOD,1990:6), word vervolgens gefokus op die doelstellings van die skool met leerlingrade, funksies, funksionering, verkiesingsprosedures, grondwet en die organisasie-struktuur van die leerlingraadstelsel soos dit tans bestaan. Die doel hiermee is

om fundamentele insig te verkry vir die daarstel van verteenwoordigende leerlingleierstrukture en ruimte te skep sodat die nuwe (verteenwoordigende leerlingrade) langsaan, of in die plek van die oue (leerlingrade) moet ontwikkel (Keath,1996:71).

### 3.3.2.1 Doelstellings van die skool met leerlingrade

Die primêre doelstellings van die skool met leerlingrade is om leiers te ontwikkel en op te lei (Coetzee,1987:283), terwyl die sekondêre doelstellings daarop dui dat die leerlingraad as verteenwoordigers van die leerlinge moet optree en as skakel moet dien tussen die leerlinge en personeel (Coetzee,1987:279; Du Plessis,1994:30-40).

### 3.3.2.2 Doel en funksie van leerlingrade

Die doel van 'n leerlingraad as bestuursliggaam word beskou as die plek waar leerlingleiers kan deelneem aan die besluitneming rakende leerling-aangeleenthede (Gorton,1976:332-333). Die algemene doelstelling van die leerlingraad is om die Christelike karakter van die skool te help handhaaf (De Beer,1992:15), die skool se kulturele verenigingslewe uit te bou en die leerlinge se morele en godsdienstige ontwikkeling te ondersteun (Firmani,1982:293).

Die volgende funksies van die leerlingraad verwesenlik die doelstellings van die skool met die leerlingraad:

- Die leerlingraad dien as verteenwoordiger van die leerlinge (Firmani,1982:95; De Beer,1992:12; Du Plessis,1994:36).
- Die leerlingraad dien as skakel tussen onderwysers, leerlinge en leerlinggroepe (Cawood *et al.*,1989:134; De Beer,1992:12).

- Die leerlingraad motiveer die leerlinge tot deelname aan sport- en kulturele aktiwiteite (De Beer,1992:13).
- Die leerlingraad help met die handhawing van dissipline (Cawood *et al.*,1989:193; De Beer,1992:14; Du Plessis,1994:36).
- Die leerlingraad moet burger-, skolier- en leierskap onder leerlinge bevorder (De Beer,1992:15; Du Plessis,1994:36).
- Die leerlingraad moet die skooltradisie handhaaf en uitbou (De Beer,1992:15).
- Die leerlingraad dra by tot doeltreffende skooladministrasie (Cawood *et al.*,1989:158; De Beer,1992:15).
- Die leerlingraad help om die Christelike karakter van die skool te handhaaf (Firmani,1982:293; De Beer,1992:15; Du Plessis,1994:32).
- Ander take en pligte kan aan die leerlingraad opgedra word (Du Plessis,1994:23).
- Die leerlingraad is behulpsaam met roetinepligte in verband met skoolorganisasie (Cawood *et al.*,1989:158; De Beer,1992:15).
- Die leerlingraad doen vooruitbeplanning vir die jaar se programme (Du Plessis,1994:36).

**3.3.2.3 Funksionering van die leerlingraad**

Dit is nie slegs belangrik dat strukturering van die gebeure (verkiesing en funksionering) van die leerlingraad plaasvind nie, maar ook dat die leerlingraad gestruktureerd moet wees sodat leerlingbestuur suksesvol sal plaasvind (Du Toit,1991:76).

Die leerlingraad funksioneer onder leiding van die skoolhoof en leerlingraadvoogde terwyl die hoofseun en hoofdogter direk met die leerlingraadvoogde skakel, ten einde 'n oop kanaal tussen die leerlingraadlede en leerlingraadvoogde te bewerkstellig. Die dagbestuur van die leerlingraad bestaan uit die onderhoofseuns en onderhoofdogters van die onderskeie subkomitees (akademies, kultureel en sport) tesame met die hoofleiers en vergader weekliks.

Elke standerd het twee leerlingraadlede (seun en dogter) as voogde (St 6- 10) die res is addisionele lede. Die twee leerlingraadslede per standerd vorm die standerdkomitee met die seun as voorsitter en die dogter as sekretaresse terwyl al die klasleiers van die standerd die ledetal vorm. 'n Klaskomitee word ook saamgestel bestaande uit die klasleiers (as voorsitter/-ster en sekretaris/-esse) en drie tot vier klasleerlinge (Du Toit,1991:76).

### 3.3.2.4 Verkiesingsprosedures van die leerlingraad

Die volgende algemene verkiesingsprosedures bestaan (TOD,1990:9-12; De Beer,1992:25-26):

- Alle senior leerlinge sowel as personeel kan kandidate nomineer terwyl die leerlingraad en ander komitees (byvoorbeeld sportraad) ook nominasies kan indien. Die finale lys nominasies moet minstens dubbel die hoeveelheid name bevat as wat verkies sal word.
- Die personeel besit vetoreg met betrekking tot genomineerdes en kan by die topbestuur besware aanteken. Teenbesware kan by personeel gemaak word om onbilikheid teenoor leerlinge te voorkom. Die personeel word nie beperk ten opsigte van die hoeveelheid nominasies nie.

- Die verkiesing vind plaas in die teenwoordigheid van die klasonderwyser, voogonderwyser en die organiseerders. Duidelike verkiesingsvoorskrifte moet kieslyste vergesel en elke geslag stem slegs vir sy eie geslag.
- Die gewig wat stemme dra, kan eweredig versprei word tussen die leerlingraad, personeel en leerlinge sodat elke groep se stemme 'n derde tel. Vir groter beheer kan die verhouding verander word na byvoorbeeld personeel 50%, leerlingraad 25% en die leerlinge 25%.
- Die verkiesingsprosedures word gekontroleer deur die skoolhoof en onderhoude word gevoer met verkose lede. Die verkiesing vind demokraties plaas en sluit die vetoreg van opvoeders in.
- Hoofleiers word verkies op grond van die meeste stemme wat verwerf is, waarna onderhoude met verkose kandidate gevoer word.

**3.3.2.5 Grondwet van die leerlingraad**

Die grondwet van die leerlingraad word skriftelik geformuleer met die doel om die volgende te bereik (Cawood & Swartz, 1981:101):

- Leerlinge en onderwysers te dwing om oor die funksie van die leerlingraad te besin.
- Mooi gebruike en tradisies van die skool vas te lê.
- As riglyn vir die aktiwiteite van die leerlingraad te dien.
- Die leerlingraad te begrens.

Die grondwet sluit die volgende aangeleenthede in (Cawood & Swartz,1981:102-106):


- Doelstellings.

- Magte en bevoegdhede.
- Lidmaatskap.
- Verkiesing van lede.
- Taakomskrywing van leerlingraadlede.
- Funksionering van die leerlingraad.
- Rol wat die leerlingraadvoogde vertolk.
- Wysiging van die grondwet.

### 3.3.2.6 Organisasiestruktuur van die leerlingraad

Die leerlingraad word as lyn-en staforganisasie voorgestel omdat persone wat advies en deskundige raad bedien op indirekte wyse tot die lynorganisasie bygevoeg word (Van der Westhuizen,1995:172; De Beer,1992:16).

'n Tipiese organisasiestruktuur van die leerlingraad word in figuur 3.1 voorgestel.




Figuur 3.1: 'n Moontlike organisasiestruktuur van die leerlingraad (Van der Westhuizen,1995:172; Prinsloo & Van Rooyen, 1995:368 & Du Toit,1991:77)

**Perspektief**

'n Duidelike aspek wat na vore tree uit die voorafgaande is dat 'n leerlingraad 'n leerlingorganisasie is wat uit leerlinge bestaan, wat leerlinge verteenwoordig, leerlinge as leiers ontwikkel en wat slegs besluite neem rakende leerlingaangeleenthede.

### 3.3.3 Die ontstaan van verteenwoordigende leerlingrade in die RSA

Die ontstaan van verteenwoordigende leerlingrade moet gesien word in samehang met die ekonomiese, sosiale en politieke gebeure van 16 Junie 1976 en voorafgaande jare wat gekenmerk is deur leerlingprotesaksies (Hyslop, 1989:61). Die vernaamste faktor van studente-optrede op 16 Junie 1976 was gewortel in die afdwing van Afrikaans as onderrigmedium in verskeie vakke, asook as gevolg van die aard van die totale stelsel van onderwys in die RSA in die algemeen (Saspu Focus,1983:22).

Hierdie faktor en verskeie ander soos die swak gehalte van onderwys vir swartes, tekort aan klaskamers, hoë leerling-onderwyser-verhoudings, en ongekwalifiseerde onderwysers het gelei tot die ontstaan van die *Soweto Students Representative Council* (SSRC), waaruit die SRC uiteindelik ontstaan het (Brooks & Brickhill,1980:95-96; Saspu Focus,1983:22; Alexander, 1988:7-9; Cross,1991:38,39; SA,1997a: 1-4).

Die eis van swart leerlinge om verteenwoordigende leerlingrade daar te stel, was uitsluitlik daarop gerig om groter beheer oor hul onderwys te bewerkstellig. Swart leerlinge wou daardeur poog om onafhanklike verteenwoordigende leerlingrade, buite die beheer van onderwysowerhede te stig. Dit sou daartoe lei dat verteenwoordigende leerlingrade 'n direkte sê sou hê in die bestuur van hulle

skole asook in sake wat hulle raak. Die VLR het ook aanspraak gemaak op administratiewe- en finansiële ondersteuning van die skool (SA,1997a:1-4).

Verteenwoordigende leerlingrade was goed onderlê in die beginsels van demokrasie, terwyl die VLR onderskryf is deur die beginsel dat dit 'n liggaam is wat uit studente bestaan, wat gekies word deur studente met die doel om hul belange te behartig (Saspu National,1986:20). Die VLR het dus ontstaan vanuit die behoefte van leerlinge en is ook deur hulle georganiseer. Verteenwoordigende leerlingrade het in verskillende skole gefunksioneer, alhoewel hul konstitusies van skool tot skool verskil het. Hierdie stukture is ontwerp in ooreenstemming met die filosofie van verskeie politieke organisasies, terwyl dit slegs gebaseer behoort te word op die behoeftes van die leerders (Bekker *et al.*, 1976:76; Liebertrau,1987:270-271).

### 3.3.4 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingrade in 'n pre-demokratiese Suid-Afrika

- Die aanvanklike doelstellings van die *Soweto Students Representative Council* (SSRC) was die loodsing van 'n vreedsame protesaksie teen die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in skole en om beswaar te maak teen die onderwys vir swartes wat gekenmerk is deur ongelyke onderwysgeleenthede (Brooks & Brichill,1980:22; Pitt & Mitchell,1992:8).
- Die volgende aanvanklike doelstellings was die wegbereider vir die uiteindelike doelstellings van die VLR (Du Plessis,1994:32).
- Die VLR is verteenwoordigers van die medestudente in alle sake rakende hul onderwys en dien as 'n skakel tussen die studente, die personeel, gemeenskap en departement.

- Die VLR moet kontak met ander organisasies maak en moet die studente verteenwoordig.

Vanuit die aanvanklike doelstellings is die volgende geformuleerde doelstellings in die konstitusie van die VLR opgeneem en word die invloed, wat die gebeure van 16 Junie 1976 daarop gehad het daarin weerspieël. 'n Belangrike demokratiese beginsel kom ook hieruit na vore, naamlik dat kanale geskep word waarlangs leerlinge hul griewe en behoeftes kon bekend maak (Saspu national,1986:20):

- Om te dien as verteenwoordigers van hul medestudente in alle sake rakende hul onderwysbehoeftes.
- Om te dien as kanaal van kommunikasie tussen leerlinge onderling, leerlinge en personeel asook tussen leerlinge en die departement van onderwys.
- Om sosiale, kultuur- en sportaktiwiteite vir leerlinge te reël en te organiseer deur middel van die daarstel van klubs en verenigings.
- Om met enige organisasie betrokke met onderwyssake te affilieer.
- Om leerlinge van die skool op die streeksverteenwoordigende leerlingraad te verteenwoordig. Die VLR sal ook my magte wees om op sodanige wyse op te tree as wat hulle nodig vind om hul doel te bereik.

### 3.3.5 Funksies van verteenwoordigende leerlingrade in 'n pre-demokratiese Suid-Afrika

Uit die literatuur blyk dit eerstens dat verteenwoordigende leerlingrade in die RSA slegs in swart skole bestaan het en dat hulle verenigde demokratiese leerlingorganisasies was. Dit blyk dat die doel van die VLR was om hul mede-

leerlinge, die gemeenskap en die skool te dien soos afgelei kan word uit die doelstellings van die VLR (Pitt & Mitchell,1992:10; Du Plessis,1994:20).

Tweedens is dit belangrik om daarop te let dat leerlingrade wél gefunksioneer het in blanke en swart skole. Leerlingrade in swart skole het egter nie die taak van die verteenwoordigende leerlingraad vervul nie.

Die volgende funksies van die VLR het voortgevloei uit die doelstellings van die VLR (Manual for principals of schools: Lebowa Education Department, 1986; Liebertrau,1987:278):

- Die VLR moet 'n doeltreffende kommunikasiekanaal daarstel tussen die leerlinge, onderwysers en die topstruktuur van die skool en dit is ook belangrik dat die VLR saamgestel word volgens duidelike konstitusionele beginsels.
- Die VLR moet waak teen enige vorm van manupulasie wat mag voortvloei vanuit leerlinggeledere en wat kan lei tot die bevordering van persoonlike en politieke oogmerke.
- Die VLR moet te alle tye polities neutraal bly en dit is belangrik dat demokratiese beginsels moet geld ten opsigte van vryheid van spraak, beweging en uitdrukking.
- Die VLR moet op hoogte wees van die organisasiestruktuur van die skool en moet prosedures stiptelik gevolg word.
- Die VLR moet poog om die sosiale, religieuse, kulturele en onderwysbehoeftes van die leerlinge aan te spreek.

- Die VLR moet eerder leerlinge aanmoedig om betrokke te raak by aktiwiteite en besprekings, in plaas van om dwang te gebruik om leerlinge aan regulasies te konformeer.
- Die VLR moet as bemiddelaar dien tussen die leerlinge en die beheerliggaam van die skool.
- Dit is ook die VLR se verantwoordelikheid om die skool te ondersteun in sy taak om opvoedende onderwys aan die leerlinge te verskaf.

Die volgende funksies kan ook bygevoeg word om deel te vorm van die funksies van die VLR (Du Plessis,1994:20):

- Om leerlingeenheid uit te bou en sodanig te organiseer dat hulle kan dien as 'n sterk verenigde front. Om dit te doen, moet die VLR leerlinge aanmoedig om betrokke by skoolbedrywighede te wees.
- Die VLR moet omsien na die behoeftes van leerlinge en moet luister na hul probleme en klagtes asook help om dit op te los. Die VLR is daar om die leerlinge te verteenwoordig en dit is dus belangrik dat die beeld by die leerlinge geskep word dat die VLR in hul belang optree.
- Die VLR moet leerlinge op hoogte hou van gebeure in die skool en in die gemeenskap.
- Die VLR moet meewerk aan die daarstel van 'n goeie verhouding met onderwysers en ook help om probleme tussen leerlinge en onderwysers op te los.
- Die VLR behoort saam te werk met ouers van leerlinge en moet deurentyd besef hoe belangrik dit is dat ouers en leerlinge mekaar ondersteun.

- Die VLR kan inskakel by ander skole in die omgewing en sodoende kan algemene probleme bespreek word, idees uitgeruil word en gesamentlike beslissings geneem word.
- Die VLR kan ook inskakel by ander organisasies om leerlinge dus in staat te stel om kennis te neem van die probleme wat werkers in ondernemings ervaar sodat hul gesamentlik daarop kan reageer.

### 3.3.6 Beginsels vir die funksionering van 'n VLR

Indien die geleentheid vir leerlinge geskep word om formele inspraak in die bestuur van die skool te hê, is dit belangrik dat daar gefokus word op sekere beginsels waarvolgens die VLR moet funksioneer en binne watter parameters dit moet plaasvind (SA,1997e:1-3). Die volgende beginsels word onderskei:

**'n Demokratiese besluitnemingsproses**

Besluitneming in die VLR moet demokraties plaasvind wat impliseer dat besluitneming geskied ooreenkomstig die meerderheidstem. Elke lid van die VLR kan aan besprekings deelneem en besit die reg om hul standpunt te stel en van mekaar te verskil. Die reg om van mekaar te verskil moet gerespekteer word, alhoewel die reg van 'n leerling om sy standpunt te stel, nie impliseer dat hy ander mag domineer nie en ook nie dat hy 'n langer spreekbeurt as ander kan ontvang nie. Die voorsitter van die vergadering moet daarom poog om ewe veel tyd aan elke standpuntstelling toe te wys, sodat geen persoon benadeel word nie.

Nadat standpunte bespreek is, word besluite geneem ooreenkomstig die meerderheidstem (tensy anders bepaal in die konstitusie van die VLR). Besluite is bindend op alle lede van die VLR, leerlinge van die skool, die VLR as geheel asook op lede wat teen die besluite gestem of daarvan verskil het.

Die reg om te verskil verval dus sodra besluite geïmplementeer moet word, omdat dit in die taak van die VLR opgeneem is. Die ideale demokraat binne die VLR sal dus die persoon wees wat ten spyte van sy verskille, 'n besluit doelgerig en toegewyd implementeer sodat die doelstellings van die VLR bereik kan word.

Derhalwe impliseer dit nie dat besluite wat geneem word altyd eers bespreek kan word nie, omrede noodsituasies by tye haastige besluitneming mag verg. By 'n latere geleentheid moet sodanige besluite bespreek word, die redes daarvoor verskaf word en indien dit die goedkeuring van die meerderheid lede wegdra, kan dit formeel aanvaar word en as bindend beskou word.

**Mandaat**

Die VLR tree primêr op as die verteenwoordiger van die leerlinge, daarom verteenwoordig lede van die VLR, leerlinge op verskeie strukture soos die beheerliggaam in die skool. Belangrike informasie wat uit hierdie vergaderings voortvloei, moet met die leerlinge van die skool bespreek word. Dit dra daartoe by dat die VLR die belange van die meerderheid leerlinge verteenwoordig en nie dié van individuele lede nie.

**Stiptheid**

Stiptheid verwys na die vermoë om altyd betyds te wees. Dit impliseer dat geskeduleerde vergaderings van die VLR stiptelik moet plaasvind en dat daar nie van die aanvangstye van vergaderings afgewyk mag word nie. Wanneer vergaderings laat begin, as gevolg van lede wat laat arriveer, sal dit lede wat altyd betyds is aanmoedig om ook laat te kom.

Verskonings moet dus formeel gemaak word indien 'n lid van die VLR nie 'n vergadering kan bywoon nie, of indien hy/sy laat sal arriveer. Herhaaldelike oortreding van hierdie beginsel sal daartoe lei dat sodanige lid hom/haar blootstel aan dissiplinêre optrede tensy daar 'n wettige en aanvaarde verskoning aangebied is.

**Toerekenbaarheid**

Die VLR moet die aksies van sy lede kontroleer deur middel van reëls en norme, sodat elke lid van die VLR toerekenbaar vir sy eie handelinge gehou kan word. Lede van die VLR se handelinge kan gemonitor word deur 'n dissiplinêre komitee waarvan die hooftaak sal wees, om 'n hoë standaard van dissipline by die lede van die VLR te ontwikkel. Hierdie komitee beskik dus oor die dissiplinêre mag om lede wat die dissiplinêre kode van die VLR oortee, te dissiplineer.

### 3.3.7 Samestellingstruktuur van verteenwoordigende leerlingrade in 'n predemokratiese Suid-Afrika


Verskeie bronne in die RSA is bestudeer om te bepaal op hoedanige wyse 'n VLR gestruktureer word. Daar kon egter slegs daarin geslaag word om twee bronne op te spoor waarin die samestellingstruktuur van 'n VLR uiteengesit word.

Die ampsdaers van die VLR vervul 'n belangrike rol in die VLR en moet verseker dat die VLR glad funksioneer en dat take uitgevoer word. Die take en verantwoordelikhede van ampsdraers van die VLR word in tabel 3.2 onderskei en toegelig (SA,1997c:1-4).

| Voorsitter |
|---|
| Besit die finale verantwoordelikheid om toe te sien dat die VLR doeltreffend funksioneer. |
| Doen verklarings aan ander organisasies en koerante indien hy/sy deur die VLR gevra word. |
| Verteenwoordig die VLR by vergaderings met ander skole of kan dit delegeer. |
| Lei die vergaderings van die VLR. |
| **Ondervoorsitter** |
| Ondersteun die voorsitter en neem sy plek in, indien die voorsitter nie beskikbaar is nie. |
| **Sekretaris** |
| Stel almal in kennis van vergaderings en tye wanneer dit begin (persoonlik of per skrywe). |
| Hou notule van vergaderings. |
| Hanteer alle korrespondensie van die VLR en stel die lede in kennis daarvan tydens vergaderings. |
| Hou rekord van alle notules en vertoulike besonderhede van die VLR. |
| **Tesourier** |
| Hou rekord van alle geld wat ontvang word (donasies, fondsinsamelings ens.). |
| Hou rekord van alle uitgawes. |
| Verantwoordelik vir fondsinsameling en wyses om die VLR se fondse te sterk. |
| Verskaf die finansiële verslae aan die VLR-lede tydens vergaderings. |
| **Opleidingsbeampte** |
| Organiseer die opleidings-en bewusmakingsprogramme van die VLR. |
| Versamel en versprei hulpmiddels namens die VLR. |
| Skakel met opleidingsbeamptes van ander leerlingorganisasies. |
| **Mediabeampte** |
| Verantwoordelik vir al die media van die VLR (nuusbriewe, skooltydskrifte ens.). |
| Verseker dat alle VLR-media korrek versprei word onder leerlinge en dat dit toeganklik is vir alle leerlinge. |
| Skakel met ander mediastrukture om idees uit te ruil. |
| Help met die opleiding van VLR-lede wat geïnteresseerd is in mediavaardighede. |
| **Sport-en kultuurbeamptes** |
| Organiseer sport-en kultuuraktiwiteite op só 'n wyse dat alle leerlinge daarby betrek word. |
| **Onderwyserskakelbeampte** |
| Verantwoordelik vir die samestelling van die VLR by wyse van 'n demokratiese verkiesingsprosedure. |
| Verseker dat die VLR nie beïnvloed word deur die topstruktuur en onderwysers van die skool nie. |
| Verseker dat die VLR funksioneel bly deur toe te sien dat vergaderings plaasvind en take uitgevoer word. |
| Toesien dat vergaderings deur lede van die VLR bygewoon word. |
| Bepaal strategië om kontinue betrokkenheid van VLR-lede te verseker. |
| Sorg dra dat leerlingverteenwoordigers inspraak in skoolbestuur het en beloning daarvoor ontvang. |
| Verseker dat die skoolprogram voorsiening maak vir bogenoemde aktiwiteite en dat terugvoering plaasvind. |
| Moet verseker dat ouerpersepsies rakende leerlingdeelname in skoolaktiwiteite positief gestimuleer word. |
| Verseker dat onderwysers en die topstruktuur leerlingdeelname as positiewe integrale proses beskou. |
| Moet leerlingdeelname voortdurend stimuleer omdat leerlinge as waardevolle deelnemers bekou wil word. |

Tabel 3.2: Take en verantwoordelikhede van VLR-ampsdraers

Vervolgens word in figuur 3.2 gefokus op die samestellingstruktuur van 'n VLR en word die verkiesing van verskeie subkomitees binne die VLR beter toegelig.




Figuur 3.2 : Samestellingsstruktuur van 'n VLR

In figuur 3.2 word die samestellingstruktuur van 'n VLR uitgebeeld. Hiervolgens kies leerlinge van die skool hul eie klasverteenwoordigers op 'n demokratiese wyse waarna die tweede groep, naamlik die breë bestuur (general body) van die VLR verkies word. Die breë bestuur kies op sy beurt weer die uitvoerende komitee (executive committee) wat skoolkomitees, klubs en verenigings saamstel sodat omgesien kan word na leerlingbelange. Die uitvoerende komitee van die VLR word getaak met die volgende verantwoordelikhede (Du Plessis,1994:35-36):

- Implementeer besluite geneem deur die breë bestuur (general body).
- Belê vergaderings.
- Koördineer al die projekte wat deur die VLR aangepak word.

**3.3.8 Statutêre voorskrifte vir die opstel van 'n konstitusie van die VLR**

Dit is belangrik dat 'n VLR moet funksioneer volgens 'n bestaande konstitusie en is dit verder belangrik dat leerlinge deelneem aan die formulering van sodanige konstitusie. Daar moet ook sorg gedra word dat die konstitusie opgestel word in samehang met skoolbeleid en- regulasies.

Die konstitusie van die VLR moet ook duidelik gekommunikeer word aan elke leerling in die skool, sodat hulle dit kan verstaan en dat dit vervolgens daartoe lei dat lede van die verteenwoordigende leerlingraad hul veraantwoordelikhede ten opsigte van hul take en pligte aanvaar.

Nadat die verteenwoordigende leerlingraad verkies is, moet 'n konstitusie in ooreenstemming met sekere minimum vereistes en staande opdragte opgestel word, wat die volgende insluit {SA,1996d:2-6; SA,1997d:4-5):

**Minimum vereistes van die konstitusie en staande opdragte van 'n VLR**

- 'n Duidelike aanduiding onder watter naam die VLR wil bekend staan.
- Duidelike inligting moet uiteengesit word wat nodig is om doeltreffende kommunikasie met die VLR deur belanghebbende partye moontlik te maak.
- Die oogmerke en doelwitte wat haalbaar is moet duidelik uiteengesit word binne die raamwerk soos deur die reg bepaal en wat binne die raamwerk val wat deur die reg aangestel is.
- Die werksaamhede wat die VLR beoog om sy oogmerk en doelwitte te bevorder moet aandui word binne die raamwerk wat deur die reg daargestel is.
- Die prosedures vir vergaderings van die VLR en die uitvoerende komitee moet uiteensit word.
- Die lede van die VLR en die uivoerende komitee moet hul amp kan beklee vir 'n tydperk van hoogtens een jaar.
- 'n Besluit om die konstitusie te wysig moet 'n twee derde meerderheid van die totale lidmaatskap van die VLR vereis nadat alle lede minstens twee maande vooraf verwittig is van voorgestelde wysigings.
- Indien daar te min lede teenwoordig was moet bepaal word dat 'n tweede vergadering belê word ten minste twee weke na die eerste vergadering gehou is. Die konstitusie moet verder bepaal dat as twee derdes van die lede nie by die tweede vergadering teenwoordig is nie, die wysiging deurgevoer moet word deur twee derdes van die lede wat teenwoordig is.
- Alle wysigings van die konstitusie moet aan die departementshoof voorgelê word vir bevestiging dat dit ooreenstem met die bepalings van

onderwyswetgewing. Geen wysiging sal geldig wees voordat sodanige bevestiging verkry is nie.

- Die samestelling van die verteenwoordigende leerlingraad moet uiteensit word.
- Die verkiesingsprosedure van lede vir die verteenwoordigende leerlingraad moet uiteensit word.
- Die verkiesingsprosedure van die voorsitter, onder-voorsitter en sekretaris van die VLR moet omskryf word.
- Die take en verantwoordelikhede van die ampsdraers van die VLR moet bepaal word.

Buiten die voorafgaande bepalings wat in 'n konstitusie van 'n verteenwoordigende leerlingraad ingesluit moet word, word die volgende riglyne gegee rakende die opstel van 'n konstitusie (SA,1996d:4-6; SA,1997d:4-5):

**Definisie**

"Raad" beteken 'n verteenwoordigende raad van leerlinge.

**Verkiesings**

- Die eerste raad moet verkies word binne 30 dae vanaf die promulgasie van hierdie regulasies en daarna gedurende die vierde kwartaal van elke skooljaar.
- Die verkiesing van die lede van die VLR sal plaasvind op 'n dag en datum soos bepaal deur die skoolhoof.
- Die skoolhoof sal personeel aanwys wat sal optree as verkiesingsbeamptes.

**Verteenwoordigers**

- Die raad sal bestaan uit ten minste een verteenwoordiger verkies deur elke klas in die skool met dien verstande dat, as daar in enige klas manlike en vroulike leerlinge is, een manlike en een vroulike leerling verkies moet word.
- Die verkiesingsbeampte vir sulke verkiesings moet die onderwyser-skakelbeampte wees, of enigiemand anders deur die dirtriksbestuurder benoem.
- Die verkiesing van leerlingverteenwoordigers moet voorafgegaan word deur 'n weeklange skriftelike kennisgewing wat duidelik in klaskamers aangebring is. Kandidate moet dan mondelings genomineer en gesekondeer word en toestemming moet van die kandidate verkry word.
- Verkiesing van leerlingverteenwoordigers vind plaas by wyse van geheime stemming.
- Elke leerling in die klas is geregtig daarop om te stem vir die leerlingverteenwoordigers wat hul verkies het en een stem ten opsigte van elke kandidaat uit te bring, met 'n maksimum aantal stemme gelyk aan die aantal kandidate wat verkies moet word.
- Die raad word verkies vir 'n tydperk van een jaar en ontbind as die volgende raad verkies word.
- Lede kan herverkies word tot die raad.

**Stemmming**

- Stemming vind plaas op 'n vertroulike stembrief.
- Leerlinge kan verteenwoordigers nomineer voordat die verkiesing plaasvind (kyk bylaag B- nominasieprosedures).

- Elke leerling in die klas is geregtig daarop om te stem vir die leerlingverteenwoordigers wat hul verkies en het een stem ten opsigte van elke kandidaat, met 'n maksimum aantal stemme gelyk aan die aantal kandidate wat verkies moet word.
- 'n Verteenwoordiger word verkies indien hy/sy die meerderheid stemme uit die klas ontvang het. Indien geen kandidaat 'n meerderheid stemme verkry het nie, word die persoon met die minste stemme van die nominasielys verwyder en die verkiesingsprosedure herhaal.
- Indien daar 'n gelykopstem tussen twee kandidate is, moet die verteenwoordiger deur middel van loting bepaal word.
- Die konstitusie van die verteenwoordigende leerlingraad word goedgekeur deur 'n twee derde meerderheid stemme van die lede.

**Verkiesing van ampsdraers en uitvoerende komitee**

- Die behoorlik verkose verteenwoordigers moet vanuit hulle geledere ten minste die volgende ampsposisies van die VLR verkies, wat die uitvoerende komitee van die VLR vorm: 'n President, tesourier en sekretaris (kyk bylaag C - verkiesingsprosedures).
- Geen lid van die VLR mag meer as een amp in die uitvoerende komitee van die VLR beklee nie.
- Verkose klasverteenwoordigers moet binne sewe dae na afloop van hul verkiesing vergader met die doel om die ampsdraers te verkies.
- Ampsdraers word verkies onder toesig van die skoolhoof of 'n onderwyser deur hom aangewys.
- Ampsdraers word op dieselfde wyse verkies as klasverteenwoordigers.

**Funksies**

Die funksies van die raad is soos volg:

- Om eenheid onder die leerlinge in die skool te bou.
- Om die behoeftes van al die leerlinge in die skool aan te spreek.
- Om leerlinge in te lig oor gebeure in die skool en die skoolgemeenskap.
- Om goeie verhoudinge te bevorder tussen leerlinge en opvoeders, tussen leerlinge en nie-doserende personeellede en tussen opvoeders en ouers van leerlinge.
- Om verteenwoordigers op die beheerliggaam van die skool te verkies soos voorgestel deur die beheerliggaam in konsultasie met die VLR.
- Verteenwoordig leerlinge rakende die daarstel van 'n gedragskode deur die beheerliggaam van die skool.
- Om ten bate van die leerlinge in die skool vrugbare verbintenisse op te bou met verteenwoordigende leerlingrade aan ander skole en met jeug organisasies.

**Vergaderings**

- Die raad moet minstens een keer per kwartaal vergader.
- Die sekretaris moet notule van die vergadering hou en op die volgende vergadering voorhou vir bevestiging.
- Kennisgewing van vergaderings moet sewe dae vooraf geskied.
- Klasverteenwoordigers moet hul kiesafdeling inlig rakende alle besluite wat geneem word deur die raad.

Daar kon egter slegs een bron opgespoor word waarin die konstitusie van 'n VLR voorkom. Vervolgens vind 'n uiteensetting plaas van hierdie konstitusie as 'n moontlike konstitusie vir 'n VLR (Madigoe,1993:53-59):

**'n Voorgestelde konstitusie vir Verteenwoordigende Leerlingrade**

**Naam**

Die naam van die liggaam is en sal as die Verteenwoordigende Leerlingraad (ook bekend as die VLR) van die skool bekend staan.

**Magte**

Die VLR word bemagtig om die volgende magte en funksies te vervul:

- As kommunikasieskakel tussen die topstruktuur en die studente te dien.
- 'n Goeie voorbeeld aan hul medeleerlinge te stel ten opsigte van dissipline, lojaliteit, respek, stiptheid, akademiese deeglikheid en toewyding, moraliteit en aktiewe betrokkenheid in skoolaktiwiteite.
- Die VLR te verbind met ander liggame betrokke met onderwyssake.
- Om betrokke te wees in die ontwikkeling van verantwoordelike toekomstige leiers.
- Om toe te sien dat die skool ordelik funksioneer in ooreenstemming met die onderwysdoelwitte en volgens die skoolreëls.
- Die organisasie van die buitemuurse aktiwiteite van leerlinge en die beheer oor finansies ten opsigte van hierdie aktiwiteite.
- Vergaderings te hou en leerlinge daarvan in kennis te stel.

**Die samestelling van die Verteenwoordigende Leerlingraad**

Die VLR sal saamgestel word uit veertien (14) verkose lede waarvan ten minste drie lede (3) vroulik moet wees en twee (2) addisionele lede. Na afloop van die eerste vergadering, nadat die lede van die raad verkies is, sal die VLR uit sy lede die volgende ampte verkies:

- President
- Vise-president
- Sekretaris/esse (korrespondensie)
- Sekretaris/esse (notule)
- Tesourier/e
- Addisionele lede (2)

**Verkiesing, lidmaatskap en vergaderingsprosedures**

Daar moet voorsiening gemaak word dat alle leerlinge, insluitend nuwe leerlinge in kennis gestel word van die aktiwiteite van die VLR. 'n Komitee kan saamgestel word om die belange van nuwe leerlinge te behartig.

Lede van die leerlingraad moet weet dat:

- Lidmaatskap van die verteenwoordigende leerlingraad opsioneel is, en
- alle leerlinge van standerd sewe af stemreg tydens die verkiesing van lede vir die VLR het.

Vergaderings van die VLR moet op 'n ordelike wyse, ten minste een maal per maand gehou word.

- Besluite geneem deur die VLR vind plaas by wyse van 'n meerderheidstem.
- 'n Kworum word gevorm deur 50% stemme plus een lid.

**Take van die Verteenwoordigende Leerlingraad**

Die volgende take moet uitgevoer word deur die VLR:

- Die VLR moet rekord hou van notules van alle vergaderings wat gehou word en moet te alle tye beskikbaar wees aan die hoof vir insae.
- Indien nodig moet vergaderings in samewerking met die hoof beplan word.
- Alle besluite wat geneem word moet op skrif gestel word in die vorm van 'n verslag, sodat dit tot die beskikking van die personeel kan wees.
- Lede van die VLR moet te alle tye daarvan bewus wees dat hulle in daad en in woord as verteenwoordigers van hulle medeleerlinge optree.
- Hulle moet ook verantwoordelik wees vir die neem van besluite en moet ook aanspreeklikheid aanvaar vir aksies wat leerlinge raak.

Oor die volgende sake moet die VLR beraadslaag met die skoolhoof of die ter-saaklike hoofde van departemente:

- Die aard van die uitvoerende mag van die VLR;
- die hou van algemene en spesifieke vergaderings;
- verkiesingsprosedures, en
- ontbinding van die VLR.

Die konstitusie van die VLR moet ook die volgende aspekte insluit, naamlik:

- Die VLR mag nie in 'n skool tot stand kom voordat daar nie met alle relevante partye (onderwysers en lede van die topstruktuur van die skool) gekonsulteer is nie.
- Die konstitusie van die VLR moet voorsiening maak vir 'n kontrak rakende die toelating van leerlinge tot die skool wat onderneem sal word deur die ouer of wettige voog van die leerling en skooladministrasie.
- Die konstitusie moet voorsiening maak vir 'n regulasie wat enige optogte of vergaderings tydens skooltyd verbied, veral as dit onderrig sal affekteer.
- Enigeen wat hul dus hieraan skuldig maak, oortree die voorwaardes van sy kontrak.

Hoofde van skole moet hulp en bystand aan leerlinge verleen oor sake in verband met die samestelling van die VLR en waar moontlik moet 'n groot mate van buigbaarheid en/of konformiteit toegelaat word. Die VLR moet dus gesien word as deel van die leerervaring van leerlinge.

Ten slotte moet leerlinge al die neergelegde regulasies van die konstitusie nakom, omdat dit riglyne verskaf om na te volg in die uitvoering van hul pligte.

### 3.3.9 Statutêre voorskrifte vir verteenwoordigende leerlingrade in die RSA

Die tydvak waarin die RSA tans verkeer, word gekenmerk deur 'n skoolstelsel wat vinnig besig is om te demokratiseer. Daar word gestrewe na billike en demokratiese oplossings wat die onderwysbehoeftes van alle gemeenskappe die beste sal dien, deur gemeenskappe in staat te stel om hul onderwysbeheerstrukture só te herstruktureer dat grondwetlike beginsels soos demokrasie weerspieël word (SA, 1995:71-73).

Vervolgens sal gekyk word na enkele statutêre voorskrifte met betrekking tot leerlinginspraak in die bestuur van skole omrede hierdie navorsingsonderwerp daaruit na vore gevloei het.

In die Suid-Afrikaanse konstitusie word demokratiese, nasionale, provinsiale en plaaslike beheerstrukture voorgestaan en sal beheerliggame dus as plaaslike skoolbeheerstrukture dien, met wesentlike besluitnemingsmagte. Skole se besluitnemingsmagte sal voortaan gedeel word deur ouers, onderwysers, die gemeenskap en die leerlinge. Dit beteken dus dat deelnemers aan die beheerstrukture van skole, 'n aktiewe en verantwoordelike rol sal vervul en rasionele en kollektiewe besluitneming sal aanmoedig. Beheerliggame van openbare skole sal verder verantwoordelik wees vir die formulering van skoolbeleid in terme van nasionale beleid en provinsiale onderwysregulasies (SA, 1995:71-73).

Beheerliggame word saamgestel uit die volgende verkose verteenwoordigers naamlik: ouers van ingeskrewe leerlinge, onderwysers, leerlinge in die agtste graad of hoër, nie-onderwyspersoneel, die skoolhoof en lede van die gemeenskap deur hulle verkies. In sekondêre skole is dit dan ook verpligtend dat 'n verteenwoordigende leerlingraad in elke openbare skool saamgestel moet word, wat bestaan uit leerlinge uit die agtste graad en hoër (SA,1996b:9; SA,1996d:2). Leerling-en onderwyserverteenwoordigers moet aangemoedig word om deel te neem aan gesprekke oor beleidsaspekte wat leerlinge, onderwysers asook die verhouding tussen hulle raak (SA, 1995:71-73).

Dit is dus duidelik dat die implementering van hierdie staturêre voorskrifte lei tot 'n groot sprong in die desentralisasie van onderwysbeheer.

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat 'n VLR demokraties saamgestel moet word met die doel om al die leerlinge in die skool sover moontlik te verteenwoordig. Dit is dus 'n liggaam wat funksioneer in belang van die skool en die leerlinge, en daarom moet dit dus sodanig verteenwoordig wees in skoolbestuur. Dit blyk dus dat die VLR die geleentheid en kanaal skep vir doeltreffende kommunikasie tussen leerlinge en die personeel, asook 'n weg baan waarlangs leerlinge medeseggenskap kan verkry in die skoolgebeure, om dus 'n gevoel van eienaarskap te kan ervaar.

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar sekere sake is waaroor daar nie duidelikheid is nie:

- Is die VLR verbind met die oogmerke van politieke organisasies?
- Beskik die VLR oor soewereiniteit in eie kring?
- Beskik die personeel oor vetereg?
- Beskik die skoolhoof oor vetoreg?
- Vind eliminasie van verkose lede plaas?
- Wanneer ontbind die VLR?
- Bestaan daar grieweprosedure wat leerlinge kan volg?
- Hoe funksioneer die kommunikasiekanale van die VLR?
- Wat omtrent demonstrasie-, uitsluitings- en ongeoorloofde aksies?
- Bestaan daar 'n dissiplinêre kode met betrekking tot lede van die VLR?

### 3.3.10 Gedragskode vir die leerlinge en die VLR

Die daarstel van 'n gedragskode in skole is 'n belangrike stap in die ontwikkeling van 'n kultuur van onderrig, opvoeding, wedersydse respek

verdraagsaamheid en samewerking in die skoolgemeenskap. Die sukses van 'n gedragskode kan toegeskryf word aan die verbondenheid van die skooldeelnemers aan die voorskrifte van die gedragskode, asook aan hulle aanvaarding daarvan en verantwoordelikheid om hulle te onderwerp en te verbind tot die voorskrifte van die gedragskode (SA,1996e:1).

Geen gedragskode kan op 'n skool afgedwing word nie. Elke skool moet hul eie gedragskode formuleer in samewerking met alle skoolbelangegroepe sodat daar 'n konsensus bestaan oor die voorskrifte van die gedragskode. Dit sal daartoe aanleiding gee dat die leerlinge hulself sal verbind tot die voorskrifte van die gedragskode en verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir hul dade aanvaar (SA,1996e:1).

Die volgende beginsels en waardes moet kenmerkend wees van 'n gedragskode en moet duidelik na vore tree in die implementering daarvan (SA,1996e:1-2):

- Demokrasie.
- Geen geweld.
- Respek.
- Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid.
- Omgee vir die omgewing.

Die volgende raamwerk vir 'n gedragskode word voorgestel (SA,1996e:2-3):

**Doel van die gedragskode**

- Om leer en onderrig in die skool te fasiliteer.
- Om te verseker dat orde en dissipline in skole gehandhaaf word.

- Om die rol en verantwoordelikhede van al die belangegroepe tydens die ontwikkeling van 'n doeltreffende skoolomgewing te verduidelik en te verbeter.
- Om geskikte meganismes en toegangsweë daar te stel, sodat leerlinge hul griewe kan lig en om wetlike dissiplinêre maatreëls te implementeer.

**Primêre verantwoordelikhede**

Die primêre verantwoordelikheid van leerlinge is om te leer.

**Verhouding met betrekking tot leerlingorganisasies in die skool**

- Die verkose VLR is die hoogste of vernaamste liggaam wat die belange en oogmerke van die leerlinge in die skool verteenwoordig.
- Die VLR is nie 'n politieke liggaam nie en mag nie verbind wees mett enige organisasie met politieke oogmerke nie, maar moet eenheid onder leerlinge bewerkstellig met betrekking tot skoolsake.
- Die VLR moet te alle tye optree op só 'n wyse dat die belange van die skool en die leerlinge bevorder word.
- Die VLR moet oor 'n eie konstitusie beskik en daarvolgens funksioneer.

**Algemene optrede van leerlinge**

- Leerlinge moet hulle weerhou van onordelike, ongedissiplineerde of dislojale gedrag in die klaskamer.
- Leerlinge is verplig om huiswerk, klaswerk en akademiese take te verrig en om vir toetse en eksamens te leer.
- Leerlinge moet onderdanig wees aan die reëls en regulasies van die skool.

- Leerlinge moet verdraagsaam wees teenoor ander sosiale-, kulturele- en politiese beskouinge in die klas, skool en gemeenskap.
- Leerlinge moet begrip toon vir die verskille wat bestaan tussen leerlinge.
- Leerlinge moet hul weerhou van dronkenskap, die gebruik van dwelmmiddels, aanrandings en besit van gevaarlike wapens by die skool.
- Geen vandalisme word toegelaat nie.
- Geen kriminele en tiranieke gedrag soos verkragting en seksuele teistering word toegelaat nie.
- Geen afknouery, viktimisasie en intimidasie van ander leerlinge word toegelaat nie.

**Beginsels wat gevolg moet word by die oortreding van die gedragskode**

Die volgende beginsels moet dissiplinêre optrede voorafgaan:

- Dissiplinêre prosedures moet regverdig, wettig, konsekwent en as korrektiewe maatreël toegepas word.
- Die straf moet by die oortreding pas.
- Voorkom te alle tye openbare verkleinering.
- Die ouer of voog moet in kennis gestel word van die oortreding en betrokke .wees in die korrektiewe proses.

**Regsproses en die wet**

- Regsproses

Wanneer daar gehandel word met oortreders van die gedragskode moet die volgende regte van die aangeklaagde persoon erken word:

⇒ Om ingelig te word oor die aanklag en dit duidelik te verstaan.

⇒ Die aangeklaagde moet sy kant van die saak stel en alle relevante feite tot die saak verskaf.

⇒ Die aangeklaagde moet verteenwoordig word deur 'n lid van die VLR, sy ouer/voog of 'n onderwyser.

⇒ Die aangeklaagde moet aangehoor word deur 'n onpartydige persoon.

⇒ Die aangeklaagde moet aangehoor word deur meer as een persoon wat sy saak verdedig.

⇒ Die aangeklaagde moet met respek en waardigheid behandel word tydens die proses.

⇒ Dit is die verantwoordelikheid van die persone wat die saak verhoor om alle inligting regverdig te beoordeel.

⇒ Die saak van die aangeklaagde in privaatheid te hanteer.

- Die wet

Die gedragskode omvat 'n voorgestelde gedragswyse wat aanvaarbaar, of onaanvaarbaar binne die skool is. Sekere gedragswyses is krimineel ooreenkomstig die wet en moet deur sodanige wetlik ingestelde strukture gehanteer word.

**Straf en korrektiewe maatreëls en proaktiewe raadgewing**

- Verbale en geskrewe waarskuwings van 'n onderwyser, 'n hoof of die VLR.
- Addisionele en betekenisvolle akademiese werk kan opgedra word.
- Take wat sal bydra tot die ontwikkeling van die skoolomgewing soos skoonmaaktake, tuinwerk en administratiewe take.
- Detensie wat behoorlik bestuur word.

- Uitoefening van take wat die betrokke leerling/e sal ondersteun.
- Goedgekeurde en bekostigbare boetes.
- Gemeenskapsdiens buite die skool wat onder toesig gedoen moet word.
- Skorsing van sekere aktiwiteite in die skool.
- Algehele skorsing of uitsetting uit die skool.

### 3.3.11 'n Vergelyking tussen die leerlingraad en die VLR

In blanke skole in die RSA was daar 'n goed uitgewerkte leerlingraadstelsel, terwyl daar in swart skole verteenwoordigende leerlingrade (SRC's) was wat op 'n andersoortige wyse, los van die sisteem gefunksioneer het (vgl. 3.3.3).

Alhoewél die Suid-Afrikaanse Onderwyswet (1996) nie noodwendig verwys na die funksionering van die leerlingraadstelsel nie, blyk dit duidelik dat elke openbare sekondêre skool 'n verteenwoordigende leerlingraad moet instel. Dit impliseer ook verder dat indien die leerlingraadstelsel nie funksioneer ooreenkomstig die riglyne van die VLR nie, dit 'n transformasie moet ondergaan (SA,1996c).

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking word daar vervolgens 'n tabelmatige vergelyking tussen die leerlingraadstelsel en die verteenwoordigende leerlingraad getref. Die doel daarmee is eerstens om die leemtes van die leerlingraadstelsel uit te wys en tweedens om oor die noodsaaklikheid van 'n struktuur van 'n verteenwoordigende leerlingraad te besin. In tabel 3.3 vind 'n vergelyking plaas tussen die leerlingraadstelsel en die VLR in terme van hul ontstaansredes, doelstellings, funksies, gesagsbeskouing, samestelling, verkiesingsprosedures en konstitusies.

| Verteenwoordigende leerlingrade | Leerlingrade |
|---|---|
| 1. **Ontstaansredes** | 1. **Ontstaansredes** |
| a. Ontstaan vanuit die behoefte van die leerlinge en is deur die leerlinge vir die leerlinge georganiseer. | a. Volwassenes is die inisieerders, skeppers en onderhouers van die leerlingraad. |
| b. Volwassenes in 'n raadgewende hoedanigheid betrokke. | b. Die betrokkenheid en seggenskap van leerlinge by die instelling van die raad dra weinig gewig. |
| 2. **Doelstellings** | 2. **Doelstellings** |
| a. Kom op 'n demokratiese wyse tot stand met ander woorde ouers, die gemeenskap en leerlinge keur dit goed. | a. Kom tot stand deur die personeel d.m.v outokratiese besluitneming sonder inspraak van die leerlinge. |
| b. Besit 'n tweeledige doel:<br># Verteenwoordig leerlinge en hul belange in skoolgebeure.<br># Verteenwoordig leerlinge op die bestuursliggaam van die skool (i.c. skoolbestuur). | b. Besit 'n tweeledige doel:<br># Om leiers op te lei en te ontwikkel.<br># Verteenwoordig leerlinge in skoolgebeure (sport-, kultuur- en sosiale aktiwiteite). |
| c. Is leerlinggesentreerd en lê klem op die betrokkenheid van leerlinge in die skoolgebeure (onderwys, sport, kultuur en sosiaal). | c. Is primêr gerig op die beeld van die skool na buite en die ordelike verloop van die skoolgebeure (nie op leerlingbelange nie). |
| d. Nie gerig deur religieuse vertrekpunte nie. | d. Gerig deur 'n Christelike lewensbeskouing. |
| e. Stel die VLR voor as onafhanklike leerlingorganisasie wat outonoom van die skoolbeheerstruktuur funksioneer. | e. Instellinggesentreerdheid van doelstellings plaas leerlingrade in diens van 'n hoër gesag. |
| f. Leerlinge word geskool in aktuele sake van die gemeenskap as voorbereiding vir burgerskap. | f. Leerlinge se kontak met aktuele sake van die gemeenskap is beperk. |
| g. Erken elke leerlingorganisasie as verteenwoordigers van die leerlinge. | g. Slegs die leerlingraad as leerlingorganisasie waarvan die magsbasis begrens word deur die skoolbeleid en-regulasies. |
| 3. **Funksies** | 3. **Funksies** |
| a. Klem op wisselwerking met die gemeenskap toon 'n geskiedenis van netwerkvorming met ander leerling-en gemeenskapsorganisasies. | a. Beperkte invloed in en t.o.v. die gemeenskap met weinig kontak of aanvoeling met leerlinge se behoeftes en hul woonomgewing. |
| b. Word demokraties bepaal per meerderheidstem. | b. Eensydig vasgestel deur die personeel met geen insette van die leerlinge nie. |
| c. Sluit in vryheid van spraak, uitdrukking en beweging. | c. Gebonde aan skoolbeleid en-regulasies met beperkte vryheid van uitdrukking en spraak. |
| d. Dissiplinêre kode. | d. Bevordering van dissipline die vernaamste terrein waarmee leerlingrade hul besig hou. |
| 4. **Gesagsbeskouing** | 4. **Gesagsbeskouing** |
| a. Demokrasie en demokratiese leierskap word voorgestaan en onderskryf deur die beginsel van deelnemende besluitneming. | a. Leerlingrade het oorwegend 'n outokratiese bestuurstyl en word outoktaties beheer deur die personeel, skoolhoof en die leerlingraadsvoogde |
| b. 'n Outonome liggaam wat onafhanklik van die skoolbeheerstruktuur funksioneer. | b. Word begrens deur die skoolbeheerstruktuur. |
| c. Leerlinge word bemagtig om hulself te organiseer en beskik oor diskressionêre besluitnemingsmagte. | c. Leerlinge moet hulself bemagtig om hulself te organiseer en besit geen/weinig diskressionêre besluitnemingsmagte. |

Tabel 3.3: 'n Vergelyking tussen leerlingrade en verteenwoordigende leerlingrade

| Verteenwoordigende leerlingrade | Leerlingrade |
|---|---|
| 5. **Samestellingstruktuur** | 5. **Samestellingstruktuur** |
| a. Saamgestel uit 1-2 klasverteenwoordigers uit elke klas. Demokraties per stembrief. | a. Verkies uit senior klasse normaalweg twee per standerd n.a.v. die meeste stemme verwerf. |
| b. Breë bestuur verkies uit klasverteenwoordigers. | b. Standerdkomitee betaan uit twee leerlingraadslede per standerd as voorsitter en sekretaresse. |
| c. Uitvoerende komitee verkies uit breë bestuur. | |
| d. Subkomitees word benoem en verenigings en klubs funksioneer interafhanklik met VLR-beleid. | c. Klaskomitees bestaan uit klasleiers as voorsitter en sekretaresse met 3-4 klasmaats. |
| 6. **Verkiesingsprosedure** | 6. **Verkiesingsprosedure** |
| a. Verteenwoordigers uit elke klas (1-2) word demokraties verkies om op VLR te dien, m.a.w. alle leerlinge van die skool word verteenwoordig. | a. Verteenwoordigers word slegs verkies uit die senior klasse, m.a.w. daar is nie 'n demokratiese verteenwoordiging van alle leerlingbelange nie. |
| b. Ampsdraers en hoofleiers word demokraties verkies uit die klasverteenwoordigers. | b. Ampsdraers word verkies n.a.v die meeste stemme wat verwerf is, terwyl die hoof na afloop van die onderhoude hoofleiers aanstel. |
| 7. **Konstitusie** | 7. **Konstitusie** |
| a. Stel 'n eie konstitusie saam in samewerking met die leerlinge wat tot verbondenheid lei. | a. Saamgestel deur personeel en leerlinge voel nie daartoe verbonde nie. |
| b. Word goedgekeur per meerderheidstem. | |

Tabel 3.3: **'n** Vergelyking tussen leerlingrade en verteenwoordigende leerlingrade

Uit die voorafgaande vergelyking tussen verteenwoordigende leerlingrade en leerlingrade blyk dit duidelik dat die leerlingraadstelsel gebreke toon en dat dit 'n transformasie moet ondergaan. Dit blyk verder dat daar sekere leemtes in die verteenwoordigende leerlingraad bestaan, waaroor duidelikheid verkry moet word.

Die volgende gebreke van die leerlingraadstelsel blyk die oorsaak te wees vir die transformasieproses wat dit moet ondergaan:

- Die leerlingraad is nie 'n demokratiese en demokraties verkose leerlingorganisasie nie. Dit word ingestel deur die skoolhoof en leerlinge besit geen demokratiese reg tot insae en inspraak in die doelstellings, funksies en verkiesing van die hoofleiers van die raad nie (vgl. 3.3.2)
- Die primêre taak van die leerlingraad is die handhawing van dissipline en

- motivering van leerlinge tot betrokkenheid aan skoolaktiwiteite. Dit lei daartoe dat leerlinge nie verbonde voel aan die doelstelling en funksies van die leerlingraad nie, omdat dit outokraties begrens word (vgl. 3.3.2).
- Die leerlingraad maak in sy taakuitvoering nie voorsiening vir demokratiese deelname nie. Dit het die implikasie dat leerlinge se belange en behoeftes asook hul reg tot deelname aan besluitneming, nie verteenwoordig word nie (vgl. 3.3.2).
- Die doelstellings en funksies van die leerlingraad is eerder daarop gerig om die skoolinstelling te bevorder as om die leerlinge van die skool te verteenwoordig (vgl. 3.3.2).
- Die leerlingraad vervul geen rol met betrekking tot die verteenwoordiging van leerlinge op die bestuursliggaam (i.c. skoolbestuur) nie (vgl 3.3.2).
- Die rol wat die leerlingraad in die gemeenskap vertolk, is minimaal; gevolglik word leerlinge in 'n mindere mate of glad nie voorberei om as volwaardige burgers in 'n demokratiese samelewing in te pas nie (vgl. 3.3.2).
- Anders as die VLR word die leerlingraad outokraties ingestel en beheer en het die implikasie dat die leerlingraad se magsbasis begrens word deur skoolbeleid en-regulasies en dat medeseggenskap van leerlinge in skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlinge) en skoolbestuur nie plaasvind nie (vgl. 3.3.2).
- Outokratiese beheer oor die leerlingraad het die belangrike implikasie dat geen bemagtigingsaksies met betrekking tot die leerlinge plaasvind nie en dat die leerlingraad gevolglik oor geen diskresionêre besluitnemingsmagte beskik nie (vgl. 3.3.2).

- Die leerlingraad verteenwoordig slegs 'n persentasie van die leerlinge deurdat dit saamgestel word uit die senior leerlinge van die skool. Die behoeftes en belange van die junior leerlinge in die skool word dus nie verteenwoordig nie. Al die leerlinge van die skool word ook nie op die leerlingraad verteenwoordig nie (vgl. 3.3.2).
- Die verkiesing van die hoofleiers vind nie demokraties plaas nie omdat die hoof onderhoude met die hoofleiers voer en hulle aanstel. Dit het die gevolg dat die aanstelling van die hoofleiers nie die mandaat van die leerlingpopulasie van die skool besit nie en dat die leerlingraad volgens demokratiese beginsels dan 'n onwettige leerlingorganisasie is (vgl. 3.3.2).

Vervolgens sal gefokus word op die praktyke van leerlingverteenwoordiging in Europa, Nieu-Seeland en die VSA.

## 3.4 PRAKTYKE VAN LEERLINGVERTEENWOORDIGING IN EUROPA

### 3.4.1 België

Ten opsigte van die praktyke van leerlingverteenwoordiging in België is die enigste bron wat opgespoor kon word dié van Rochette. Na aanleiding van Rochette word die volgende bespreek en toepaslike bladsye sal aangetoon word.

#### 3.4.1.1 Struktuur van die onderwystelsel van België

België is 'n federale staat en word hoofsaaklik verdeel in drie kultuurstreke naamlik die Nederlandse, Franse en Duitse provinsies. Elke provinsie het outonome beheer oor sy eie onderwyssake. 'n Minister van onderwys in elke provinsie is verantwoordelik vir onderwys in daardie provinsie. Gemeenskappe word bemagtig om besluite te neem met betrekking tot onderwyssake in hul

streke, met die uitsluiting van sekere sake soos onder andere pensioene (Rochette,1994:25-26).

'n Demokraties verkose parlementêre monargie dra daartoe by dat desentralisering van onderwysbeheer plaasvind en dat die plaaslike skoolgemeenskapstrukture gesag en beheer uitoefen oor skole en instellings. Ouers besit ook 'n groot sê in plaaslike skoolgemeenskapstrukture oor die onderwys van hulle kinders (Rochette,1994:26-30).

#### 3.4.1.2 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging

Sekondêre onderwys toon sedert 1970 in België wesentlike veranderinge deurdat 'n hersiene onderwysstelsel (VSO-system: vernieuwd-secundaitonderwyijs) progressief vanaf 1970 ingestel is. Die oogmerke hiervan was om 'n deeglike opvoeding vir alle leerlinge te verskaf in ooreenstemming met hul vaardighede en talente. Die vernaamste kenmerk van die VSO - sisteem was onder andere totale gelykwaardigheid tussen alle sekondêre skoolkursusse en 'n oriëntering om leerlingdeelname in bestuur van skole in te sluit (Rochette,1994:25-26).

#### 3.4.1.3 Verteenwoordiging van leerlinge op deelnemende rade

Sekondêre skole beskik oor ouerkomitees (deelnemende rade -participation councils) waarop leerlinge dien met die doel om ouers en leerlinge aan te moedig om verantwoordelikheid vir hul onderwys te neem. Hierdie rade is verantwoordelik vir die hantering van skoolprobleme en is by magte om advies te gee, te onderhandel en beskik oor die reg om ingelig te word oor enige saak wat 'n impak op die skoollewe kan hê (Rochette,1994:25-41).

### 3.4.1.4 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging

Fundamentele grade van deelname aan skoolbestuur en meer spesifiek skoolbeleid vind plaas na die uitvaardiging van verskeie onderwyswette in Julie 1990. Hiervolgens moet skole, onder andere deelnemende rade (participation councils) saamstel. Hierdie rade sal bestaan uit verteenwoordigers van die skoolraad, onderwysers, ouers, die gemeenskap en leerlinge van die skool besit ook die reg om 'n afvaardiging van leerlinge te verkies, om hul op hierdie raad te verteenwoordig en dus om aangehoor te word oor sake van wat hulle raak (Cowen, 1996:89).

Onderwysbeheer in België toon dus 'n waarneembare neiging om leerlinge op 'n demokratiese wyse by die bestuur van skole te betrek.

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat leerlinge bemagtig word om op verskeie rade in die skool te dien en dat die beginsel van demokratiese deelname deur leerlinge, onderwysers en ander geld. Leerlingdeelname neem in België 'n adviserende funksie aan. 'n Interessante verskil met die RSA is dat leerlinge in blanke skole waarin die leerlingraadstelsel gefunksioneer het hulself moes bemagtig (vgl. 3.3.2).

## 3.4.2 Duitsland

### 3.4.2.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Duitsland

In Duitsland berus die verantwoordelikheid vir onderwys in die hande van 'n federale regering terwyl die Duitse onderwysstelsel 'n gesonde balans toon tussen gesentraliseerde en gedesentraliseerde onderwysbeheer. Die federale Minister van Onderwys tree ten behoewe van die federale regering op en is

verantwoordelik vir die koördinering van onderwys, onderwysbeleid en onderwysbeplanning in die algemeen (Kron,1994:87-90).

Hierdie sentrale vlak van onderwysbeheer word opgevolg deur beheer op streeks-, distriks-, gemeenskaps- en plaaslike vlak. Elke staat besit vanaf 1949 outonome beheer oor hul eie onderwys gevolg deur 'n intermediêre en plaaslike vlak van onderwysadministrasie, onderwysbeheer en onderwysorganisasie. Die bestuur van skole is primêr die verantwoordelikheid van skole self en leerlingverteenwoordigers word betrek in besluitnemingsaspekte in skole (Dekker & Van Schalkwyk,1995:83).

**3.4.2.2 Verteenwoordiging van leerlinge op deelnemende rade**

Leerlinge word in Duitsland bemagtig om deel te neem aan en vryheid van spraak te hê in sake wat hulle raak, solank dit op 'n ordelike wyse geskied. Hierdie medeseggenskapsgebeure van leerlinge in die besluitnemingsproses word beskou as 'n "joint responsibility". Leerlingdeelname en meer spesifiek leerlingverteenwoordiging bestaan op alle vlakke van besluitneming in die vorm van " participating councils" en funksioneer in alle provinsies (Länders). Ouers en leerlinge stel klaskomitees saam met 'n voorsitter wat die komitee sal lei, sodat besprekings op alle vlakke plaasvind en besluite geneem kan word (Breckenridge, 1981:208-215).

In verskeie provinsies bestaan daar vanaf 1970 in skole 'n liggaam genaamd "school conference" wat saamgestel is uit verteenwoordigers van ouers, onderwysers asook uit die leerlingkomitee en besit alle belangegroepe gelyke verteenwoordiging op hierdie raad, met die skoolhoof as addisionele lid (Breckenridge, 1981:215-221).

Volgens die Hamburg Schulverfassungsgesetz (School constitution act, para. 19, clause 1) beskik die “school conference” oor ‘n adviserende funksie en kan onderwyser-, ouer- en leerlingkomitees voorstelle rakende aspekte van belang by hierdie liggaam indien. Leerlingkomitees besit ook in sommige provinsies (byvoorbeeld in die North-Rhine Wetphalia provinsie) die reg om verteenwoordigers aan te wys om vergaderings van ouerkomitees by te woon (Breckenridge, 1981:208-221; Kron,1994:89-90).

Een van die grootste verantwoordelikhede van skole in Duitsland is om ouer-, onderwyser- en leerlingbetrokkenheid in skoolaktiwiteite te verseker. Dit word verder universeel aanvaar dat onderwysinstellings geen besluite neem, sonder dat die menings van diegene wat deur die besluite geraak word, in ag geneem word nie (Dekker & Van Schalkwyk,1995:81).

### 3.4.2.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging

Verskeie dokumente in Duitsland verskaf ‘n politieke en idealistiese basis vir demokratiese onderwysbeheer (Kron,1994:87-90; Dekker en Van Schalkwyk,1995:83) naamlik:

- **Algemene wetgewing:** Elke leerling in die skool het die reg op vryheid van spraak.
- **Staatskonstitusie:** Hiervolgens is dit die verantwoordelikheid van elke skool om leerlinge te onderrig in die gees van demokrasie en internasionale versoening.

- **Onderwyswette:** Hiervolgens moet skole leerlinge voorberei om hul plek vol te staan binne die staat en gemeenskap, sowel as om hul verantwoordelikheid as burgers in die samelewing te aanvaar.
- **Skoolregulasies:** Reguleer die verhoudinge tussen leerlinge en hul skool, tussen ouers en die skool sowel as konflikte in die daaglikse skoolgebeure.

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat leerlinge oor 'n sekere mate van vryheid beskik en sodoende inspraak verkry in skoolbestuur. Verskeie strukture bestaan waarop leerlingverteenwoordigers kan dien en waar hulle die geleentheid gegun word om gemeenskaplik met die res van die skooldeelnemers oor sake van belang besluite te neem. Die volgende saak verdien egter duidelikheid:

- Watter belangegroepe in die skool moet op die VLR verteenwoordig word?
- Oor watter stempersentasie beskik elke belangegroep?

Vervolgens word gekyk na die praktyke van leerlingverteenwoordiging in Engeland deur op die relefante sake te fokus.

### 3.4.3 Engeland

#### 3.4.3.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Engeland

In Engeland bestaan daar drie verskillende onderwysstelsels en word soos volg beheer (Blackledge & Hunt,1985:277-278):

- Onderwys in Engeland en Wallis word onderskeidelik beheer deur die Engelse Departement van Onderwys terwyl onderwys in Wallis beheer word deur die "Welsh office".

- Onderwys in Skotland word beheer deur die Skotse Departement van Onderwys.
- Onderwys in Ierland word beheer deur die Ierse Departement van Onderwys.

Voorsiening van sekondêre onderwys berus in die hande van die plaaslike onderwysowerhede (LEA's- Education Act 1902) terwyl onderwysbeleid en die algemene beheer van onderwys die verantwoordelikheid van die sentrale owerhede is. Die departement van onderwys het dus die algemene verantwoordelikheid vir onderwys in Engeland terwyl die daaglikse beheer van skole in die hande van die plaaslike onderwysowerhede (LEA) is (Postlethwaite, 1995:1025).

Die onderwysstelsel van Engeland word beskryf as " ... national , but locally administered" en in Engeland en Wallis maak die "Education Reform Act - 1988" daarvoor voorsiening dat desentralisasie van onderwysbeheer sodanig plaasvind dat skole 'n groter sê in onderwyssake het, omrede onderwysbeheer vantevore by plaaslike onderwysowerhede (LEA) berus het (Blackledge & Hunt,1994:277-278).

### 3.4.3.2 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingrade in Engeland

Gedetailleerde rolbeskrywings het leerlingaanspreeklikheid tot gevolg en stel ook duidelike riglyne oor wat van leerlingleiers verwag word. Rolbeskrywings stel die personeel en leerlingleiers ook in staat om 'n evaluering te maak oor wat in hul onderskeie rolfunksionering slaag of nie slaag nie. Die volgende doelstellings van verteenwoordigende leerlingrade word onderskei (Buscall *et al.*,1994:30-33) naamlik:

- Om 'n forum waartydens leerlinge hul menings kan lig daar te stel.
- Om gereeld vergaderings te hou.
- Om die skoolgemeenskap te verryk deur nuwe idees en praktyke.
- Om mee te help aan die kweek van 'n gesonde skoolkultuur.
- Om daadwerklike ondersteuning aan die personeel en hoof te bied.
- Om hulp met betrekking tot die organisering van leerlingaktiwiteite te verskaf.

### 3.4.3.3 Verteenwoordiging van leerlinge op verteenwoordigende leerlingrade

Sekondêre skole in Engeland word gekenmerk deur gestruktureerde leerlingleierstrukture in die vorm van verteenwoordigende leerlingrade. Kenmerkend van hierdie strukture is die beskikbaarstelling van 'n wye verskeidenheid materiaal wat personeel- en leerlinghandboeke insluit, prosedures en funksies asook konstitusies en spesifieke strukturele modelle van verteenwoordigende leerlingrade tesame met seleksie en inhuldigingsprosedures (Buscall *et al.*,1994:54).

Verteenwoordigende leerlingrade funksioneer in die meeste skole in Engeland en bestaan uit beide junior en senior leerlinge van skole, alhoéwel hul rolle in die meeste skole vaag omskryf is. Die volgende algemene eienskappe van verteenwoordigende leerlingrade word onderskei, naamlik (Herrick,1985:54; Buscall *et al.*,1994:54):

- Die meeste verteenwoordigende leerlingrade is saamgestel uit leerlinge wat van elke standerd in die skool afgevaardig is en bestaan uit 'n ledetal van 18 tot 20 lede.
- Die hoofseun en onderhoofseun van die leerlingraad dien as addisionele lede op hierdie raad.
- Sommige skole stel hul verteenwoordigende leerlingrade só saam dat daar 'n groter verteenwoordiging van senior lede as junior lede is.
- 'n Personeellid van die skool word aangestel met die verantwoordelikheid om toesig te hou oor die funksionering van die verteenwoordigende leerlingraad.
- Sommige skole besit formele en uitgebreide riglyne oor die funksionering van verteenwoordigende leerlingrade wat ook die konstitusies insluit.

Verteenwoordigende leerlingrade besit 'n adviserende funksie terwyl alle magte wat bestaan, berus in die hande van leerlingleiers. Leerlingleierskap word beskou as 'n belangrike element in die skoollewe en dien as belangrike skakel in die daaglikse funksionering van die skool. Leerlingleiers verkry ook die geleentheid en outoriteit vir die uitoefening van hul leierskapsvaardighede in geselekteerde areas van beheer soos vervoer, kleredrag, dissipline, algemene gedragstandaarde, die organisasie en beheer van sportdae en die bestuur van die verteenwoordigende leerlingraad. Leerlingleierskap word dus gesien as 'n verlenging van die leierskap van skoolbestuur (Buscall *et al.*,1994:30).

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat verteenwoordigende leerlingrade goed funksioneer in Engeland. Die VLR funksioneer in 'n adviserende hoedanigheid

en dien as verlengstuk van skoolbestuur. Die volgende sake wat uit die voorafgaande na vore tree, verdien meer duidelikheid:

- Watter ampsposisies bestaan in die VLR en watter rol vervul elke ampsdraer?
- Oor watter sake in die skool sal die VLR medeseggenskap kry?

Praktyke van leerlingverteenwoordiging in Italië word vervolgens bespreek.

### 3.4.4 Italië

#### 3.4.4.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Italië

In Italië bestaan daar 'n gesentraliseerde onderwysstelsel met die minister van onderwys (Ministero della Pubblica Istruzione) aan die hoof daarvan terwyl plaaslike owerhede (Local authorities) wat deur die staat aangestel is, aan die hoof staan van skooladministrasie in die provinsies. Volgens die Italiaanse konstitusie besit plaaslike owerhede en distrikte mag en outonomie oor onderwyssake. Die Italiaanse onderwysstelsel word beskou as 'n "dual system" omrede primêre, sekondêre en hoër onderwys beheer word deur die sentrale regering, terwyl beroeps- en volwasse onderwys beheer word deur die distriksadministrasie (Monasta,1994:163).

Eise om groter deelname aan onderwys het sedert 1968, met leerlinge-protesaksies oor die ontoereikendheid van hul onderwysstelsel plaasgevind. Dit het dus daartoe aanleiding gegee dat die vorige politiese grondtrekke van die sestigerjare vervang is met debatte oor demokratiese onderwysbeheer (Dekker & Van Schalkwyk,1995:468).

### 3.4.4.2 Verteenwoordiging van leerlinge op saamgestelde, interklas, skool- en deelnemende rade

Sekondêre skole in Italië beskik oor vier soorte strukture vir leerlingverteenwoordiging wat bekend staan as saamgestelde rade, interklas- en klasrade, skoolrade en deelnemende rade. Elke klas in die sekondêre skool stel sy eie saamgestelde raad saam wat bestaan uit twee ouer- en twee leerlingverteenwoordigers (Pridham,1981:228).

Interklas- en klasrade beskik oor verskeie funksies, onder andere die formulering van hul standpunte en voorstelle met betrekking tot onderwys en onderrigaktiwiteite, aanbieding van nuwe idees vir eksperimentele onderrig, indien van voorstelle met betrekking tot handboeke en die fasilitering en uitbreiding van samewerking tussen ouers, onderwysers en leerlinge (Pridham,1981:228).

Skole in Italië word verdeel in didaktiese sirkels of skoolstreke (Circoli didattici) terwyl elke didaktiese sirkel oor 'n eie raad (Consiglio di circolo) beskik. Sekondêre skole binne sodanige didaktiese sirkels beskik oor hul eie skoolrade, bestaande uit 'n gelyke aantal ouer-, onderwyser- en leerlingverteenwoordigers. Die skoolhoof dien op hierdie raad en afhangende van die grootte van die skool, word een of twee verteenwoordigers van die nie-onderwyspersoneel tot die raad bygevoeg (Pridham,1981:229).

Die raad word gelei deur 'n ouer wat verkies is deur 'n meerderheidstem in 'n vergadering. Die raad se taak word gerig deur die uitvoerende komitee wat uit die skoolraad verkies is en bestaan uit een onderwyser, een leerling, een ouer en die skoolhoof wat as voorsitter dien (Pridham,1981:229).

Die funksie van die uitvoerende komitee is soos volg: opstel van die agenda vir skoolraadvergaderings, indien van voorstelle en implementering van besluite, bespreking oor die aanwending van hulpmiddels tydens die finansiële jaar en byvoegings by die kurrikulum en buitemuurse aktiwiteite. Die samestelling, magte en gesag van hierdie rade is bevorderlik vir die eenvormigheid en gevolglik gelykmatigheid in die funksionering van skole in Italië (Pridham,1981:227-230).

**3.4.4.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging**

Wette vir die inisiëring van deelnemende rade (Participatory Councils) funksioneer reeds vanaf 30 Julie 1973 en is opgevolg deur die "Decreti delegati" in Mei 1974. Hiervolgens word magte aan die regering en minister van onderwys verleen om bogenoemde wette te interpreteer en te implementeer (Pridham,1981:227).

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat leerlinge op die laagste vlak van die organisasiepiramide bemagtig word om aan sake wat hulle raak deel te neem. Die geleentheid bestaan ook vir leerlingverteenwoordigers om op verskeie rade te dien en om die standpunte en behoeftes van hulle medeleerlinge bekend te maak.

Vervolgens word gekyk na praktyke van leerlingverteenwoordiging in Nieu-Seeland.

## 3.5 PRAKTYKE VAN LEERLINGVERTEENWOORDIGING IN NIEU-SEELAND

### 3.5.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Nieu-Seeland

Onderwyshervorminge het daartoe bygedra dat daar vanaf 1984 'n totale hervorming in die onderwysstelsel van Nieu-Seeland plaasgevind het. Die totale administratiewe struktuur van elke sektor in die onderwysstelsel is daardeur geraak en is geïnisieer deur 'n desentraliseringsbeleid en vryemarkingesteldheid van die nasionale regering. Beheer oor openbare onderwys word gereguleer deur verskeie onderwyswette asook etlike ander wette wat deur die parlement daargestel is (Husen en Postlethwaite,1994:4170).

Nuwe onderwyswetgewing het voortgevloei uit die onderwyshervorming en word, onder andere gekenmerk deur desentralisering van groter verantwoordelikheid na individuele onderwysinstellings, rakende die daarstel van beleid, doelstellings en doelwitte ensovoorts. 'n Ministerie van onderwys vervang ook die vorige departement van onderwys met 'n mandaat om te fokus op die analisering van onderwysbeleid en adviesdienste (Cowen,1996:709-712). Die onderwyswet van 1989 skep ook die geleentheid vir leerlinge om op die beheerliggaam van die skool verteenwoordiging te kry.

### 3.5.2 Verteenwoordiging van leerlinge op die beheerliggaam

Leerlinge in die skool verkies twee leerlingverteenwoordigers om op die beheerliggaam van die skool te dien. Hierdie leerlinge is normaalweg senior leerlinge wat besig is met hulle finale skooljaar. Hulle woon alle vergaderings van die beheerliggaam by en besit gelyke seggenskap in alle aspekte van skoolbestuur, vanaf die skoolhoof se werksverrigting tot die herstel van

apparatuur. Hulle deel egter een stem omrede onderwyswetgewing slegs voorsiening maak vir een leerlingverteenwoordiger op hierdie liggaam. In sommige skole word 'n addisionele adviserende raad saamgestel, bestaande uit tien senior leerlinge wat maandeliks vergader met die uitsluitlike doel om die topstruktuur van die skool in te lig oor leelingkwessies (Nieu-Seeland,1996a; Nieu-Seeland,1996b).

### 3.5.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging

Die onderwyswet van 1989 (artikel 97 no. 3) bepaal dat daar een leerlingverteenwoordiger op die beheerraad van die skool kan dien en is verder voorskriftelik dat sodanige leerlingverteenwoordiger 'n senior leerling uit een van die senior klasse moet wees. Hierdie leerling moet dus ook 'n voltydse ingeskrewe leerling van die skool wees (Nieu-Seeland,1996a).

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar sekere sake is waaroor daar nie duidelikheid is nie:

- Prosedures waarvolgens leerlinge hul onderwysbehoeftes aan die VLR kommunikeer.
- Prosedures waarvolgens die VLR die onderwysbehoeftes van die leerlinge aan die bestuurskader kommunikeer.
- Toekenning van meer gewig met betrekking tot die stemreg van senior leerlinge in die skool, wanneer vir die VLR gestem word.

## 3.6 PRAKTYKE VAN LEERLINGVERTEENWOORDIGING IN DIE VSA

### 3.6.1 Struktuur van die onderwysstelsel van Amerika

Amerika word gekenmerk deur 'n gedesentraliseerde onderwysstelsel waarin federale state en plaaslike regerings verskeie grade van verantwoordelikheid vir die administrasie en regulering van onderwys besit. Elkeen van die state in Amerika is verantwoordelik vir hul eie onderwysstelsel met 'n wisseling in terme van gesentraliseerde onderwysbeheer en die uitoefening daarvan verskil van staat tot staat (Baron,1986:25).

Skoolgebaseerde bestuur (school-based management) is 'n belangrike verskynsel en kenmerk van hervorming in skole, wat impliseer dat besluite met betrekking tot onderwys wat tevore gemaak is deur sentrale, streeks en distriks-onderwysowerhede nou plaaslik by skole geneem word (Cowen,1996:1034).

### 3.6.2 Leerlingverteenwoordiging in enkele state van Amerika

### 3.6.3 Connecticut

#### 3.6.3.1 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging

Leerlingdeelname in die bestuur van skole in Connecticut het ontstaan weens die vraag wat by leerlinge ontstaan het, naamlik of demokratiese beheer van skole suksesvol sal wees. Navorsing toon verder dat leerlinge betrek moet word in die neem van besluite in die skool (Lekander,1967; Fahey,1971; Schmerler,1972; Calkins,1974:15).

#### 3.6.3.2 Verteenwoordiging van leerlinge op beheerrade

Skole in Connecticut beskik oor beheerrade (Governing Boards) met die doel om leerlinge, bestuurspersoneel en die skoolhoof as medewerkers in die skool se bestuursproses te betrek. Beheerrade vervul die funksie van 'n beheersgentskap

(governing agency) wat gevolglik hul magte met die skool se topstruktuur deel om sodoende 'n betekenisvolle en verteenwoordigende deelname aan die besluitnemingsproses van skole te verseker. Beheerrade is saamgestel uit tien leerlinge en tien volwassenes wat soos volg verdeel word: Die leerlingverteenwoordigers word saamgestel uit vier senior leerlinge, drie junior leerlinge en drie leerlinge wat alreeds twee jaar in die skool is, terwyl die volwassenes soos volg verkies word, naamlik sewe onderwysers en drie bestuurslede. Beheerrade vervul 'n wetmakende funksie terwyl die bestuurspersoneel van die skool 'n administratiewe funksie vervul (Calkins,1974:20-21).

Beheerrade kan beleid daarstel en gee rigting aan die beheer van skole verál ten opsigte van areas, wat normaalweg onder die skoolhoof ressorteer, terwyl dit ondergeskik moet wees aan staats-, distriks- en plaaslike wetgewing asook onderwysbeleid. Beheerrade van skole in Connecticut verrig die volgende funksies naamlik (Calkins,1974:21):

- Kurrikulumontwikkeling
- Skedulesamestelling
- Skoolverlatingsvereistes
- Evaluering van personeel en onderwysprogramme

### 3.6.4 Florida

#### 3.6.4.1 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging

Onderwyshervorminge veral met betrekking tot die SBM/SDM program (School-based management/ Shared decision-making), het gelei tot die totstandkoming van 'n herstruktureringsbeweging in die onderwys. Die

algemene doelstellings met hierdie beweging was deels om 'n bewustelike poging aan te wend om die onpersoonlike en eensydige aard van die skoolsisteem te verander, nuwe en verbeterde onderwysprogramme aan leerlinge te bied sowel as om deelname deur leerlinge aan skoolaktiwiteite aan te moedig (Croghan en Provenzo,1989:13).

### 3.6.4.2 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingleierstrukture

Leierskapsrade was onder andere saamgestel met die doel om as voertuig te dien waartydens alle partye aan leierskap kan deelneem en medebetrokke kan wees in besluitneming. Hierdie medeseggenskapsgebeure het sy ontstaan en oorsprong te danke aan die demokratiese samestelling van hierdie raad, en dit blyk dat elke aspek van die onderrig en administratiewe program verteenwoordig word (Hanson,1990:527).

### 3.6.4.3 Verteenwoordiging van leerlinge op leierskapsrade

Verskeie skole het aan die SBM/SDM- program deelgeneem en dit het daartoe aanleiding gegee dat leierskapsrade (Leadership councils) in skole ontwikkel het. Hierdie raad word onder andere saamgestel uit die skoolhoof, personeel, ouer- en leerlingverteenwoordigers en is betrokke by begrotings en kurrikulum-kwessies, terwyl die skoolhoof 'n medewerkende en konsulterende rol vervul met die finale sê in alle sake (Spindler & George, 1984:294).

## 3.6.5 Illinois

### 3.6.5.1 Funksionering van verteenwoordigende leerlingleierstrukture

Plaaslike skoolrade bestaan uit elf lede en is soos volg saamgestel: ses ouers, twee onderwysers, twee gemeenskapsverteenwoordigers en een leerlingverteenwoordiger (Almo,1989:6). Verskeie besluitnemingsmagte word

oorgedra aan skoolrade, onder andere die goedkeuring van die skoolbegroting, die daarstel van skoolontwikkelingsprogramme, kies van boeke en kurrikulummateriaal asook die aanbeveling van onderwysers vir poste. Lede van plaaslike skole ontvang ook opleiding in skoolbegrotings en onderwysteorie met betrekking tot elke skool se behoeftes ten opsigte van aspekte rakende hulle nuwe rolle (Almo,1989:10).

### 3.6.6 Kalifornië

#### 3.6.6.1 Doelstellings van verteenwoordigende leerlingleierstrukture

Die doel met leerlingdeelname is eerstens om 'n sisteem te ontwikkel sodat die behoeftes van onderwysdeelnemers beter bevredig word en om insiatiewe daar te stel vir die bevordering en verbetering van deelnemende bestuursgeleenthede vir leerlinge. Tweedens moet leerders betrek word by beleidsformulering in die onderwys en die ontwikkeling van voorstelle vir aksies, wat ooreenstem met hul status as leerders omdat hulle die impak van ontwikkelinge in die sisteem moet deurstaan (Nussbaum *et al.*,1990:8-10).

Leerders se deelname in skoolbestuur het dus 'n tweeledige doel, naamlik:

- On toegang tot 'n raadgewende hoedanigheid te verkry en die geleentheid om 'n oordeel te vel oor beleidsaspekte wat hul raak.
- Om opvoedkundige geleenthede te skep waar leerders hul kennis oor beleidsaspekte, kollegialiteit en deelnemende besluitneming kan verbreed.

Rigting word dus verskaf om leerlinge as wettige deelnemers in 'n sisteem van deelnemende bestuur in te lyf en hul sodoende in staat te stel om hul nuut verworwe leierskapsvaardighede vrylik uit te oefen. Sulke uitdagings aan

leerlinge sal dus van hulle 'n verbondenheid, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor hul opvoedkundige instelling vereis (Nussbaum *et al.*,1990:8-19).

### 3.6.6.2 Verteenwoordiging van leerlinge op skoolrade

Die implementering van die SDM/SBM- model in skole binne die Los Angeles-distrik lei tot die samestelling van skoolrade in skole. Die doel van hierdie rade is om die funksionering van skole te verbeter om sodoende die effektiwiteit van onderwys te verbeter sodat leerders meer suksesvol kan wees (Phelan,1992:695). Die raad bestaan uit ses tot sestien lede wat van skool tot skool verskil, afhangende van die hoeveelheid leerlinge in die skool. Dit word soos volg saamgestel: die helfte van die raad word onderverdeel in die skoolhoof, ouer-en gemeenskapsverteenwoordigers en personeel terwyl die res van die lede saamgestel word uit leerlingverteenwoordigers van slegs sekondêre skole (Los Angeles Unified School District - Act 27,1989:195).

Skoolrade is by magte om besluite te neem rakende beleidsake wat insluit: personeelontwikkeling, skedulering van skoolaktiwiteite, gedragskodes en die kontrole van spesifieke begrotingsitems soos onderrigmateriaal, handboeke en die skoolfonds. Die fokus van skoolrade se aktiwiteite wentel eerder om die daarstel van plaaslike beleid en beplanningsrigting as die daaglikse administrasie en implementering van beleid (Hanson ,1990:530).

### 3.6.6.3 Statutêre voorskrifte vir leerlingverteenwoordiging

In die staat Kalifornia word onderwysowerhede getaak met die volgende verantwoordelikhede naamlik (Nussbaum *et al.*,1990:14-19):

- Die skepping van minimum standaarde in bestuursprosedures om te verseker dat personeel en leerlinge die reg het om effektief deel te neem aan die bestuur van skole en die geleentheid gegun word om hul menings te lig sodat dit deeglik oorweeg kan word.
- Die daarstelling van prosedures wat nie teenstrydig met bogenoemde standaarde vir die inskakeling van personeel en leerlinge in die bestuur van die skool is nie.

Hierdie wetsontwerp (no.1725 van 1988) is gerig op die daarstelling van 'n plan, om leerlingverteenwoordiging in skoolbestuur aan te moedig en vir die skepping van minimum standaarde en prosedures vir sodanige verteenwoordiging (Nussbaum *et al.*,1990:8-19). Dit lyk kortliks soos volg:

- Die implementering van beleid en prosedures deur bestuursrade om om leerlinge die geleentheid te gun om aan bestuur deel te neem.
- Die definiëring van sodanige bepalings en die omvang van leerlingdeelname.
- Die daarstelling van die middele wat nodig is om leerlingverteenwoordiging in werking te stel sodat leerlinge aan bestuursaktiwiteite kan deelneem.

### 3.6.7 Suid-Dakota

#### 3.6.7.1 Ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging

Navorsing in Suid-Dakota bevestig die waarde van leerlingrade vir leerlinge, hul skole en hul gemeenskap (Heath & Vik,1994:31-33). Klem word geplaas op die ontwikkeling en implementering van strukture in skole om aan leerlinge betekenisvolle geleenthede te bied, sodat hul hul leierskapsvaardighede kan beoefen onder andere deur middel van leierskap in areas soos

probleemoplossing, meedeling van idees en die bestuur van projekte (South-Dakota,1987:1; Barth,1991:10; South- Dakota,1992:101).

#### 3.6.7.2 Verteenwoordiging van leerlinge op verteenwoordigende leerlingrade

Leerlinge kry geleentheid om hulself te verteenwoordig deur middel van verteenwoordigende leerlingrade wat saamgestel is uit een of meer klasverteenwoordigers (normaalweg 'n seun en dogter), 'n president (vanuit die hoogste standerd), 'n vise-president, sekretaris en tessourier wat deur die lede van die verteenwoordigende leerlingraad verkies is (Barth,1991:10).

Die volgende funksies van die verteenwoordigende leerlingrade word onderskei (Heath & Vik, 1994:32) naamlik:

- Hersiening van skoolreëls en regulasies.
- Dissiplinêre maatreëls.
- Onderhoudvoering met leerlinge wat in dissiplinêre sake en die aanbeveling van 'n oplossing betrokke is.
- Ontwikkeling van onderrigtemas wat deur middel van die daarstelling van leerling-idees bewerkstellig is.
- Verteenwoordiging op skoolkomitees wat aspekte soos dissipline, dwelmmiddels en skoolontwikkeling hanteer.
- Afvaardiging van lede om die vergaderings van ouer, onderwysers en skoolrade by te woon.
- Uitbreiding van 'n gevoel van gemeenskaplikheid vanuit elke klaskamer na die res van die skool.

**Perspektief**

Uit die voorafgaande blyk dit dat leerlingdeelname in skoolbestuur wél plaasvind maar dat die taak, funksionering en struktuur van verteenwoordigende leerlingrade nog gedefinieer moet word.

## 3.7 VERGELYKING VAN PRAKTYKE VAN LEERLINGVERTEENWOORDIGING IN DIE RSA, BELGIË, DUITSLAND, ENGELAND, ITALIË, NIEU-SEELAND EN DIE VSA

In die samevatting vind daar in die eerste instansie 'n vergelyking plaas met betrekking tot die struktuur van 'n VLR in verskeie lande, met ander woorde, 'n vergelyking vind plaas ten opsigte van die ontstaan van praktyke van leerlingverteenwoordiging in die bestuur van skole.

Tweedens vind 'n vergelyking ten opsigte van die struktuur van verteenwoordigende leerlingrade en strukture waarop leerlinge inspraak het in skoolbestuur plaas. Dit word in tabel 3.4 aangedui.

Die navorsingstema wat handel oor die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in sekondêre skole het die volgende aspekte na vore gebring:

### 3.7.1 Stuktuur van verteenwoordigende leerlingrade

#### 3.7.1.1 Ontstaan van leerlingverteenwoordiging in die bestuur van skole

Na aanleiding van die voorafgaande oor praktyke van leerlingverteenwoordiging in die bestuur van skole in enkele lande, bestaan daar 'n

demokratiese oortuiging dat skole as gemeenskapsinstellings groter deelname van skooldeelnemers sal aanmoedig en dat besluitneming beter sal plaasvind.

‘n Volgende element in deelnemende bestuur is die bereiking van onderwyshervorming, met ander woorde, groter deelname aan skoolsake lei daartoe dat leerlinge ‘n groter selfwaarde ontwikkel asook ‘n groter gevoel van beheert oor hul omgewing ontwikkel. Hulle is dus nie meer pionne in ‘n skoolstelsel nie.

‘n Derde element kom neer op die aanspreeklikheid van deelnemers, met betrekking tot die aanwending van hul talente en leiersvaardighede om bepaalde doelwitte te verwesenlik en om institisionele verantwoordelikheid ten opsigte van skool en gemeenskapsbelange te verseker. Dit sal daartoe lei dat ‘n gevoel van eienaarskap ten opsigte van besluitneming by leerlinge ontstaan. Deelname deur leerlinge verskaf verder duidelike begrensde rolle sodat die nodige kennis en vaardighede aan leerlingverteenwoordigers in terme van demokratiese deelname oorgedra kan word.

Deelname deur leerlinge in die RSA, België, Duitsland, Engeland, Italië, Nieu-Seeland en die VSA het ‘n mate van beheer oor die instelling verskaf, met ander woorde, ‘n herdistribusie van mag het (vgl. 3.3.4, 3.3.11, 3.4.1.1, 3.4.2.1, 3.4.3.1, 3.4.4.1, 3.5.1, 3.6.1, 3.6.6 & 3.6.7) in die gesagshiërargie van die skool plaasgevind, sodat die leerlinge meer inspraak in sake van belang, voorkeure en die neem van besluite met betrekking tot beleid en beheer van skole gekry het.

Demokratisering van die onderwysstelsel en gevolglik leerlingleierstrukture in die RSA, België, Duitsland, Engeland, Italië, Nieu-Seeland en die VSA het uit

die inisiatief van die samelewing ontstaan (vgl. 3.3.3, 3.3.4, 3.4.1.1, 3.4.2.2, 3.4.4.1, 3.5.1, 3.6.3, 3.6.4, 3.6.6 & 3.6.7) met die doel om kanale te skep waarlangs leerlinge hul griewe bekend kan maak en waartydens geleenthede geskep word om medeseggenskap rakende sake in hul belang te verkry.

Dit blyk dus dat leerlingdeelname in die bestuur van skole ontstaan het uit die wil van die gemeenskap om die ontoereikendheid van hul onderwysstelsel te verbeter. Dit blyk ook verder dat strukture vir leerlingdeelname ontwikkel het vanweë die behoefte van die gemeenskap om die onderwys vir hul kinders te verbeter (vgl. 3.4.4.1, 3.4.4.1 & 3.5.1).

Verskeie inisiëringsaksies, onder andere onderwyshervormings (vgl. 3.4.1.2 & 3.6.4.1) het plaasgevind om leerlingdeelname aan te moedig en het ten doel gehad om leerlinge te help om 'n aktiewe rol in die bestuur van skole te vervul en om besluitnemingsvaardighede te ontwikkel. Alhoewél praktyke van leerlingdeelname in Duitsland, Nieu-Seeland en Engeland voorkom, kon daar egter geen literatuur bekom word oor die ontstaan van hierdie praktyke nie.

**3.7.1.2 Samestellingstruktuur van verteenwoordigende leerlingrade**

Enkele internasionale onderwysstelsels is bestudeer om te bepaal of daar enige leerlingleierstrukture bestaan waardeur leerlinge die geleentheid gebied word om hul belange te verteenwoordig. Daar is onder andere ondersoek gedoen na die bestaan van verteenwoordigende leerlingrade om sodoende te bepaal hoe dit saamgestel word. Uit die literatuurstudie is lande geïdentifiseer waarin verteenwoordigende leerlingrade funksioneer onder andere Engeland en die VSA. Literatuur toon ook dat verteenwoordigende leerlingrade in 'n pre-demokratiese Suid-Afrika bestaan het (vergelyk 3.3.3-3.3.4).

Alhoewél verteenwoordigende leerlingrade nie funksioneer in lande soos Duitsland, Italië, België, Nieu-Seeland en enkele state van Amerika nie, bestaan daar wél strukture waarop leerlinge hul belange in die bestuur van skole kan verteenwoordig.

In tabel 3.4 word 'n uiteensetting gegee van die verteenwoordiging van leerlinge op verskeie strukture.

Tabel 3.4: Verteenwoordiging van leerlinge op verskeie strukture

| Onderwysstelsel | Liggaam | Struktuur | Leerlinge | Personeel | Ouers | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RSA | SRC | Pres.,Vise-Pres., | 12 | 2 | Geen | Geen | 14 |
| | | Sekretaris,Tesourier | | | | | |
| | | 2 Addisionele lede | | | | | |
| België | Deelnemende rade | Onbekend | Verteenwoordig | Verteenwoordig | Verteenwoordig | Lede van | |
| | | | aantal onbekend | aantal onbekend | aantal onbekend | skoolraad | Onbekend |
| Duitsland | Skoolkongres | Onbekend maar | Hoof is add.lid | Verteenwoordig | Geen | Onbekend | |
| | | gelyke verteenw. | | aantal onbekend | | | |
| Engeland | SRC | Onbekend | Uit elke standerd | 1 | Geen | Geen | 18-20 |
| Italië | Klas-en skoolrade | Onbekend maar | 2 | Verteenwoordig | Verteenwoordig | Geen | Onbekend |
| | | gelyke verteenw. | | aantal onbekend | aantal onbekend | | |
| Nieu-Seeland | Adviserenderaad | Onbekend | 12 | Skoolhoof | Geen | Geen | 12 |
| VSA | | | | | | | |
| Connecticut | Beheerrade | Onbekend | 10 | 7 | Onbekend | 3 Bestuurslede | 20 |
| Florida | Leierskapsrade | Onbekend | Verteenwoordig | Hoof en personeel | Verteenwoordig | Geen | Onbekend |
| | | | aantal onbekend | aantal onbekend | aantal onbekend | | |
| Illinois | Skoolrade | Onbekend | 1 | 2 | 6 | 2 Gemeenskaps- | |
| | | | | | | verteenwoordigers | 11 |
| Kalifornië | | Onbekend | Verteenwoordig | Verteenwoordig | Verteenwoordig | Verteenwoordig | Onbekend |
| | | | aantal onbekend | aantal onbekend | aantal onbekend | aantal onbekend | |
| Suid-Dakota | SRC | Pres., Vise.Pres., | Een of meer | Geen | Geen | Geen | Onbekend |
| | | Sekretaris,Tesourier | klasverteenw. | | | | |

## 3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is leerlingrade bespreek met die doel om die gebreke van die stelsel uit te wys. Klem is ook gelê op verteenwoordigende leerlingrade wat bestaan het in swart skole in 'n predemokratiese bestél. 'n Vergelyking tussen leerlingrade en verteenwoordigende leerlingrade het verder getoon dat die leerlingraadstelsel as gevolg van talle gebreke 'n transformasie moes ondergaan.

Daar is verslag gedoen oor verskeie pogings wat deur verskeie lande aangewend is om die vestiging van leerlingleierstrukture van verskeie soorte as deel van 'n algemene beweging, om groter onderwyser- en leerlingdeelname in die besluitnemingsproses van skole en onderwysstelsels te bewerkstellig. Nasionale regerings, streeks- en plaaslike owerhede het aansienlike pogings aangewend om 'n netwerk rade, komitees, ensovoorts daar te stel sodat ouers, onderwysers en leerlinge in skole verskeie rolle daarin kon vervul.

Leerlingdeelname aan skoolaktiwiteite word aangetoon in verskeie areas, soos skoolorganisasie (o.a behoeftebepalings,doelstellings, ens. ), skoolklimaat (o.a. leerlingregte, dissipline, gehalte van skoolgeboue en fasiliteite, ens.), buite-kurrikulêre programme (o.a. sport, opvoedkundige toere, klubs, ens.) en skool- en gemeenskapsverhoudinge (o.a. kommunikasie, openbare verhoudinge, ens.) en blyk bloot adviserend van aard te wees.

Daar is ook 'n vergelyking getref tussen verskeie lande om 'n geheelbeeld te verkry van die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in daardie onderwysstelsels, met die doel om riglyne daaruit vir die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel af te lei.

# HOOFSTUK 4
# Onderhoude

## 4.1 INLEIDING

Na aanleiding van hierdie navorsing blyk dit dat daar sekere leemtes in verband met die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade ontstaan het, wat nie deur die literatuurstudie aangespreek is nie.

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om deur middel van onderhoudvoering, antwoorde te vind op sekere kwelvrae wat uit die verloop van die navorsingstudie na vore getree het.

Tydens die onderhoude is sekere vrae gestel (kyk bylaag A) met die doel om meer inligting in te win om bogenoemde kwelvrae te beantwoord en om moontlike riglyne daaruit af te lei vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade.

## 4.2 ONDERHOUDE

Onderhoude is een van die algemene metodes van data-insameling. Hierdie data-insamelingstegniek tesame met 'n goed beplande vraelys, kan baie bruikbare inligting lewer. Onderhoude is buigsaam en aanpasbaarin verskillende omstandighede en situasies en die navorser in staat om meer klem te lê op die antwoorde, of response wat gegee word. Sodoende word 'n atmosfeer van vertroue geskep deur die rapport wat met die onderhoud gevestig word (De Wet *et al.*,1981:162-163).

In hierdie studie is onder andere gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude met spesifieke verwysing na die strategiese meedelersonderhoud (key informant interview), deurdat inligting verkry is van individue met gespesialiseerde kennis en begrip van die struktuur en funksionering van 'n VLR en omdat die respondent vry was om op die vrae uit te brei (Gall, Borg & Gall,1996:306,310). Daar is met drie persone onderhoude gevoer en op grond van navrae het dit geblyk, dat hierdie persone verteenwoordigers van verskeie instansies was, en sodoende waardevolle en bruikbare inligting kon verskaf.

### 4.2.1 Gauteng Onderwysdepartement

'n Onderhoud is gevoer met mnr. Lawrence Tsipane, Waarnemende Assistent-Koördineerder: Skoolbeheerprogramme, HOPB-afdeling omrede GOD ten tye van die onderhoudvoering 'n goeie beskouing ten opsigte van die struktuur en funksionering van 'n VLR gehad het. Uit die onderhoud het die volgende gegewens na vore gekom.

- **Die breë taak van die VLR**

Die VLR besit 'n tweeledige taak, naamlik om as verteenwoordiger van die belange en behoeftes van leerlinge in die daaglikse skoolgebeure op te tree en om die belange van die leerlinge in die bestuur en beheer van die skool te verteenwoordig.

- **Die bestuurstaak van die VLR**

**Beplanning**

Die beplanningsproses moet sodanig plaasvind dat die leerlinge daarby betrokke is en deel daarvan voel. Tydens die beplanningsproses moet 'n konstitusie deur

die VLR daargestel word, waarin daar duidelike doelstellings gestel word waarvolgens die VLR moet funksioneer. Die beplanningshandeling van die VLR moet daarop gerig wees om gestelde doelstellings te bereik.

Die VLR moet funksioneer volgens demokratiese beginsels, sodat besluitneming wat moet plaasvind na aanleiding van die daaglikse funksionering van die VLR demokraties moet geskied. Besluite kan ook tydens noodsituasies geneem word, maar word slegs as bindend geag nadat sodanige besluite en die redes daarvoor aan die res van die lede van die VLR voorgehou en deur hulle aanvaar word (vgl. 3.3.6).

Die VLR moet verder beskik oor 'n gedragskode om die optrede en gedrag van die lede van die VLR en van die res van die leerlinge van die skool te reguleer (vgl. 3.3.10).

**Organisering**

Die VLR beskik oor 'n organisasiestruktuur en word saamgestel uit klasverteenwoordigers uit elke klas, waaruit die uitvoerende komitee verkies word. Die uitvoerende komitee word saamgestel uit die ampsdraers, elk met 'n spesifieke portefeulje. Tydens die uitoefening van sy taak sal die uitvoerende komitee sekere take en verantwoordelikhede delegeer aan lede van die VLR, komitees en subkomitees en beheer uitoefen, ten einde die VLR suksesvol te laat funksioneer.

Gereelde vergaderings moet belê word waartydens alle ampsdraers op die VLR, klubs, verenigings, komitees en subkomitees moet verslag doen van hul

werksaamhede, ten einde doeltreffende koördinering van alle aktiwiteite van die VLR moontlik te maak.

**Leidinggewing**

Tans word die verhouding tussen onderwysers en leerlinge in swart skole gekenmerk deur konflik en word die rol wat die VLR in skole sal vervul as belangrik geag. Die VLR moet onder andere harmonie in bogenoemde verhoudinge en tussen leerlinge onderling bewerkstellig. Die VLR het dus 'n belangrike taak om te vervul in die daarstel van 'n harmonieuse atmosfeer, waarin alle belangegroepe in die skool suksesvol kan funksioneer en waarin die VLR sy taak doeltreffend kan vervul.

Die VLR moet leiding neem deur middel van die voorbeeld wat hulle stel in terme van die inisiëring van programme wat gerig is op die ontwikkeling van die leerlinge en op die daarstel van 'n kultuur waarin onderrig en leer doeltreffend kan plaasvind. Die VLR moet verder 'n voorbeeld stel, ten opsigte van respek teenoor personeel en die ontwikkeling van deursettingsvermoë by leerlinge teenoor hul akademiese werk.

Deur hul voorbeeld sal die VLR die leerlinge motiveer om met vrymoedigheid hul probleme en griewe, deur middel van 'n grieweprosedure onder die aandag van die VLR te bring en om 'n positiewe houding ten opsigte van die VLR en die aktiwiteite van die VLR in te neem.

Opleidingsprogrammme moet geïmplementeer word, ten einde die lede van die VLR volkome toe te rus om hul take en verantwoordelikhede suksesvol en gemotiveerd uit te voer. Die verkryging van sodanige vaardighede sal die taak

van die VLR versterk, sodat die leerlinge gelukkig en tevrede aan die skoolprogram en -aktiwiteite kan deelneem.

Die VLR word beskou as hulporgaan in die demokratiese transformasie wat in skole plaasvind. Dit is daarom belangrik dat die leerlinge te alle tye op hoogte sal wees van die werksaamhede van die VLR en van gebeure wat plaasvind en sal plaasvind. Gereelde terugvoer moet tydens vergaderings plaasvind sodat leerlinge tevrede kan wees dat hulle belange en behoeftes verteenwoordig word.

Die mediabeampte moet dus sorg dra dat vroegtydige reklame van belangrike gebeure en aktiwiteite plaasvind en dat sodanige inligting aan die leerlinge beskikbaar is en sigbaar ten toon gestel word.

**Beheeruitoefening**

Voortdurende beheer moet plaasvind om sodoende te verseker dat doelstellings bereik word en dat die leerlinge en lede van die VLR ooreenkomstig die gedragskode optree. Beheer moet sodanig plaasvind dat dit bydra tot die bemagtiging van leerlinge. Die onderwyserskakelbeampte (OSB) speel 'n belangrike rol met betrekking tot die evaluering van die wyses waarop leerlingverteenwoordigers en ampsdraers van die VLR hul take en verantwoordelikhede uitvoer. Die OSB moet probleme identifiseer en korrektiewe maatreëls voorstel vir die oplossing van sodanige probleme.

- **Die funksionering van die VLR**

**Belangegroepe op die VLR en die besit van vetomag:**

Die leerlinge in die skool is die enigste belangegroep wat deur die VLR verteenwoordig word en is die enigste belangegroep op die VLR, terwyl die

OSB slegs in 'n adviserende hoedanigheid 'n bydrae lewer tot die suksesvolle funksionering van die VLR. Die OSB moet deur die leerlinge verkies word en moet 'n persoon wees in wie die leerlinge vertoue het en wat die belange en ontwikkeling van die leerlinge op die hart dra. Hy/sy moet geen verskuilde agenda hê nie en moet nie met enige agterdog bejeën word nie.

**Outonomie van die VLR**

Die VLR funksioneer as 'n onafhanklike leerlingorganisasie, alhoewél die aksies wat beplan en besluite wat geneem word, moet in ooreenstemming met die beleid van die skool plaasvind. Die VLR is nie 'n politieke organisasie nie en mag hom nie verbind met die politieke oogmerke van enige politieke organisasie nie.

**Opleidingsprogramme vir die VLR**

Na afloop van die verkiesing van verteenwoordigende leerlingrade en beheerliggame in skole in die Gauteng Provinsie, word hierdie belangegroepe onderwerp aan 'n opleidingsprogram ten einde hul bekwaamhede te verbeter om sodoende hul spesifieke take en verantwoordelikhede te kan uitvoer.

Die opleidingsprogramme sal oor die verloop van een jaar plaasvind en in alle skole in die Gauteng Provinsie geïmplementeer word. Dit bestaan uit vier projekte tesame met 'n deurlopende evaluering. Die opleidingsprogramme word op die volgende basis bedryf (SA,1996f:2,7):

- Departementele beamptes vir projek A (100): opleiding van beheerliggame.
- Skole vir projek B (2100): skoolbeheerliggame.
- Sekondêre skole vir projek C (510): VLR- opleiding.

- Skole vir projek D (2100): Oueropleiding.
- Skole vir projek E (2100): Nie- onderwyspersoneel.

Opleiding vir die VLR (projek C) behels die volgende aspekte (SA,1996f:7):

- Leierskapsvaardighede.
- Kommunikasievaardighede.
- Onderhandelingsvaardighede.
- Effektiewe beplanning.
- Beheeruitoefening en leidinggewing.
- Tydsbestuur.
- Organisering van vergaderings en reklame.
- Verslaggewing.
- Projekontwikkeling: media, sport, kulturele aktiwiteite en welsyn van leerlinge.
- Skriftelike verslaghouding.
- Afneem van notules.
- Leiding van vergaderings.
- Konflikoplossing.
- Deelname (aanspreeklikheid en mandaat).
- Effektiewe administrering van die VLR.
- Spanbou.
- Delegering.
- Bestuur van finansies.
- Analisering en begrip van 'n kurrikulum.
- Ontwikkeling van metodes rakende konstruktiewe kritiek.

- Hoe om skoolbestuur, hoofde, onderwysers en departementele beamptes te benader.
- Die geskiedenis van die VLR-beweging in die RSA.
- Ontwikkeling van 'n gedragskode.
- Fondsinsameling.
- Formulering van 'n konstitusie.

- **Aanspreeklikheid van die VLR en sy lede**

Die VLR is medeaanspreeklik tesame met ander belangegroepe in die geval waar die aksies van die VLR en die lede van die VLR in botsing is met die belange van die skool en skoolbeleid. Die VLR moet funksioneer ooreenkomstig 'n gedragskode (vgl. 3.3.10) waarin die voorwaardes vir optrede duidelik omskryf moet wees.

Die VLR moet dus beskik oor 'n eie gedragskode wat die optrede en gedrag van die lede van die VLR en die leerlinge van die skool kan reguleer, maar ook terselfdetyd onderworpe is aan die gedragskode van die skool. 'n Dissiplinêre komitee sal saamgestel word as moontlike subkomitee met 'n ampsdraer van die VLR as voorsitter van die komitee. Die dissiplinêre komitee en die OSB moet toesien dat die lede van die VLR optree in ooreenstemming met die VLR se gedragskode en toesien dat die aksies van die VLR nie bots met die belange van die skool nie. Onreëlmatighede en oortreding van die gedragskode moet gerapporteer word, sodat dissiplinêre optrede as korrektiewe maatreël kan volg.

- **Verkiesingsprosedures vir die VLR**

Word vervat in die konstitusie van die VLR (vgl. 3.3.8).

- **Besluitnemingsbevoegdheid van die VLR**

Die VLR beskik oor die bevoegdheid om enige geoorloofde besluit te neem tydens die daaglikse uitoefening van sy pligte, maar beskik nie oor enige wetlike bevoegdheid om aan die regsverkeer deel te neem en in enige regsaksie betrokke te raak nie. Die VLR is dus nie 'n regspersoon met enige handelingsbevoegdheid en regsverpligtinge nie.

- **Status van die VLR**

Die VLR word beskou as een van die strukture in die skool en mag geensins sodanige posisie inneem wat teenstrydig met die belange van die skool is nie. Die VLR moet 'n wettige staanplek in die skool beklee en oor dieselfde status as enige ander struktuur in die skool beskik. Tydens die uitvoering van sy taak kan dit gebeur dat die aksies en besluite van die VLR in botsing met die belange van die skool kom, maar is dit belangrik dat beide partye tot 'n vergelyk sal kom sodat dit vir albei voordelig sal wees.

- **Ontbinding van die VLR**

Indien die VLR misluk in die uitvoering van sy taak en sodanig optree dat sy aksies teenstrydig is met die belange van die skool, kan die skoolhoof 'n vergadering belê en sy griewe uitspreek met die doel om probleme wat bestaan op te los en korrektiewe maatreëls te implementeer. Wanneer geen oplossing gevind kan word nie, word die saak verwys na die beheerliggaam van die skool wat die saak sal ondersoek en 'n moontlike aanbeveling sal maak, dat die VLR moet ontbind en 'n herverkiesing gehou moet word. In sodanige geval moet die plaaslike onderwysowerhede van die besluit van die beheerliggaam verwittig word.

### 4.2.2 Onderhoud met Provinsiale Sekretaris van PASO in Gauteng Provinsie

'n Onderhoud is gevoer met mnr. Goodfriday Mhlongo, Provinsiale Sekretaris van PASO van die Gauteng Provinsie, om sodoende die beskouing van PASO as leerlingorganisasie te verkry, met betrekking tot die struktuur en funksionering van 'n VLR. Uit die onderhoud het die volgende geblyk:

- **Die breë taak van die VLR**

Die VLR is die beheerstruktuur van die leerlinge en moet te alle tye 'n verteenwoordiger wees van die belange en behoeftes van die leerlinge. Die VLR is verder 'n verteenwoordiger van die leerlinge in skoolbestuur, veral tydens geleenthede waar beleid geformuleer word.

- **Die bestuurstaak van die VLR**

**Beplanning**

Die beplanningshandeling van die VLR is noodsaaklik ten einde hul taak uit te voer. Dit is verder noodsaaklik dat alle oorwegings, beleid en funksies van die VLR plaasvind ooreenkomstig die volgende beginsels:

- Demokrasie.
- Geen rassisme.
- Geen geslagsvoorkeure.
- Aanspreeklikheid, deursigtigheid en verantwoordelike bestuur.
- Onpartydige verteenwoordiging van alle leerlinge ongeag ras, geslag, geloof en agtergrond.

Leerlinge moet besef dat hulle reeds deel van die gemeenskap was voordat hulle leerlinge van die skool geword het en in die mate moet hulle die belange van die gemeenskap verteenwoordig in die skool. Na aanleiding van die invloed wat die gemeenskap op die leerlinge uitoefen, moet die doelstellings van die VLR in ooreenstemming met die waardes van die gemeenskap waaruit die leerlinge afkomstig is, geformuleer word. PASO verbind hom tot die volgende doelstellings vir 'n VLR:

- Om 'n eenheid onder leerlinge te bewerkstellig asook 'n begrip vir die onderliggende verwagtinge van die konstitusie.
- Om die eise van leerlinge hetsy sosiaal, polities, ekonomies of opvoedkundig te verteenwoordig.
- Om te strewe na gemeenskapsgeoriënteerde en holistiese individue
- Om die stryd teen rassediskriminasie en ekonomiese uitbuiting te beskerm en te ontersteun.
- Om te strewe na die omvattende ontwikkeling van leerlinge deur programme wat daarop gerig is om leerlinge te ondersteun en die skoollewe te verbeter.
- Om die regte van leerlinge te verdedig en te beskerm.

Leerlinge is deel van 'n gemeenskap en moet daarom deel hê aan die besluitneming in die bestuur van die skool en in staat wees om in die huidige era van transformasie die besluite wat in die skool geneem word te beïnvloed.

Besluite wat die VLR neem, kan in botsing wees met die belange van die skool en die gedragskode van die VLR. Probleemoplossingsmeganismes moet dus bestaan om sodanige probleme te identifiseer en op te los. Die VLR moet as 'n span funksioneer en saamwerk om probleme op te los.

**Organisering**

Die struktuur van 'n VLR, soos voorgestel deur Madigoe (vgl. 3.3.7) en die Gauteng Onderwysdepartement (vgl. 3.3.8), word deur PASO steeds as burokraties beskou. Verkiesing van klasverteenwoordigers vind nie demokraties plaas nie omdat al die leerlinge in die skool nie deel het aan die verkiesing van die klasverteenwoordigers nie. Daar was voorgestel dat leerlinge wat belangstel in 'n posisie en portefeulje op die VLR genomineer moet word en dat 'n VLR saamgestel moet word uit sowat 13 leerlinge wat demokraties verkies is deur al die leerlinge van die skool (kyk die verkiesingsprosedures soos voorgestel deur PASO). Sodoende word die VLR saamgestel volgens die mandaat van die leerlingpopulasie. Die VLR word saamgestel uit die volgende leerlinge:

- President.
- Vise-President.
- Algemene sekretaris.
- Algemene assistentsekretaris.
- Tesourier.
- Reklame en projekbeampte.
- Konstitusionele beampte.
- Sportbeampte.
- Kuns en kultuurbeampte.
- Mediabeampte.
- Onderwys en biblioteekbeampte.
- Beampte wat toesig hou oor geslagtelike kwessies (gender officer).
- Voorsitter van die klasverteenwoordigers.

Die voorsitter van die VLR is die uitvoerende hoofbeampte op die VLR en is verantwoordelik vir die delegering van take en verantwoordelikhede aan lede van die VLR, klubs, verenigings, komitees en subkomitees en moet verder toesien dat die VLR doeltreffend funksioneer.

Tydens vergaderings waarby alle leerling belangegroepe teenwoordig is, word verslag gelewer van al die werksaamhede en aksies van die VLR, ten einde doeltreffende koördinering van al die aktiwiteite van die VLR moontlik te maak.

**Leidinggewing**

Die VLR funksioneer as 'n span, ten einde gestelde doelstellings te bereik. Deur die voorbeeld wat die VLR stel, moet daar gepoog word om die leerlinge van die skool en lede van die VLR te motiveer tot deelname aan die doelstellings van die VLR.

Gereelde terugvoer moet plaasvind sodat leerlinge op hoogte kan wees van die werksaamhede van die VLR en kan leerlinge by wyse van 'n grieweprosedure, hul griewe aan die VLR kommunikeer.

**Beheeruitoefening**

Beheeruioefening vind plaas deur die voorsitter van die VLR tesame met die konstitusionele beampte wat moet toesien dat die VLR en die lede van die VLR ooreenkomstig die gedragskode en konstitusie van die VLR optree. Verskeie ondersteuningsmeganismes moet bestaan om probleme wat mag ontstaan tydens die uitoefening van take en verantwoordelikhede te antisipeer en korrektiewe maatreëls te implementeer.

- **Funksionering van die VLR**

**Belangegroepe op die VLR en die besit van vetomag**

Die VLR soos die naam aandui, moet slegs 'n liggaam wees wat deur leerlinge verteenwoordig word en wat op sy beurt weer die leerlinge verteenwoordig. 'n OSB kan verkies word deur die leerlinge van die skool om in 'n adviserende hoedanigheid toe te sien dat die VLR goed funksioneer en dat die die lede van die VLR hulle take en verantwoordelikhede bekwaam uitvoer. Die OSB moet 'n persoon wees wat die belange van die leerlinge en die VLR op die hart dra.

Die skoolhoof en personeel beskik oor geen vetomag ten opsigte van die verkiesing van die VLR nie. Dit is 'n onafhanklike liggaam wat slegs deur die leerlinge in die skool verkies word en wat die mandaat van die leerlinge verteenwoordig.

**Outonomie van die VLR**

Die VLR is 'n wetlik erkende struktuur in die skool en funksioneer as 'n regspersoon. Dit is 'n onafhanklike liggaam en sy funksionering kan onder geen omstandighede deur die skool voorgeskryf word nie. Die VLR is 'n leerlingorganisasie wat in diens staan van die leerlinge in die skool en die gemeenskap waaruit hulle afkomstig is. Die VLR sal in die uitvoering van sy taak nie doelbewus in konflik tree met die skoolbeleid nie. Die VLR is nie 'n politieke organisasie nie en moet verhewe wees bo alle politiek.

**Opleidingsprogramme vir die VLR**

Opleidings- en ondersteuningsprogramme moet ontwikkel word ten einde leerlinge vir hul taak op die VLR toe te rus. Hierdie verantwoordelikheid is die

taak van die OSB om toe te sien dat die lede van die VLR geen leemtes in hulle mondering toon nie.

**Aanspreeklikheid van die VLR en sy lede**

Die VLR is aanspreeklik teenoor die leerlinge wat deur hulle verteenwoordig word. Wanneer die VLR misluk in sy taak moet deeglik besin word oor die ontbinding van die VLR en 'n verkiesing van 'n nuwe VLR. Die lede van die VLR is verder aanspreeklik vir die voorskrifte wat in die gedragskode van die VLR uiteengesit word. Dit is daarom belangrik dat die leerlinge deel het aan die opstel van die gedragskode.

Die VLR moet beskik oor 'n dissiplinêre komitee wat sal toesien dat die gedragskode nie oortree word nie en dissiplinêr sal optree teenoor diegene wat dit oortree.

**Verkiesingsprosedures vir die VLR**

Die volgende verkiesingsprosedures word neergelê vir die verkiesing van 'n VLR:

⇒ Verkiesingsbeampte en -komitee

- Dit is die taak van die VLR, klubs en verenigings om 'n verkiesingsbeampte te verkies sodra 'n nuwe VLR verkies moet word.
- 'n Onafhanklike verkiesingskommissie (OVK) sal bestaan uit die verkiesingsbeampte, waarnemers van die bestaande VLR, klubs, verenigings en leerlingorganisasies tesame met enige ander persoon wat deur die verkiesingebeampte aangestel is.

⇒ Nominasies

- Alle geregistreerde leerlinge wat minstens ses maande verbonde aan die skool is, kan as kandidaat genomineer word.
- Nominasies vind skriftelik plaas.
- Nominasies is geldig wanneer dit die volgende gegewens bevat:
    - Naam van die genomineerde;
    - name en handtekeninge van te minste agt kiesers;
    - 'n getekende verklaring van die genomineerde waarin die genomineerde hom/haar onderwerp aan die verkiesingsreëls, en
    - die portefeulje aantoon waarvoor hy/sy staan.
- Die genomineerde word beskou as 'n kandidaat vir die verkiesing vanaf die datum wat die OVK sodanige nominasie aanvaar het en dit as geldig ag.
- 'n Persoon met enige kriminele rekord mag nie genomineer word nie.
- Indien die nominasie onsuksesvol is, moet die genomineerde binne 24 uur in kennis gestel word voordat die nominasies gefinaliseer word.
- Name van die genomineerdes en hulle verklaring van voorneme sal tesame met hulle paspoortfoto's op die kennisgewingborde verskyn.
- Die OVK sal 'n massavergadering belê waarop elke kandidaat sy verklaring van voorneme aan die massa sal voorlê.
- Indien minder as 12 kandidate genomineer word, word hulle as verkies verklaar en sal 'n tussenverkiesing plaasvind om die oorblywende posisies te vul.
- Indien die aantal kandidate die 12 oorskry, vind 'n algemene verkiesing plaas.

⇒ Besware teen nominasies

- Besware moet skriftelik gedoen word en by die verkiesingebeampte ingedien word 24 uur voordat die naamlys van genomineerdes vrygestel word.
- Besware word oorweeg deur die OVK wie se besluit finaal is.
- Indien die beswaar suksesvol is, sal die kandidaat onttrek word.
- 'n Kandidaat kan appelleer binne 24 uur vandat sy/haar nominasie onttrek is.

⇒ Stemming

- Stemming sal plaasvind deur geheime stemming.
- Alle geregistreerde leerlinge het die reg om te stem.
- Elke leerling word toegelaat om vir 12 kandidate te stem.
- In geval van 'n gelykopstem sal 'n verkiesing binne 48 uur plaasvind en word slegs die kandidate wat gelyk is betrek.
- Verkiesingsuitslae sal gepubliseer word nie later as drie dae na afloop van die verkiesing nie, en nie vroeër as een dag na die verkiesing nie.
- 'n Stempersentasie van 25% word benodig om kandidate aan te stel.
- Die bestaande VLR dien steeds totdat die nuwe VLR amptelik aangestel word.
- Die lede van die VLR word amptelik aangestel deur die verkiesingsbeampte.
- Elke lid van die VLR teken 'n verklaring van voorneme.
- Geen kandidaat mag tydens die verkiesing hom/haar besig hou met publisiteitsveldtogte nie.
- Verontagsaming van hierdie verkiesingsvoorskrifte sal aanleding gee tot diskwalifikasie.

⇒ Bedorwe stemme

'n Stembrief is bedorwe indien die stemming nie op die voorgeskrewe wyse plaasvind nie; die naam van die kandidaat verander is; enige aantekeninge op die stembrief aangebring is en enige sketse op die stembrief gemaak is.

⇒ Besware

- Alle besware rakende die verkiesing moet binne 24 uur na afloop van die publikasie van die verkiesingsresultate by die OVK gemaak word.
- Besware moet deur 25 persone ondersteun word.
- In die geval waar 'n beswaar suksesvol is, sal nuwe verkiesings op 'n datum plaasvind, soos bepaal deur die OVK.

- **Besluitnemingsbevoegdheid van die VLR**

As 'n wetlike struktuur wat die mandaat van die leerlingpopulasie verteenwoordig, beskik die VLR oor wetlike bevoegdhede om enige besluit te neem. Die VLR kan hom verbind tot 'n kontraktuele ooreenkoms indien dit sal strek tot die voordeel van die leerlinge in die skool. Die VLR sal dus aanspreeklik gehou word vir alle besluite wat geneem word.

Die konstitusie van die VLR verskaf dus aan die VLR die status en mandaat, om nieteenstaande die feit dat lede minderjarig mag wees, aan enige regsverkeer deel te neem.

- **Status van die VLR**

Die VLR is 'n regspersoon wat onafhanklik funksioneer in vergelyking met die ander strukture in die skool. Die VLR moet te alle tye 'n posisie inneem ten opsigte van die belange en oogmerke van die leerlinge wat verteenwoordig

word. Dit is 'n liggaam wat verbonde is tot onderhandeling en bedinging vir die beste voordeel van die leerlinge, maar is ook bereid om oor te gaan tot uiterste maatreëls soos massa-aksies en stakings, indien onderhandelinge oor bepaalde konflikte nie slaag nie.

- **Ontbinding van die VLR**

Geen persoon of instansie behalwe die leerlinge van die skool is by magte om die VLR te ontbind nie. Indien die VLR misluk in sy taak kan die leerlinge die VLR ontbind en kan 'n herverkiesing vir 'n nuwe VLR plaasvind.

### 4.2.3 Onderhoud met Voorsitter van COSAS in Gauteng Provinsie

Na deeglike bevestiging met bogenoemde leerlingorganisasie en met mnr. Frank Moliya dat 'n onderhoud op 10 April 1997 sou plaasvind, het mnr. Moliya nie opgedaag vir die onderhoud nie. Na aanleiding hiervan is onderhoude onderskeidelik geskeduleer met mnr. Tshidiso Mothladi, COSAS-verteenwoordiger: Noordwesprovinsie, op 18 April 1997 en 21 April 1997. Die onderhoud het nie plaasgevind nie, omrede mnr. Mothladi nie opgedaag het nie. Dit was dus nie moontlik om COSAS se mening oor die vrae wat in die onderhoud sou gevra word, te verkry nie.

### 4.2.4 Federasie van Suid-Afrikaanse Skole

'n Nie-rassige, nie-politieke en veeltalige leerlingorganisasie bekend as die Suid-Afrikaanse skole-leerderorganisasie (Saslo) is op 25-27 April 1997 as tussentydse nasionale organisasie gestig. Hierdie organisasie is onder die vaandel van Fedsas gestig met dien verstande dat dit mettertyd absoluut onafhanklik moet optree (Pretorius, 1997a:7). Dit is 'n nie-politieke organisasie,

wat net 'n spreekbuis vir leerlinge wil wees om inspraak in beleidsake wat hulle raak te verkry. Die doelstellings van Saslo sluit in (Pretorius,1997b:4):

- Om samewerking tussen leerlinge en leerlingliggame te verseker sonder die aantasting van die besondere etos en waardes van outonome leerlingliggame.
- Om 'n forum te bied vir leerlinge en leerlingliggame as optrede nodig is.
- Om as waghond en spreekbuis op te tree vir leerlinge.

Na aanleiding van 'n telefoniese gesprek met dr. Hennie van Deventer (Uitvoerende voorsitter van Fedsas) op 28 April 1997, het dit geblyk dat Saslo gestig is met die doel om 'n goeie kommunikasienetwerk met betrekking tot leerlinginspraak in beleidsaspekte, op provinsiale en nasionale vlak te vestig. Verteenwoordigende leerlingrade as leerlingliggame kan dus nou saamwerk met Saslo, ten einde op hoogte te wees van relefante gebeure op nasionale en provinsiale vlak en om die belange en verwagtinge van leerlinge aan die owerhede en owerheidsinstellings te kommunikeer.

## 4.3 PERSPEKTIEF

Uit die voorafgaande blyk die volgende.

- Die Gauteng Onderwysdepartement en PASO is dit eens dat die VLR 'n twee-ledige taak besit, naamlik as verteenwoordiger van die leerlinge se belange en behoeftes in die skoolgebeure en as verteenwoordiger van die leerlinge se belange en behoeftes in skoolbestuur (vgl. 1.2, 4.2).

- Die VLR beskik oor 'n bestuurstaak en subbestuurstake (vgl. 2.6, 4.2) wat duidelik omlyn moet wees, sodat die VLR sy taak as verteenwoordiger van die leerlinge (i.c. skoolgebeure en skoolbestuur) doeltreffend kan uitvoer.

- Die enigste belangegroepe wat op die VLR verteenwoordig moet word, is die leerlinge en hulle belange en behoeftes. Die OSB dien in 'n adviserende hoedanigheid en moet toesien dat die VLR glad funksioneer en dat leemtes in die mondering van die ampsdraers van die VLR uitgeskakel word (vgl.4.2).

- Dit is 'n onafhanklike leerlingorganisasie wat nie voorgeskryf kan word hoe om te funksioneer nie. Die VLR is nie 'n politieke organisasie nie en mag hom nie verbind tot enige politieke oogmerke nie. Ahoewél die VLR onafhanklik funksioneer, moet alle aksies wat paasvind en besluite wat geneem word, in ooreenstemming met die belange van die skool plaasvind en nie doelbewus bots met skoolbeleid nie (vgl. 3.3.11, 4.2).

- Opleidingsprogramme moet geïnisieer word, ten einde die bekwaamheidsvlak van die ampsdraers van die VLR te ontwikkel, en om leerlinge gemotiveerd te hou om hul take na die beste van hul vermoëns uit te voer. Dit is die taak van die OSB om toe te sien dat bogenoemde programme geïmplementeer word en om leemtes te identifiseer en korrektiewe maatreëls toe te pas (vgl. 4.2).

- Daar moet 'n gedragskode vir die VLR bestaan on die dade en aksies asook die optrede van sy lede daarvolgens te rig. 'n Dissiplinêre komitee moet toesien dat daar dissiplinêr opgetree word teenoor leerlinge wat die gedragskode oortree (vgl. 3.3.10).

- Die raad behoort slegs oor die bevoegdheid te beskik om besluite te neem wat handel oor die normale uitoefening van sy taak. Anders as wat deur PASO voorgestel word, kan die VLR nie oor die status van 'n regspersoon beskik nie en behoort die VLR nie oor enige wetlike bevoegdhede te beskik nie en ook nie toegelaat moet word om aan enige regsverkeer deel te neem nie (vgl. De Waal,1994).

- Die VLR besit dieselfde status as enige ander struktuur in die skool. Dit is 'n liggaam wat soortgelyk met ander belangegroepe in die skool kan beding ten opsigte van die beste voordeel vir sy lede. Dit is belangrik dat die VLR die posisie inneem om sy belange en dié van die leerlinge wat verteenwoordig word te beskerm. Die VLR is 'n verteenwoordiger van die leerlinge in terme van hul sosiale, ekonomiese, kulturele, politieke en godsdienstige behoeftes (vgl. 4.2).

- Dit is noodsaaklik dat die VLR hom nie sal wend tot uiterste maatreëls om sy posisie te bevestig en sy oogmerke te bereik nie, omrede dit daartoe kan lei dat individue in die VLR op dié wyse hulle politieke agendas kan uitleef. Dit sal verder daartoe bydrae dat die VLR weereens geëtiketteer word as 'n politieke leerlingorganisasie wat homself besig met 'n bevrydingstryd (vgl. 3.3.3, 4.2).

- 'n Kombinasie kan plaasvind met betrekking tot die strukture en verkiesingsprosedures van verteenwoordigende leerlingrade, soos voorgestel deur GOD en PASO. Die implementering daarvan moet sodanig plaasvind dat die beginsels van demokrasie deel daarvan vorm (vgl. 3.3.7, 3.3.8, 4.2.).

- Die VLR is 'n onafhanklike organisasie en verteenwoordig die mandaat van die leerlingpopulasie. Slegs die leerlinge wat verteenwoordig word, het die mag om die VLR te ontbind en beskik oor vetomag ten opsigte van verkiesings en besluite wat geneem word (vgl.4.2).

## 4.4 SAMEVATTING


In hierdie hoofstuk is die beskouing van GOD en PASO ten opsigte van sekere probleemvrae (bylaag A) uiteengesit. 'n Perspektief is gegee waargepoog is om 'n samevatting van hierdie beskouinge te maak en sodoende riglyne daaruit af te lei vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade.

# HOOFSTUK 5

## Riglyne vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar na aanleiding van die vierde en laaste navorsingsdoelwit (vgl. 1.4) riglyne gestel, wat gebruik kan word vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in sekondêre skole. In tabel 5.1 vind 'n sistematiese uiteensetting plaas van die wyse waarop die riglyne bespreek sal word.




Tabel 5.1: Uiteensetting van die riglyne met betrekking tot die struktuur en funksionering van 'n VLR.


Hierdie riglyne het eerstens ten doel om leiding en rigting te verskaf in verband met die daarstel van 'n struktuur vir verteenwoordigende leerlingrade en

tweedens om riglyne vir die suksesvolle funksionering van verteenwoordigende leerlingrade daar te stel. Die implementering van hierdie riglyne sal verder lei tot die ontstaan van 'n leerlingorganisasie (VLR) waarin leerlinge bemagtig word, om hul aangeleerde bestuursvaardighede vrylik te beoefen en waarin 'n beter georganiseerde en inklusiewe sisteem van leerlingbestuur kan plaasvind.

In die lig van die voorafgaande besinning oor die aard van leerling-verteenwoordiging in die skool (hoofstuk 2) en 'n vergelykende ondersoek na praktyke van leerlingverteenwoordiging in ander lande (hoofstuk 3), sowel as onderhoude (hoofstuk 4) wat gevoer is, kan die volgende normatiewe vereistes of behorensriglyne vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade gestel word.

## 5.2 RIGLYNE VIR DIE STRUKTUUR VAN 'N VLR

Die riglyne met betrekking tot die struktuur van 'n VLR word soos volg bespreek.




**Tabel 5.2: Riglyne vir die struktuur van 'n VLR**

### 5.2.1 Riglyn 1: Skep van 'n organisasiestruktuur

Die VLR moet beskik oor 'n organisasiestruktuur waarin leerlinge verskillende handelinge kan verrig en waarin hulle gegroepeer kan word, sodat hulle gesamentlik kan streef om die VLR se doelstellings te verwesentlik.

**Motivering**

Die organisasiestruktuur van die VLR moet voorsiening maak dat elke leerling en belangegroep (leerlinge, onderwysers, en die topstruktuur) in die skool aan 'n verteenwoordigende spektrum leerlingaktiwiteite in die skoolgebeure deelneem. Die organisasiestruktuur van die VLR moet gekenmerk word deur die groepering van bedrywighede in afdelings en onderafdelings (sub- komitees), sodat 'n formele gesagstruktuur tot stand kan kom. Hierdie formele struktuur poste moet dus die bepaalde verhouding hê, waar die leerlinge en die skoolbelangegroepe die beste kan funksioneer. Dit sal dus aan elke lid van die VLR sy posisie binne die organisasie aandui, om sodoende in staat te kan wees om sy werksaamhede en optrede, ooreenkomstig sy posisie te beplan (vgl. 2.4).

Na aanleiding van die voorafgaande moet 'n VLR saamgestel word uit 'n gelyke getal leerlingverteenwoordigers uit elke klasgroep van elke standerd, wat as die klasverteenwoordigers bekend staan. Die hoeveelheid klasverteenwoordigers sal afhang van die grootte van die skool. Klasverteenwoordigers verteenwoordig die belange en behoeftes van hulle klasmaats op die VLR. Uit die verkose klasverteenwoordigers word 'n breë bestuur saamgestel met die taak om die belange van die ander klasse te verteenwoordig. 'n Uitvoerende komitee word deur die breë bestuur uit die VLR gekies en dien as uitvoerende liggaam.

Die uitvoerende komitee koördineer en implementeer die werksaamhede van die VLR sowel as die uitvoering van besluite wat deur die breë bestuur van die VLR geneem is (vgl. 3.3.7, 3.3.8).

Bepaalde subkomitees kan tot die VLR benoem word om die uitvoerende komitee in sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte by te staan. Hierdie subkomitees word egter verteenwoordig deur 'n lid van die uitvoerende komitee (vgl. 3.3.7, 3.3.8).

### 5.2.2 Riglyn 2: Eweredige verteenwoordiging van alle groepe in die leerlingpopulasie

Die verskillende ouderdomsgroepe, klasgroepe en standerdgroepe in die skool moet eweredig op die VLR verteenwoordig word.

**Motivering**

Die VLR moet verteenwoordigend wees van die hele leerlingpopulasie. Die beginsel van demokrasie word hierdeur geïmplementeer, deurdat al die leerlinge die geleentheid gebied word om invloed uit te oefen op besluite wat geneem word oor leerlingbelange in die organisasiehiërargie (i.c. VLR). Die VLR verteenwoordig dus demokrasie in aksie deurdat die belange en behoeftes van die hele leerlingpopulasie beding word (vgl. 2.2.1, 2.2.2).

### 5.2.3 Riglyn 3: Toewysing van bestuursposisies (rolle) tot die beherende struktuur van die VLR

Die beherende struktuur van die VLR moet sekere bestuursposisies (rolle) insluit, waaraan spesifieke take en verantwoordelikhede (rolverwagtinge) toegewys is.

**Motivering**

Organisasiestruktuurskepping in die VLR impliseer dat 'n bepaalde raamwerk van poste geskep moet word, met ander woorde, dat 'n struktuur tot stand gebring word waarin sekere lede (ampsdraers) van die VLR verkies word om sekere bestuursposisies (rolle) in die organisasie (i.c. VLR) te beklee. Aan hierdie rolle word spesifieke rolverwagtinge gekoppel wat nagekom moet word, ten einde die VLR se doelstellings te bereik. Hierdeur kom 'n bepaalde gesagsstruktuur in die VLR tot stand, waarin die lede van die VLR verskillende rolle vertolk en waarin die formele rolverwagting wat aan hierdie rolle gekoppel word nagestreef moet word (vgl. 3.3.7, 3.3.8, 3.7).

Lede in die VLR staan ook in 'n bepaalde verhouding tot mekaar en moet hierdie menslike handelinge sodanig gekoördineer word dat die doelstellings van die VLR verwesentlik word.

Die volgende rolle moet in die VLR bestaan en word daar bepaalde rolverwagtinge daaraan gekoppel (vgl. 3.3.7, 3.3.8, 3.7):

- Voorsitter.
- Onder-voorsitter.
- Sekretaris/esse.
- Tesourier/e.
- Opleidingsbeampte.
- Mediabeampte.
- Sportbeampte.
- Kultuurbeampte.

- Beampte vir sosiale-bedrywighede.
- Onderwyserskakelbeampte.

### 5.2.4 Riglyn 4: Die VLR is georiënteerd tot doelstellings

Die VLR moet funksioneer ooreenkomstig duidelik omskrewe en demokraties georiënteerde doelstellings.

**Motivering**

Die tweeledige taak van die VLR om onder andere as verteenwoordiger van die leerlinge (i.c. skoolgebeure) en as verteenwoordiger van die leerlinge op die bestuursliggaam van die skool (i.c.skoolbestuur) op te tree, moet in die doelstellings van die VLR vervat word. Doelstellings moet voorsiening maak vir die demokratiese deelname en verteenwoordiging van alle leerlinge en belangegroepe in die skoolgebeure.

Die inspraak van al die belangegroepe in die formulering van die VLR se doelstellings sal lei tot die ontstaan van 'n vennootskapsverhouding tussen al hulle, met die belangrike implikasie dat die eindresultaat van hul strewe vir al die leerlinge belangrik sal wees en dat hulle gemotiveerd daarna sal streef (vgl. 2.2.4, 2.7, 3.3.4).

Die doelstellings van die VLR moet verder voorsiening maak vir die bemagtiging van leerlinge. Dit moet 'n bemagtigingsaksie wees wat leerlinge sal uitnooi tot kreatiewe selfdoen, sodat die ontwikkeling van die nodige bestuursvaardighede, persoonlikegroei, akademiese kennis en leierskapsvaardighede plaasvind, om sodoende as waardige en bekwame burgers van demokrasie te funksioneer (vgl. 2.2.3, 2.2.4, 2.7).

### 5.2.5 Riglyn 5: Onafhanklike leerlingorganisasie


Die VLR is 'n onafhanklike leerlingorganisasie wat begrens word deur sy eie beleid en regulasies en wat toerekenbaar gehou word vir sy eie aksies asook die aksies van sy lede.

**Motivering**

Die VLR is 'n onafhanklike leerlingorganisasie wat nie begrens word deur skoolbeleid en -regulasies nie. Dit funksioneer as demokraties ingestelde entiteit en is ingestel volgens die wil van die leerlingpopulasie in die skool, daarom kan geen formele gesagsorgaan die VLR voorskryf hoe om te funksioneer nie. Die VLR beskik oor die vryheid van spraak en uitrukking asook die reg om te beding, om die belange en behoeftes van sy lede. Die VLR beskik daarom oor diskressionêre bevoegdhede en besluitnemingsmagte met gepaardgaande toerekenbaarheid vir die implementering daarvan sowel as vir die algehele en doeltreffende verteenwoordiging van die belange van die leerlinge in die skool (vgl. 2.2.2, 2.2.3, 2.2.4, 2.7, 3.3.3, 3.3.11).

## 5.3 RIGLYNE VIR DIE FUNKSIONERING VAN 'N VLR

Die riglyne met betrekking tot die funksionering van 'n VLR word soos volg bespreek:




Tabel 5.3: Riglyne vir die funksionering van 'n VLR

### 5.3.1 Riglyn 1: Die VLR is 'n demokratiese leerlingorganisasie

Die VLR moet funksioneer volgens demokratiese beginsels om sodoende as ware verteenwoordiger van die totale leerlingpopulasie op te tree.

**Motivering**

Die VLR as demokratiese leerlingorganisasie bied aan die totale leerling-populasie die geleentheid om hul belange en behoeftes gesamentlik en deur middel van inspraak in en deelname aan die skoolgebeure te beding. Die VLR

moet dus 'n leerlingstruktuur wees wat leerlinge bemagtig om hul demokratiese regte uit te oefen, naamlik die reg om te weet, die reg om te groei en die reg tot inspraak in sake wat hul belange raak. Dit stel die VLR met andere woorde voor as onafhanklike gesagsorgaan met die uitsluitlike taak om as spreekbuis ter bevordering van leerlingbelange op te tree.

Die leerlinge ontvang dus deur demokratiese deelname aan die skoolgebeure die status om as vennote in 'n bepaalde verhouding tot die res van die skooldeelnemers te staan, sowel as om medeseggenskap deur middel van besluitneming in die skoolgebeure (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange), te verkry (vgl. 2.2.1, 2.2.2, 2.2.3, 2.2.4, 2.7, 3.3.11).

**5.3.2 Riglyn 2: Die doelstellings van die VLR rig die funksies**

Die doelstellings van die VLR moet as riglyn dien vir die suksesvolle funksionering van die VLR.

**Motivering**

Die bestuurstaak van die VLR vind plaas aan die hand van duidelik omskrewe doelstellings. Die doelstellings van die VLR is dus rigtinggewend ten opsigte van die funksionering van die VLR, met ander woorde, die doelstellings van die VLR word met die implementering daarvan ten uitvoer gebring. Die volgende riglyne rakende die funksionering van die VLR is dus geldend (vgl. 2.5, 2.7, 3.3.4, 3.3.5, 3.3.7, 3.3.8, 3.3.11):

- Bevordering van die toeganklikheid tot die VLR vir leerlinge;
- bevordering van toerekenbaarheid, en
- bevordering van die kwaliteit en effektiwiteit van leerlingverteenwoordiging.

Voorafgaande riglyne kan as grondslag dien vir die opeenvolgende konseptualisering van 'n doeltreffend funksionerende VLR (vgl. 2.5, 2.7, 3.3.4, 3.3.5, 3.3.6, 3.3.8, 3.3.11):

- Bevordering van die toeganklikheid tot die VLR vir leerlinge behels die volgende aspekte:

⇒ Leerlinge moet by wyse van verteenwoordiging lidmaadskap in die VLR verkry en die geleentheid gebied word om 'n invloed in die beraadslagingsprosesuit te oefen (i.c. verteenwoordiging van leerlingbelange in skoolgebeure).

⇒ Leerlingverteenwoordigers op die VLR kan gemotiveer word om hul taak beter te verrig, onder andere deur die toedeling van sekere regte.

⇒ Lede van die VLR moet toegang besit tot skoolfasiliteite (soos telefone en faksmasjiene) om sodoende hulle pligte en verantwoordelikhede doeltreffend uit te voer.

- Bevordering van toerekenbaarheid

⇒ Elke leerling asook die skool moet die VLR erken as amptelike liggaam wat die belange en behoeftes van die leerlinge in die skool verteenwoordig.

⇒ Elke leerling in die skool moet besef hy/sy is onderhewig aan die gesag van die VLR.

⇒ Lede wat op die VLR dien, moet die akademiese standaard soos voorgehou deur die instelling navolg, solank as wat hulle op die raad dien. Sodoende word status aan die VLR verleen.

⇒ Lede van die VLR moet hulle pligte en verantwoordelikhede volvoer binne die voorgestelde parameters soos uiteengesit deur die VLR.

- Bevordering van die kwaliteit en effektiwiteit van leerlingverteenwoordiging

⇒ Alle tersaaklike materiaal en informasie moet beskikbaar gestel word aan leerlingverteenwoordigers en leerlinge, ten einde op hoogte te kan wees met die aktiwiteite van die VLR.

⇒ Leerlingbegrip en-insig vir die bestuurstaak van die VLR moet uitgebrei word deur onder andere die volgende sake te bevorder:

* Indiensopleiding van leerlingverteenwoordigers ten einde spanwerk, vertroue en doeltreffende deelname te bevorder.
* Voortdurende verskaffing van inligtingsgeleenthede en -dienste aan leerlinge soos gereelde vergaderings, kennisgewings en ander alternatiewe metodes om inligting oor te dra.
* Die daarstelling van 'n leerlingontwikkelingsprogram vir die opleiding van lede van die VLR en diegene wat belangstel om leiers te wees.

⇒ 'n Institusionele verbondenheid (i.c. skool en VLR) ter ondersteuning en fasilitering van 'n uitgebreide ontwikkeling van die bestuurswerk van die VLR moet verskaf word.

### 5.3.3 Riglyn 3: Demokratiese verkiesing van verteenwoordigers op die VLR

Verteenwoordigers op die VLR moet demokraties verkies word volgens 'n stelsel waarin al die leerlinge se inspraak verskans is

**Motivering**

Die verkiesing van lede moet demokraties geskied sodat die verteenwoordigers op die VLR al die belangegroepe in die leerlingpopulasie verteenwoordig. Al die leerlinge word die geleentheid gebied om te stem vir hul eie klasverteenwoordigers (per stembrief), met slegs een stem per leerling. Ampsdraers van die VLR word op dieselfde wyse verkies as die klasverteenwoordigers deur die klasverteenwoordigers.

Die stem van die meerderheid leerlinge dra die grootste gewig tydens die verkiesing, om sodoende die mandaat van die leerlingpopulasie te verkry. As opvoedingshandeling leer die kind reeds op 'n vroeë ouderdom om sy stemreg op 'n verantwoordelike wyse uit te oefen en om verantwoordelikheid te aanvaar, indien die persoon waarvoor hy gestem het misluk (vgl. 3.3.8, 3.3.11).

**5.3.4 Riglyn 4: Die VLR funksioneer volgens 'n grondwet (konstitusie)**

Die VLR moet funksioneer volgens 'n grondwet wat opgestel word deur die leerlinge.

**Motivering**

Die grondwet van die VLR is die reëls en riglyne waarvolgens die VLR bedryf word. Dit word saamgestel volgens 'n stelsel waarin die inspraak van die leerlinge verskans is. Leerlinge sal dus verbonde voel aan die voorskrifte wat deur die grondwet van die VLR gestel word, omrede hulle 'n aandeel in die opstel daarvan gehad het. Die grondwet word goedgekeur deur 'n meerderheidstemming van twee derdes die leerlingpopulasie (vgl. 3.3.8, 3.3.11).

### 5.3.5 Riglyn 5: Die VLR funksioneer interafhanklik met sy bestuurstake

Doeltreffende implementering van die bestuurstaak van die VLR (beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening) sal lei tot die doeltreffende funksionering van die VLR.

**Motivering**

Die bestuurstaak van die VLR moet gekenmerk word aan die interafhanklikheid, onlosmaaklikheid, verbondenheid en die volgorde waarin die verskillende bestuurstake in die bestuursproses mekaar komplementeer (vgl. 4.2, 4.3).

### 5.3.6 Riglyn 6: Die VLR moet 'n gedragskode besit

Die VLR moet beskik oor 'n duidelik omskrewe gedragskode wat die optrede en gedrag van die VLR sal rig.

**Motivering**

Dit is van uiterste belang dat 'n VLR moet beskik oor 'n gedragskode, ten einde die gedrag en optrede van sy lede te rig. Die leerlinge moet dus deel hê aan die opstel van sodanige gedragskode, sodat hulle verbonde daartoe sal voel en aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir hul dade sal aanvaar (vgl. 3.3.10, 4.2, 4.3).

## 5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is eerstens riglyne gestel rakende die struktuur van die VLR en tweedens ten opsigte van die funksionering van die verteenwoordigende leerlingraad. Dit het ten doel om leiding en rigting te verskaf vir die doeltreffende funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in sekondêre skole.

# HOOFSTUK 6

# Samevatting, bevindings en aanbevelings

## 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar eerstens 'n kort samevatting van die vorige hoofstukke gegee. Tweedens word enkele bevindings wat uit die literatuurstudie beblyk het, aangedui. Daarna volg die aanbevelings wat uit hoofde van hierdie verhandeling gedoen kan word vir die daarstel van 'n doeltreffende struktuur vir 'n VLR, en met die oog op die effektiewe funksionering van die verteenwoordigende leerlingraad.

## 6.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 van die studie is die probleem, naamlik 'n behoefte aan wetenskaplik gefundeerde riglyne vir die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade geïdentifiseer. Die doel, metode en verloop van die navorsing, asook 'n verklaring van die begrippe leerlingraad, verteenwoordigende leerlingraad (VLR) en Student representative council (SRC) is gegee.

Leerlingdeelname as demokratiese beginsel word in hoofstuk 2 voorgehou en die behoefte aan demokratiese deelname deur leerlinge word bepaal. Die beginsels van inspraak, vryheid, vennootskap en bemagtiging word beskou as die voorvereistes vir demokrasie. Daar is bevind dat demokratiese deelname deur leerlinge geslaagd sal wees, indien sodanige demokratiese beginsels die basis van die medeseggenskapsgebeure in die skool vorm. Daar is ook bevind

dat 'n VLR oor 'n organisasiestruktuur moet beskik en is 'n moontlike struktuur vir die VLR uiteengesit. Om leerlingdeelname in die skool te bewerkstellig, is aanbeveel dat 'n aantal aktiwiteite in die beplanningsproses ingesluit word wat leerlingdeelname sal ontwikkel en ondersteun. Daar is verder bevind dat verskeie inisiatiewe, doelstellings en minimum standaarde nodig is vir leerlingdeelname om te realiseer. Verder is die voor-en nadele van deelnemende bestuur deur leerlinge uitgelig.

Die probleme met die ondersoek na praktyke van leerlingverteenwoordiging in ander lande is in hoofstuk 3 bespreek. Daar is gefokus op die onstaan van verteenwoordigende leerlingrade in 'n predemokratiese Suid-Afrika deur onder andere op die doelstellings, funksies, samestelling en konstitusies van sodanige verteenwoordigende leerlingrade die aksent te lê. Enkele onlangse bevindinge, onder andere beginsels van funksionering en riglyne vir die opstel van konstitusies met betrekking tot verteenwoordigende leerlingrade is bespreek. 'n Vergelyking tussen die struktuur en funksionering van die leerlingraadstelsel en die VLR is getref, en in die studie is bevind dat die leerlingraad oor verskeie leemtes beskik en dat dit juis daarom 'n transformasie moet ondergaan. Verder is praktyke van leerlingverteenwoordiging in Europa, onder andere België, Duitsland, Engeland en Italië, Nieu-Seeland en enkele state van die VSA bespreek. Laastens is 'n vergelyking getref ten opsigte van die praktyke van leerlingverteenwoordiging tussen bogenoemde lande.

Onderhoude is in hoofstuk 4 met onderwysleiers gevoer, met die doel om meer inligting oor die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade, te verkry.

Riglyne is in hoofstuk 5 geformuleer vir 'n doeltreffende struktuur vir 'n VLR, om sodoende doeltreffende funksionering van verteenwoordigende leerlingrade te bewerkstellig. Die rede hiervoor blyk te wees, om deur middel van riglyne die VLR op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse saam te stel.

## 6.3 BEVINDINGS

### 6.3.1 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 1

Ten opsigte van die eerste navorsingsdoelwit (vgl. 1.4), naamlik om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel wat die aard van leerlingverteenwoordiging in die skool is, is die volgende bevind:

- Die primêre doelstelling van die skool moet wees om te verseker dat daar interaksie plaasvind tussen al die skooldeelnemers en dat dit produktief plaasvind (vgl. 2.2.2).
- Demokrasie impliseer dat alle skooldeelnemers (onderwysers, leerlinge en die topstruktuur van die skool) gesag sal hê, inligting en kennis sodat hulle op grond van hulle belange en behoeftes kan deelneem aan besluit-neming (vgl. 2.2.2, 3.3.7).
- Demokratiese deelname word beskou as verlengstuk van die individu se mensereg, en is gerig op individuele ontwikkeling of selfverwesentliking en word gekenmerk deur ondersteunende verhoudinge, onderlinge respek, vertroue en selfvertroue gerugsteun deur 'n sisteem van interaksie (vgl. 2.2.2).
- Demokrasie word beskou as voorvereiste vir demokratiese deelname deur leerlinge en vereis 'n demokratiese leerlingstruktuur (VLR) waar leerlinge vir die deelnemende proses voorberei kan word (vgl. 2.2.2, 3.3.7).

- Leerlingbemagtiging is 'n demokratiese beginsel en is gerig op die verbreding van die besluitnemingsbasis, sodat alle skooldeelnemers kan deelneem aan die skoolgebeure. Leerlingbemagtiging het skooleffektiwiteit tot gevolg en is daarop gerig om leerlinge voor te berei as vaardige en bekwame lede van demokratiese deelname (vgl. 2.2.3).
- Demokratiese deelname impliseer vryheid van beperkings en om keuses te maak en besluite te neem, asook die vryheid om daarop te reageer. Dit impliseer verder dat 'n bemagtigingsaksie plaasvind en waardeur leerlinge 'n sekere hoeveelheid vryheid ontvang, om as vennote op 'n verantwoordbare en gesageerbiedigende wyse deelnemend en konsulterend met alle skooldeelnemers in gesprek te tree (vgl. 2.2.4).
- Die verteenwoordigende leerlingraad moet oor 'n organisasiestruktuur beskik waarin die take en verantwoordelikhede (rolverwagtinge) van die lede van die raad duidelik omskryf en afgebaken is (vgl. 2.3).
- Die onderskeie rolle wat skooldeelnemers vertolk, vind interafhanklik plaas
- en kan verder ontwikkel word deur doelbewuste beplanningsinisiatiewe om
- leerlingdeelname in die skoolgebeure in te sluit (vgl. 2.4)
- Minimum voorwaardes wat beleid en prosedures, voorwaardes en meganismes vir leerlingdeelname uitstip, moet daargestel word (vgl. 2.6).

### 6.3.2 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 2

Ten opsigte van die tweede navorsingsdoelwit (vgl 1.4), naamlik om deur middel van 'n literatuurstudie 'n oorsig te gee van die praktyke van leerlingverteenwoordiging in enkele onderwysstelsels is die volgende bevind:

- Die doelstellings van die VLR kom demokraties tot stand en omskryf verder sy tweeledige taak as verteenwoordiger van die belange van die leerlinge (i.c. skoolgebeure) en as verteenwoordiger van die leerlinge op die bestuursliggaam van die skool (vgl. 3.3.4, 3.3.8, 3.3.10).
- Die doelstellings is daarop gerig om die leerlinge voor te berei as bekwame en vaardige burgers van demokrasie, deurdat die VLR in wisselwerking tree met die gemeenskap en ander leerlingorganisasies (vgl. 3.3.4, 3.3.11).
- Die funksies van die VLR kom demokraties tot stand en word gerig deur die doelstellings van die VLR. Die funksies is onder andere daarop gerig om die VLR voor te stel as verteenwoordiger van leerlingbelange as skakel tussen leerlinge onderling en tussen leerlinge en onderwysers, leerlinge tot deelname aan die skoolgebeure en buitemuurse aktiwiteite te motiveer, en om die VLR voor te hou as onafhanklike leerlingorganisasie wat in belang van die leerlinge beding (vgl. 3.3.5, 3.3.11).
- Beginsels soos demokratiese besluitneming, mandaat, stiptheid en toereken-baarheid dien as belangrike voorvereistes vir die doeltreffende funksionering van die VLR (vgl. 3.3.6).
- Die VLR moet die handelswyse van sy lede kontroleer deur middel van reëls en norme. Dit vind plaas deur die daarstel van 'n dissiplinêre komitee en kode. Die VLR en sy lede word toerekenbaar gehou vir hul aksies (vgl. 2.5, 3.3.6, 3.3.8).
- Die VLR beskik oor 'n grondwet (konstitusie) wat dien as reël en regulasie vir die funksionering van die VLR. Dit word saamgestel volgens 'n stelsel waarin die inspraak van die leerlingpopulasie verskans is, en word goedgekeur deur 'n demokratiese stemming met 'n twee derde meerderheid (vgl. 3.3.8).

- Die verkiesing van die lede op die VLR vind demokraties plaas deurdat al die leerlinge op die VLR verteenwoordig word en die mandaat van die leerlingpopulasie besit (vgl. 3.3.8, 3.3.11).
- Die leerlingraadstelsel moet op grond van verskeie leemtes 'n transformasie ondergaan (vgl. 3.3.11).
- In die onderwysstelsels wat bestudeer is, bestaan daar strukture waarop leerlinge hul belange verteenwoordig (byvoorbeeld deelnemende rade, bestuursrade), maar die klem word hier gelê op die rol wat leerlinge in skoolbestuur vervul. Die taak van leerlingverteenwoordigers as verteenwoordigers van leerlingbelange in die skoolgebeure is egter nog onduidelik in hierdie lande (vgl. 3.4-3.6.7.2.)


### 6.3.3 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 3

Ten opsigte van die derde navorsingsdoelwit (vgl. 1.4), naamlik om deur middel van onderhoude te bepaal of daar enige statutêre riglyne bestaan vir die funksionering van verteenwoordigende leerlingrade, is die volgende bevind:

- Die VLR besit 'n tweeledige taak (vgl. 1.2, 4.2, 4.3).
- Die VLR moet oor 'n duidelik omskrewe bestuurstaak bekik (vgl. 2.6, 4.2, 4.3).
- Die VLR beskik oor die bevoegdheid om besluite te neem rakende die normale uitoefening van sy taak (vgl. 4.2, 4.3).
- Die VLR is nie 'n regspersoon nie en is nie by magte om aan enige regsverkeer deel te neem nie (vgl. 4.2, 4.3).
- Die VLR en sy lede is toerekenbaar ten opsigte van die oortreding van die gedragskode van die VLR (vgl. 3.3.10, 4.2, 4.3).

### 6.3.4 Bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwit 4

Ten opsigte van die vierde navorsingsdoelwit (vgl. 1.4), naamlik om riglyne te stel wat gebruik kan word vir die struktuur en funksionering verteenwoordigende leerlingrade, vind daar in tabel 6.1 'n uiteensetting plaas van die belangrikste riglyne, wat uit hierdie studie na vore getree het.




Tabel 6.1: Bevindinge ten opsigte van die struktuur en funksionering van 'n VLR

## 6.4 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die ondersoek kan die volgende aanbevelings gemaak word ten opsigte van die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade in sekondêre skole.

### 6.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die ondersoek

- **Aanbeveling 1**

'n Verbreding van die grense van tradisionele blanke sekondêre skole moet plaasvind om die demokratiseringsproses in te sluit.

**Motivering**

Dit is noodsaaklik dat blanke sekondêre skole oor oop grense moet beskik. Dit sal daartoe aanleiding gee dat die skoolsisteem oop en ontvanklik sal wees vir die demokratiseringsproses wat in die RSA plaasvind. 'n Demokratiese skoolsisteem moet sodanig gestruktureerd wees en op só 'n wyse funksioneer dat die demokratiese regte, belange en behoeftes van elke individu (leerlinge, onderwysers, lede van die topstruktuur van die skool en ander belangegroepe) in daardie sisteem in ag geneem word.

- **Aanbeveling 2:**

Die onderwysleier en die personeel moet poog om groter leerlingbetrokkenheid by wyse van leerlingdeelname en-inspraak in skoolaktiwiteite (i.c. skoolgebeure en skoolbestuur) te bewerkstellig.

**Motivering**

Die betrokkenheid van die onderwysleier en personeel bydie demoratiseringsproses sal by leerlinge spesifiek en by die res van die

skooldeelnemers 'n gevoel van verbondenheid aan die skoolmissie en doelstellings ontwikkel. Dit sal ook aan die leerlinge die boodskap versinnebeeld dat hul bydrae tot die onderwysproses gevraagd, belangrik en waardevol is.

Die rol wat die VLR in die skoolsisteem vertolk en die doelstellings wat die VLR nastreef, sal deur al die skooldeelnemers aanvaar word en as noodsaaklik geag word. Deur goedkeuring te skenk aan die VLR as leerlingstruktuur wat die belange van die leerlinge in die skool verteenwoordig, word 'n geleentheid geskep vir leerlingverteenwoordigers op die VLR om bemagtig te word om sodoende hul taak uit te voer.

- **Aanbeveling 3**

Die onderwysleier moet geleenthede skep waartydens die leerlinge hulle behoeftes, belange en verwagtings bekend kan maak ten einde die leerlinge se belange en dié van die skool te versoen.

**Motivering**

Dit is noodsaaklik dat die behoeftes, belange en verwagtings van die leerlinge aan die onderwysleier bekend moet wees, ten einde hom in staat te stel om die nodige beplanning te doen dat elke leerlingverteenwoordiger op die VLR die nodige blootstelling kry. Dit sal aan die VLR die geleentheid bied om sy agenda, belange en doelwitte aan die onderwysleier te kommunikeer asook die geleentheid vir individuele insette van leerlinge, om sodoende die struktuur en funksionering van die VLR te verbeter.

- **Aanbeveling 4**

Leierskapsontwikkelingsprogramme moet daargestel word ten einde die deelnemende en bestuursvaardighede van leerlingverteenwoordigers op die VLR te ontwikkel.

**Motivering**

Leerlinge beskik oor geen ervaring van deelnemende praktyke nie. Dit kan toegeskryf word aan die outoritêre bestuurspraktyke van die verlede, waarin leerlinge geen deel gehad het aan die onderwysproses in skole nie, behalwe om die besluite wat deur personeel geneem is uit te voer.

Deelnemende bestuur is 'n spesifieke soort bestuur wat die nodige ervaring vereis. 'n Leierontwikkelingsstrategie moet daarom fokus op die ontwikkeling van die deelnemende en bestuursvaardighede van die lede van die VLR. Dit sal hulle in staat stel om die eise verbonde aan hulle taak as verteenwoordigers van die leerlinge te kan uitvoer.

- **Aanbeveling 5**

Leerlingverteenwoordigers moet gereeld terugvoer aan hulle ondersteuners gee.

**Motivering**

Die sukses van die VLR sal berus op die terugvoer van die leerlingverteenwoordigers op die VLR na die res van die leerlinge in die skool, sodat elkeen op hoogte kan wees van die werksaamhede en suksesse van die VLR. Gereelde vergaderings moet dus geskeduleer word waar verslag gelewer word van die suksesse van die VLR, sowel as die werksaamhede van klas-en standerdkomitees asook verskeie komitees en subkomitees wat tot die VLR

benoem is. Na afloop van die bogenoende vergaderings moet 'n vergadering met die leerlinge in die skool belê word om terugvoering te gee.

- **Aanbeveling 6**

Die VLR moet ingestel wees tot proaktiewe en empatiese deelname en spanwerk met die leerlinge, onderwysers, die onderwysleier en ander skoolbelangegroepe in die skool.

**Motivering**

Deelname aan die besturende proses vind stadig plaas met die gevolg dat leerlinge belang daarin kan verloor. Deelnemende bestuur wat fokus op die ontwikkeling van die leierskapsvaardighede, akademiese sukses en persoonlike ontwikkeling van die leerlinge, sal dien as dryfveer vir die strewe na resultate, die bespoediging van die proses en voortdurende betrokkenheid van alle skooldeelnemers aan die proses.

Spanwerk is een van die basiese bestanddele van die deelnemende proses. Alle partye in die skool moet verbonde wees aan die etiek van spanwerk en moet beskik oor 'n goeie sin vir verantwoordelikheid en oor 'n gevoel wat die algemene waardes en norme van die skool onderskryf. 'n Vertrouensverhouding en 'n omgee vir die belange en behoeftes van ander skooldeelnemers, sal dien as steunpilare om die taak van die VLR te vergemaklik.

- **Aanbeveling 7**

Die daarstel van 'n VLR in skole waar daar nog nie 'n VLR bestaan nie, kan op die volgende wyse plaasvind.

⇒ In samewerking met die skoolhoof moet die datum bepaal word waarop die VLR geïmplementeer moet word. Die skoolhoof belê 'n vergadering waar die onderwyserskakelbeampte (OSB) die personeel oor die noodsaaklikheid van 'n VLR ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Onderwyswet (1996c) inlig. Onderwysers word vrywillig benoem om deel te wees van 'n kerngroep wat sal help met die verkiesings vir die VLR.

⇒ Die skoolhoof moet die OSB die geleentheid gee om die leerlinge toe te spreek en aan hulle die noodsaaklikheid van 'n VLR te verduidelik en om vrywilligers te benoem wat met die kerngroep sal saamwerk.

⇒ Skeduleer 'n vergadering of werkgroep waartydens die kerngroep wat bestaan uit vrywilligers van die leerlinge en onderwysers 'n plan sal bespreek vir die daarstel van 'n VLR. Bepaal die datum waarop die verkiesing van die klasverteenwoordigers sal plaasvind. Verkies 'n reklamekomitee om reklame van die nodige datums en gebeure te maak.

⇒ Elke klasonderwyser sal toesig hou oor die verkiesing van klasverteenwoordigers. Die reklamekomitee sal almal inlig van die datums, verkiesingsprosedures, ensovoorts.

⇒ Sewe dae na afloop van die verkiesing van die klasverteenwoordigers word

⇒ die uitvoerende komitee waarop die ampsdraers van die VLR dien, verkies uit die verkose klasverteenwoordigers onder toesig van die skoolhoof en ander persone soos deur hom benoem.

### 6.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

Met die verloop van die navorsingswerk vir hierdie verhandeling het dit geblyk

dat daar nog antwoorde gevind moet word op enkele probleemvrae. Met die oog op verdere navorsing kan daar aan die volgende temas aandag geskenk word:

- Riglyne vir die verkiesing van verteenwoordigende leerlingrade.
- Die regsposisie van die leerling as deelnemende bestuurslid.
- 'n Model vir die struktuur en funksionering van 'n VLR.

## 6.5 TEN SLOTTE

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig gegee van die voorafgaande hoofstukke en die die belangrikste bevindings, en is daar aanbevelings van die struktuur en funksionering van verteenwoordigende leerlingrade gemaak.

Die bevindings en aanbevelings wat uit hierdie navorsing na vore getree het, sal daartoe bydra dat die VLR op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse tot stand kom. Sodoende sal leerlinge die geleentheid gebied word om op demokratiese wyse 'n VLR saam te stel en sal die VLR as verteenwoordiger van die leerlinge in staat gestel word om die belange en behoeftes van die leerlingpopulasie te beding. Leerlinge sal ook die geleentheid gegun word om te ontwikkel in bekwame en vaardige burgers binne 'n demokratiese gemeenskap.

# BRONNELYS

**Achilles, C.** 1994. Democracy and site-based administration: the impact on education. *NASSP Bulletin*, 78(558):12-21, Jan.

**Alexander, N.** 1988. Ten years of educational crisis: the resonance of 1976. (*In* Education for affirmation. Conference held in 1987 at Wilgespruit Fellowship Centre. Johannesburg: Blackshaws. p.7-9.)

**Almo, C.D.** 1989. Guidelines for the operation of local school councils. Chicago: Chicago Public Schools. p. 6-10.

**Barner, R.** 1994. Enablement: the key to empowerment. *Training and Development*, 48(6):33-36, June.

**Baron, G., *red.*** 1981. Preasure for change in school governance. (*In* Baron,G. The politics of school government. Oxford: Pergamon Press. p. 8-19.)

**Baron, G., *red.*** 1986. The politics of school government. Oxford: Pergamon Press. p.25.

**Barth, R.** 1991. Improving schools from within. San Francisco: Jossey-Bass. p.10.

**Beckmann, J.** 1991. Telefoniese gesprek gevoer op 5 Maart 1997. Direkteur van die sentrum van onderwysreg en beleid. Universiteit van Pretoria.

**Bekker, J.H.** ***et al.*** 1976. A basic philosophy of education. Johannesburg: Perskor. p. 76.

**Blaauw, J.L.** 1990. Kriteria vir die identifisering van leerlingraadslede in sekondêre skole in Namibië. Potchefstroom: PU vir CHO. (Skripsie - M.Ed.)

**Blackledge, D.A. & Hunt, B.D.** 1985. Socioligical interpretations of Education. London: Routledge.

**Bolmeyer, E. C.** 1995. 6 Steps to pupil participation in democratic school control. *The clearing house*, 69(2):106-109, Nov-Dec.

**Bottery, M.** 1990. Children, the management of schools and political literacy. *Oxford review of education*, 16(2):235-244.

**Breckenridge, I.** 1981. Legalism and participation in school government in West Germany. (*In* Baron, G. The politics of school government. Oxford: Pergamon Press. p. 208-221.)

**Brock, C. & Tulasiewich, W.** 1994. Education in a single Europe. New York: Routledge. p.21-277.

**Brooks, A. & Brichill, J.** 1980. Whirlwind before the storm. London: International defence and aid fund for Southern Africa. p.22-96.

**Buscall, D., Guerin, K., Macallister, H. & Robson, M.** 1994. Student leadership: Where is it at in our schools. *Practising administrator*, 16(4):30-54.

**Bush,T.** 1986. Theories of educational management. London: Harper & Row. p.42.

**Calkins, J.E.** 1974. Are students involved in deciding crucial issues? *NASSP Bulletin*, 58(384):13-24, Oct.

**Callan, E.** 1988. Autonomy and schooling. Montreal: McGill-Queen's University Press.

**Cawood, J. & Swartz, J.F.A.** 1981. As jy gekies word: 'n handleiding vir jong leiers. Goodwood: Nasou. p.101-106.

**Cawood, J., Kapp, C.A. & Swartz, J.F.A.** 1989. Dynamic leadership. Kaapstad: Nasou. p. 134-158.

**Chambers, J.H**. 1993. Give me liberty: why it is important not to confuse freedom and other educational values. *The Journal of educational thought*, 27(2):9,121-139, Aug.

**Chapman, J.D. & Dunstan, J.F., *red.*** 1990. Democracy and bureaucracy: tensions in public schooling. London: The Falmer Press. p. 1.

**Christie, P.** 1988. The right to learn. Johannesburg: Ravan Press. p.238.

**Coetzee, R.A**. 1987. Leierskap en leieridentifisering. (*In* Liebertrau, P.J., *red.* Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Johannesburg: Perskor. p. 249-284.)

**Cowen, R.,** *red.* 1996. World yearbook of education systems. London: Kogan Page. p. 89,709-712,1034.

**Craigie, D. *et al.*** 1993. Achieving meaningful student participation: the implications of research into secondary schools in New South Wales. (Paper presented at the annual meeting of the Australian Council for Educational Administration, Sept 26-30. p.3-16.) Adelaide. (Unpublished.)

**Crocki, T.W.** 1983. The student council- fact or fiction? *NASSP Bulletin*, 67(466):112-114, Nov.

**Crogan, J. & Provenzo, E.** 1989. School-based management/ shared decision-making in the Dade County public schools. Florida: Department of Education. p. 13.

**Cross, M.** 1991. Youth culture and resistance in South African education: a theoretical review. *Perspectives in education*, 12(2):33-48.

**Davie, R.** 1993. Listen to the child: a time for change. *The psychologist*, 6(6):252-257, Jun.

**De Beer, G.D.J.** 1992. Riglyne vir die verkiesing van leerlingrade in die sekondêre skool. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling- M.Ed.)

**Dekker, E. & Van Schalkwyk, O.J.** 1995. Modern education systems. Durban: Butterworths. p. 81-83,468.

**De Villiers, M., Smuts, J., Eksteen, L.C. & Gouws, R.H.** 1987. Nasionale woordeboek: 7de uitg. Goodwood: Nasou. p. 289.

**De Waal, E.** 1994. Die regte van die leerling as regsubjek. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.)

**De Wet, J.J., De K Monteith, J.L., Venter, P.A. & Steyn, H.S.** 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n inleiding tot empiriese navorsing. Durban: Butterworths. p.162-163.

**Dlutu, Z.** 1996. Pupil participation in school governance. University of Potchefstroom. (Verhandeling - M.Ed.) lopend.

**Du Plessis, W.J.** 1994. 'n Vergelyking van die ontstaan, doelstellings en funksies van leerlingrade en students representative councils met die oog op 'n sinvolle leerlingleierpraktyk vir die toekoms. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling- M.Ed.)

**Du Toit, L.** 1991. Die leerlingleier as vennoot van die skoolbestuurspan. Johannesburg: RAU. (Skripsie- M.Ed.)

**Fahey, J.J.** 1971. Shared-power in decision-making in schools. Michigan: University of Michigan. (Dissertation-D.Ed.)

**Firmani, O.M.** 1982. 'n Ondersoek na leerlingleierskap ontwikkeling in sekondêre skole met spesifieke verwysing na die rol van leerlingrade. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif- D.Ed.)

**Fraser, J.W.** 1988. Democratic governance and effective education. *Equity and choice*, 4(3):45-50.

**Freeman, M.D.A.** 1996. Children's education: a test case for best interests and autonomy. (*In* Davie, R. & Galloway, D., *eds*. Listening to children in education. London: David Fulton. p. 37-36.)

**Fullan, M.** 1982. The meaning of educational change. Toronto: Ontario Institute for studies in Education. p. 158.

**Furtwengler, W.J.** 1988. Creating and maintaining effective schools: an implementation strategy revisited. Presented for the 1988 American educational research association. New Orleans.

**Furtwengler, W.J.** 1990a. Student participation in restructured schools. Prepared for the 1990 American educational research association. Boston.

**Furtwengler, W.J.** 1990b. Teachers perspectives of principals in school restructuring environments. Prepared for the 1990 American educational research association. Boston.

**Furtwengler, W.J.** 1991. Reducing student misbehavior trough student involvement in school restructuring processes. (Paper presented at the annual meeting of the American educational research association, Apr 3-7.) Chicago.

**Gandz, J. & Bird, F.G.** 1996. Ethics of empowerment. *Journal of business ethics*, 15:383-392.

**Gall, M.A., Borg, W.R. & Gall, J.P.** 1996. Educational research: an introduction. 6th ed. New York: Longman. p.306,310.

**GOD**

**kyk**

**Suid-Afrika. Gauteng Onderwysdepartement**

**Geneva**

**kyk**

**International Labour Office**

**Gerber, B.A. & Newman, S.** 1980. Soweto's children: the development of attitudes. London: Acedemic Press. p.141.

**Gorton, R.A.** 1976. School administration: challenge and opportunity for leadership, 6th ed. Iowa: WmC Brown Company Publishers. p.332-333.

**Grace, G.** 1995. School leadership. London: Falmer Press. p.202.

**Griessel, G.A.J.** 1972. Die wekking van toekomsbewussyn as pedagogiese opgawe. Pretoria: UNISA . (Verhandeling- M.Ed.)

**Gutmann, A.** 1987. Democratic education. New York: Princeton University Press. p.33-34.

**Hanson, E.M.** 1989. Decentralization and regionalization in educational administration: comparisons of Venezuela, Columbia and Spain. *Comparative education*, 25(1):155-176.

**Hanson, E.M.** 1990. School-based management and educational reform in the United States and Spain. *Comparative education review*, 34(4): 523-537, Nov.

**Heath, J.A. & Vik, P.** 1994. Elementary school student councils: a statewide study. *Principal*, 74(1)31-34, Sept.

**Herrick, N.Q.** 1985. Is the time finally ripe for educational democracy. *Social policy*, 16(2):53-56, Fall.

**Husen, T. & Postlethwaite, T.N.** 1994. International encyclopedia of education. Oxford: Pergamon Press. p. 4170.

**Hyslop, J.** 1988/89. Schools, unemployment and youth: origins and significance of student and youth movements, 1976-1987. *Perspectives in education*, 10(2): 61-69.

**International Labour Office.** 1983. Workers participation in decisions within undertakings. Geneva: International Labour Organization. p.11-197.

**Jacobson, S.L.** 1990. Future educational leaders: from where will they come? (*In* Jacobson, S.L. & Conway, J.A., *red.* Educational leadership in an age of reform. New York: Longman. p. 60.)

**Jain, H.C., *red.*** 1980. Worker participation: success and problems. New York: Praeger Publishers. p.4-6.

**Jamaica. (s.a.).** Report of the advisory committee on worker participation-Kingstone. (*In* International labour office. 1983. Workers participation in decisions within undertakings. Geneva: International Labour Organization. p.14-17.)

**Jenkins, K.** 1988. Metaphor and mindset for educational leadership. *The Educational forum*, 52(2): 143-151.

**Johnson, J.A.J.** 1991. Student voice: motivating students through empowerment. *OSSC Bulletin*, 35(2):3-26, Oct.

**Karklina, S.E.** 1989. The strategy of in-school administration. *Soviet education*, 31(11): 6-19, Nov.

**Keath, N.Z.** 1996. A critical perspective on teacher participation in urban schools. *Educational administrator quarterly*, 32(1):45-79. Feb.

**Kron, F.W.** 1994. Germany. (*In* Brock, C. & Tulasiewich, W. Education in a single Europe. New York: Routledge. p.87-90.)

**KwaZulu-Natal**
**kyk**
**Suid-Afrika. KwaZulu-Natal Onderwysdepartement**

**Langer, E.J.** 1989. Mindfulness: reading. MA: Addison-Wesley. p.20.

**Leatt, D.** 1988. Dynamics of student government: a study of formal and informal student leaders. (Dessertation presented to division of educational policy and management, University of Oregon, Dec.) Oregon.

**Lebowa Government Service.** 1986. Department of education: manual for principals of schools. Lebowa: State Press.

**Lekander, L.M.** 1967. Student participation in secondary school government. California: University of Southern California. (Dissertation- D.Ed.)

**Levin, B.** 1994. Educational reform and the treatment of students in schools. *The journal of educational thought*, 28(1):33-97, Apr.

**Liebertrau, J.P., *red.*** 1987. Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Kaapstad: Perskor. p. 270-278.

**Lightfoot, S.L.** 1986. On goodness in schools: themes of empowerment. *Peabody journal of education*, 63(3):9-28.

**Los Angeles Unified School District.** 1989. Shared-decision-making/school based management: local school leadership councils. (Board of education and unified teachers of Los Angeles, Oct. 11. p. 195.) Los Angeles.

**Louis, K.S. & King, J.A.** 1993. Professional cultures and reforming of schools: does the myth of sisyphus apply? (*In* Murphy, J. & Hallinger, P. 1993. Restructuring schooling: learning from ongoing efforts. California: Corwin Press Inc. p.216-250.)

**'Mac' Macpherson, R.J.S., ed.** 1994. Studies in educational administration. Tasmania: CCEA. 59:64-65, Summer.

**Madigoe, A.M.** 1993. Leadership development through student representative councils in black schools. Johannesburg: RAU. (Dissertation- M.Ed.)

**Makhubu, T.S.** 1993. The role of parent-teachers-student associations (PTSA's) in the democratic governance of schools: future policy implications. Cape Town: University of Cape Town. (Dissertation- M.Ed.)

**Marklund, I. & Otter, A.,** ***eds.*** 1985. Childrens participation at junior level. *School research newsletter*, 2:1-11, Feb.

**Marx, F.W.** 1981. Bedryfsleiding. Pretoria: HAUM. p. 243.

**Maxcy, S.J.** 1994. Democracy in education: democracy, design and the new reflective practice. *NASSP Bulletin*, 78(558):46-50, Jan.

**Mhlongo, G.** 1997. Mondelinge mededeling aan outeur op 10 April. Johannesburg.

**Moles, O.C.** 1990. Student discipline strategies-research and practice. New York: State University of New York Press. p. 77-98.

**Monasta, A.** 1994. Italy. (*In* Brock, C. & Tulasiewicz, W. Education in a single Europe. New York: Routledge. p. 163.)

**National Association of Elementary School Principals.** 1987. Student council guide. Virginia: The Association. p. 1.

**Neal, R.G.** 1988. School-based management: an advanced model. (Paper presented at the annual meeting of the Association of Negotiations and Administrators, Nov 13-16. p. 1-13.) California.

**New Zealand.** 1996. Brief gerig aan die Ministerie van onderwys.

**New Zealand.** 1996. Brief gerig aan die skoolhoof van Wellington High School.

**Nel, D.S.** 1983. Die fundering en terrein van onderwysbestuur met verwysing na die sekondêre skool. Johannesburg: RAU. (Proefskrif - D.Ed.)

**North Central Association of Colleges and Schools.** 1992. Policies and standards for schools. Arizona: The Association. p.101.

**Nussbaum, T.J.** ***et al.*** 1990. Encouraging greater student participation in governance. (Conference paper (150): Office of the Chancellor, Sept.) California. p. 8-21.

**Nyberg, D.A.** 1990. Power, empowerment and educational authority. (*In* Johnson, S.L. & Conway, J.A. Educational leadership in an age of reform. New York: Longman. p. 52.)

**Olssen, P.M.** 1982. Children's participation: giving children the opportunity to develope into active responsible members of society. *Social education*, 56(4):152-216, Apr/May.

**Pearl, A.** 1988. Competency-based community. (*In* Slee, R., *ed.* Discipline and schools, a curriculum perspective. South Melbourne: Macmillan. p. 41.)

**Phelan, P.A.L., Davidson, A.L. & Cao, H.T.** 1992. Speaking up: students perspectives on school. *Phi Delta Kappan*, 73(9):695-704, May.

**Phelan, P., Davidson, A.L., & Yu, H.C.** 1993. Students multiple worlds: navigating the borders of family, peer and school cultures. (*In* Phelan, P. & Davidson, A.L., *eds*. Renegotiating cultural diversity in American schools. New York: Teachers College Press. p.52-88.)

**Pitt, B. & Michell, M.** 1992. Making workshops work. Cape Town: Clyson Press. p. 8.

**Postlethwaite, N.T.** 1995. International encyclopedia of national systems of education. UK: Cambridge University Press. p. 1025.

**Pretorius, C. & Joubert, J.J.** 1997. Skole wag vir owerhede om te sê oor nuwe rade. *Beeld*: 4, Feb. 3.

**Pretorius, C.** 1997a. Leerlinge kry inspraak. *Beeld*:7, April. 25.

**Pretorius, C.** 1997b. Spreekbuis vir leerlinge die naweek in Bloemfontein gestig. *Beeld*:4, April. 29.

**Pridham, P.** 1981. Bureaucracy and participation: the introduction of school councils in Italy. (*In* Baron, G. The politics of school government. Oxford: Pergamon Press. p. 227-289.)

**Prinsloo, N.P. & Van Rooyen, J.W.** 1995. Die bestuur van leerlingaktiwiteite. (*In* Van der Westhuizen, P.C., *red.* Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria: Kagiso. p.361-382.)

**Prinsloo, W.P. & Van Rooyen, J.W.** 1986. Die bestuur van leerling-aktiwiteite. (*In* Van der Westhuizen, P.C., *red.* Onderwysbestuur: grondslae en riglyne. Pretoria: HAUM. p.305-321).

**Rädel, F.E. & Reynders, H.J.J.,** ***reds.*** 1980. Inleiding tot die bedryfsekonomie. Pretoria: Van Schaik. p. 243.

**Remley, T.P. & Ruby, R.H.** 1993. Reversing student government actions: a case study. *Journal of college student development,* 34(1):17-20, Jan.

**Rochette, F.** 1994. Belgium. (*In* Brock, C. & Tulasiewicz, W. Education in a single Europe. New York: Routledge. p. 25-41.)

**Rubin. J.** 1983. Student involvement: a survey of counceling psychology training pragrammes. (Paper presented at the annual convention of the American psychological association, Aug 26-30. p.1-23.) California.

**Rudduck, J.** 1996. Student's voices: what can they tell us as partners in change? Cambridge: Robinson College, March 25-27. p. 3-4.

**SA**
**kyk**
**Suid-Afrika**

**Sarason, S.B.** 1990. The predictable future of educational reform. San Francisco: Jossey-Bass. p. 53.

**Saspu Focus.** 1983. 2(2):22-26, Jun.

**Saspu National.** 1986. 7(1):20, Feb.

**Schlechty, P.C.** 1991. Schools for the 21st century: leadership imperatives for educational reform. San Francisco: Jossey-Bass. p. 63-83.

**Schmerler, G.R.** 1972. Student participation in high school governance: a framework. Colombia: University of Colombia. (Dissertation- D.Ed.)

**Schmuck, R. & Schmuck, P.** 1991. The attitudes of adolescents in small-town America. *NASSP Bulletin*, 75(533):85-95, Mar.

**Shaeffer, S.J.** 1991. Seminar on school and community collaboration for educational change. (Report of the IIEP seminar held in Cipanas, 26 May to 6 June. p. 8.)

**Shor, I.** 1992. Empowering education: critical teaching for social change. Chicago: The University of Chicago Press. p. 12-21.

**Short, P.M. & Greer, J.T.** 1993. Restructuring schools through empowerment. (*In* Murphy, J. & Hallinger, P. Restructuring schooling. California: Corwin Press Inc. p.165-187.)

**Smith, J.A.J.** 1980. Besinning oor enkele faktore wat 'n pedagogies-verantwoordbare jeugweerbaarheidsprogram noodsaak. Pretoria: UNISA. (Verhandeling-M.Ed.)

**Smith, J.A.J.** 1982. Leieridentifikasie en 'n poging tot die ontwerp van 'n christelik-gefundeerde leierontwikkelingsmodel vir die sekondere skool. Pretoria: UNISA. (Proefskrif - D.Ed.)

**Snyder, K.J., Anderson, R.H. & Johnson, W.L.** 1992. A tool kit for managing productive schools. *Educational leadership*, 49(5):76-80, Feb.

**South-Dakota.** 1987. National Association of Elementary School Principals. p. 1.

**South-Dakota.** 1992. Policies of Standards for Schools. p.101.

**Spindler, J.P. & George, P.S.** 1984. Participatory leadership in the middle school. *The clearing house*, 57(7):124-131; 293-295, Mar.

**Steyn, G.M.** 1995. Onderwyserdeelname in die bestuur van skole: die bemagtigingsfaktor. *Educare*, 24(2):97-107.

**Strydom, A.H.** 1970. Die taak van die skool met betrekking tot die voorbereiding van die jeugdige leier vir sy taak in 'n gedifferensieerde samelewing. Bloemfontein: UOVS. (Proefskrif- D.Ed.)

**Suid-Afrika.** 1995. Heropbou en ontwikkeling in die skoolstelsel: eienaarskap, beheer en finansies van skole. Algemene Kennisgewing: Witskrif oor Onderwys en Opleiding (Kennisgewing no. 197 van 1995). *Staatskoerant*, 357:71-76, Mrt. 15. (Regulasiekoerant no. 16313).

**Suid-Afrika.** 1996a. Die organisering, beheer en finansiering van skole. Witskrif oor Onderwys en Opleiding (Kennisgewing no. 130 van 1996). *Staatskoerant*, 130:15-23, Feb. 14. (Regulasiekoerant no.16987).

**Suid-Afrika.** 1996b. Leerders: verteenwoordigende rade van leerders. Suid-Afrikaanse Skolewetsontwerp. (Regulasiekoerant no.17579). Pretoria: Staatsdrukker. p. 9.

**Suid-Afrika.** 1996c. Suis-Afrikaanse Skolewet, no.84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker. p.11.

**Suid-Afrika.** 1996d. KwaZulu-Natal onderwysdepartement, regulasies rakende leerlingorganisasies in openbare skole. Skool onderwyswet nr. 3 van 1996. (Regulasiekoerant no.17579). p.2-6.

**Suid-Afrika.** 1996e. Besprekingsdokument: die daarstel van 'n gedragskode vir leelinge (Gauteng Onderwysdepartement). Pretoria: Kagiso. p.1-3.

**Suid-Afrika.** 1996f. Gauteng Onderwysdepartement: tender vir 'n skoolbeheer opleidingsprogram. Pretoria: Staatsdrukker. p. 2,7.

**Suid-Afrika.** 1997a. Gauteng Onderwysdepartement, kantoor van die skoolbestuursprogramme: geskiedkundige oorsig van leerlingverteen-woordiging in Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker. p.1-4.

**Suid-Afrika.** 1997b. Gauteng Onderwysdepartement, kantoor van die skoolbestuursprogramme: rol en verantwoordelikhede van die onderwyser-skakelbeampte in 'n skool, rakende VLR-sake. Pretoria: Staatsdrukker.

**Suid-Afrika.** 1997c. Gauteng Onderwysdepartement, kantoor van die skoolbestuursprogramme: take en verantwoordelikhede van die ampsdraers van die VLR. Pretoria: Staatsdrukker. p.1-4.

**Suid-Afrika.** 1997d. Gauteng Onderwysdepartement. Kennisgewing van riglyne rakende die daarstel, verkiesing en funksie van verteenwoordigende leerlingrade: minimum vereistes vir 'n konstitusie en staande orders vir 'n VLR. (Kennisgewing no. 1059 van 1997). *Provinsiale koerant*, 3:4-5. (Regulasiekoerant no. 343).

**Suid-Afrika.** 1997e. Gauteng Onderwysdepartement. Beginsels vir die bestuur van verteenwoordigende leerlingrade. Pretoria: Staatsdrukker.

**Theunissen, J.M.** 1985. 'n Model vir die opleiding van leerlingleiers in sekondêre skole. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.)

**TOD**
**kyk**
**Transvaal Onderwysdepartement**

**Transvaal Onderwysdepartement.** 1990. Leerlingleiers in die sekondêre skool as vennote en belangrike bondgenote van ouers en onderwysers (met besondere klem op identifisering, verkiesing en opleiding). Vakkomitee vir jeugaangeleenthede: Studiegids 4. Pretoria. p. 9-12.

**Treslan, D.L.** 1983. A mechanism for involving students in decision-making: a critical issue in educational planning and administration. *The clearing house*, 57(3):124-131, Nov.

**Tsipane, L.** 1997. Mondelinge mededeling aan outeur op 10 April. Johannesburg.

**Unterhalter, E., Wolpe, H., Botha, T., Badat, S., Dlamini, T. & Khotseng, B.** 1991. Action research on the transformation of teaching for pupil's education. (*In* Unterhalter, E. *et al.* Apartheid education and popular struggles. Johannesburg: Ravan Press. p. 163.)

**Van Asbeck, F.M.** 1949. The universal declaration of human rights and its predecessors, 1679-1948. Leiden: Brill.

**Van Bueren, G.** 1992. Autonomy and the child: the international educational right of the child. *Social education*, 56(4):214, Apr/May.

**Van Deventer, H.** 1997. Telefoniese gesprek gevoer op 28 April. Uitvoerende voorsitter van Fedsas.

**Van der Merwe, N.J.** 1976. Die identifisering van leierskapsmoontlikhede by leerlinge in die sekondêre skool. Pretoria: UNISA. (Verhandeling - M.Ed.)

**Van der Westhuizen, P.C., *red.*** 1995. Onderwysbestuurstake. (*In* Van der Westhuizen, P.C., *red.* Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria: Kagiso. p. 54,139-246.)

**Van Wyk, C.** 1992. Die belangrikheid van deelnemende besluitneming in die moderne skool. *Educare,* 21(1) & 21(2):137-143.

**Venter, F.** 1997. Telefoniese gesprek gevoer op 30 Januarie. Departement Privaatreg. PU vir CHO.

**Wachholz, P.B.** 1994. Making sense of reform: the role of students in educational change. *English journal*, 83(7):80-82, Nov.

**Weintraub, R.** 1984. Meaningful participation in an effective school: students, parents and teachers run their own micro-society. *Equity and choice*, 1(1):31-36, Fall.

# BYLAAG A

# ONDERHOUDE

## DIE STRUKTUUR EN FUNKSIONERING VAN VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRADE IN SEKONDÊRE SKOLE

**Vraag 1**

Daar bestaan onduidelikheid ten opsigte van die taak van die VLR. Wat is u beskouing oor die bestuurstaak van die VLR met betrekking tot beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening?

**Vraag 2**

Spreek u mening uit oor die volgende aspekte oor die funksionering van die VLR:

- Watter belangegroepe van die skool word verteenwoordig op die VLR?
- Beskik die belangegroepe oor vetomag ten opsigte van die verkiesing van die VLR?
- Hoeveel outonomie besit die VLR?
- Bestaan daar enige opleidingsprogramme vir die VLR?
- Omskryf die taak van die VLR?
- Omskryf die taak van die uitvoerende komitee op die VLR?

**Vraag 3**

Wat is u mening oor die aanspreeklikheid van die VLR en sy lede?

**Vraag 4**


Bestaan daar enige starutêre riglyne vir die volgende aspekte en gee u mening daaromtrent?

- Verkiesingsprosedures van die VLR
- Besluitnemingsbevoegdheid van die VLR
- Handelingsbevoegdheid van die VLR
- Status van die VLR
- Regsbevoegdheid van die VLR
- Dissiplinêre kode en prosedure
- Grieweprosedure vir leerlinge
- Regsposisie van die leerling as deelnemende bestuurslid
- Ontbinding van die VLR


**BYLAAG B**

# NOMINATION PROCEDURE

## A CANDIDATE MAY BE NOMINATED IN 2 WAYS



**BYLAAG C**


ELECTION
VOTING
THERE MUST BE A QUORUM OF AT LEAST 15% OF ELIGIBLE VOTERS
EXIT
COUNTING
SPOILT PAPER
SPOILT PAPER
SPOILT PAPER
BALLOT PAPER
MHLO, Sibusi 1.
NAIDOO, Sophia 2.
VAN VUUREN, Ed 3.
ZIMKILE, Zanile 4